

Uitdagings wat vaders beleef in hulle verhouding met hul leergestremde kind

N van Dyk
23309288

Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die graad *Magister Artium* in *Psigologie* aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Dr CC Reynolds
Medestudieleier: Dr HB Grobler

November 2014

VERKLARING

1. Hiermee verklaar ek dat "*Uitdagings wat vaders beleef in hulle verhouding met hul leergestremde kind*" my eie werk is.

2. Ek het die Harvard-metode gebruik vir verwysings in die teks en bronnelys om erkenning te gee aan die literatuurbronne wat ek benut het.

Studentenommer: 23309288

Handtekening: _____

Datum: 25 April 2014

BEDANKINGS

- My opregte dank aan die volgende persone vir hul hulp en ondersteuning tydens die studie:
- My studieleier, Dr. Coen Reynolds vir sy raad, leiding en geduld tydens die studie.
- My medestudieleier, Dr. Herman Grobler, vir sy hulp en leiding.
- Die vaders wat deelgeneem het aan die studie, vir hul besondere bydraes.
- Marietjie Delport vir die taalversorging van die verhandeling.
- My eggenoot, Sebastiaan, vir jou liefde, opofferings en aanmoediging.
- My familie en skoonouers, vir hul bystand en ondersteuning tydens die studie.
- Die Hemelse Vader, wat die geleentheid vir my gegee het en vir die krag wat gereeld aan my voorsien is, dankie.

OPSOMMING

Doel: Die studie het gepoog om vaders se persepsie en ervaring van uitdagings in hulle verhouding met hul leergestremde kind te verken en te beskryf.

Agtergrond: Leergestremdheid is 'n baie algemene probleem by kinders en is bekend vir die negatiewe effek wat dit op die kind self en op die ouers van die kinders uitoefen. Dit blyk dat 'n leergestremde kind addisionele spanning op die ouers plaas. Hierdie studie fokus alleenlik op die vader van 'n leergestremde kind omrede die meeste studies slegs op die moeder-kind-verhouding fokus, aangesien die moeder as die primêre versorger van die kind beskou word. Die **navorsingsmetode** wat vir hierdie studie gebruik is, was 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp. Die populasie het bestaan uit vaders met leergestremde kinders in die ouderdomsgroep van 13 tot 18 jaar en wat as gevolg van intrinsieke oorsake leergestremd is. Die data is aan die hand van semigestruktureerde onderhoude met vyf vaders, asook met 'n groeps gesprek bekom. Die doel was om die vaders se ervaring van hulle verhouding met hul leergestremde kind te ondersoek, waarna tematiese analises gebruik is om data saam te stel. Die elemente van kwalitatiewe verkennende en beskrywende teorie het as breër raamwerk vir die studie gedien. **Bevindings:** Die vaders het hulle verhouding met hul leergestremde kind as baie frustrerend beskryf en gesê dat hulle ook nie 'n goeie verhouding met hul kind het nie. Gevoelens van teleurstelling het primêr betrekking op die onvoldoende verwagtinge wat die vaders vir hulle kind koester. Hulle gevoel dat hulle geen ondersteuning van die skole en van die breër gemeenskap ontvang nie, het ook tot 'n negatiewe ervaring met die leergestremde kind gelei.

TREFWOORDE:

- Leergestremde kind
- Vaders
- Verhouding tussen 'n vader en 'n leergestremde kind
- Vaders se ervaring
- Sisteemteorie

ABSTRACT

Goal: The present study is aimed at the exploration and description of fathers' perceptions and experience of challenges in their relationship with their learning-impaired child. **Background:** Learning impairment is a very common problem in children, and is known to have a negative effect on the child itself and on the parents of these children. Parents with a learning-impaired child experience additional stress. This study focuses only on the father, as most of the current research only focuses on the mother-child relationship, because the mother is seen as the primary caretaker of the child. **Methods:** A qualitative research design was used. The population was fathers with a learning-impaired child in the age group of 13-18 years and with a learning impairment that is caused by intrinsic factors. The data was obtained by semi-structured interviews with five fathers, as well as with a group discussion to determine the fathers' experience of their relationship with their learning-impaired child. A thematic analysis was used to synthesise the data. The elements of qualitative exploratory and explanatory theory served as a broad framework for the study. **Findings:** The fathers described their relationship with their learning-impaired child as experiencing a lot of frustration and not having a good relationship with their child. Feelings of disappointment were primarily related to the unmet expectations that they had for their children. It seemed that the fathers have not yet accepted the learning disability of their children. A sense of no support from the schools and from the broader community has also led to a negative experience with the learning impairment of the child.

Keywords:

- Learning disability
- Fathers
- Relationship between fathers and a learning-impaired child
- Fathers' experience
- Systems theory

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

HOOFSTUK 1. INLEIDING EN BEPLANNING VAN DIE STUDIE	1
1.1 INLEIDING	1
1.2 ORIËNTERING EN MOTIVERING VIR DIE STUDIE	1
1.3 DOEL VAN NAVORSING	5
1.4 LITERATUURSTUDIE	6
1.5 METODE VAN ONDERSOEK	6
1.6 KEUSE EN STRUKTUUR VAN NAVORSINGSVERSLAG	8
1.7 SAMEVATTING	8
HOOFSTUK 2. VADERS EN HUL VERHOUDING MET HUL LEERGESTREMDE KIND - 'N KONSEPTUELE RAAMWERK	9
2.1 INLEIDING	9
2.2 KONSEPTUALISERING VAN DIE BEGRIP LEERGESTREMDHEID	9
2.3 IMPAK VAN 'N LEERGESTREMDE KIND OP DIE GESIN	14
2.4 DIE VADER EN SY LEERGESTREMDE KIND	15
2.4.1 Die verhouding tussen die vader en sy leergestremde kind	15
2.4.2 Die reaksie op die diagnose van 'n kind as leergestremd	17
2.4.3 Die uitdagings om by die leergestremde kind betrokke te wees	18
2.5 SISTEEMTEORIE	20
2.5.1 Oop en geslote sisteme	21
2.5.2 Subsisteme	21
2.5.3 Grense	22
2.5.4 Stabiliteit en verandering in sisteme	23
2.5.5 Gesinsisteem – Die bio-ekologiese model	23
2.6 SAMEVATTING	26
HOOFSTUK 3. NAVORSINGSMETODOLOGIE	27
3.1 INLEIDING	27
3.2 LITERATUUROORSIG	27

3.3 NAVORSINGSBENADERING EN –ONTWERP	28
3.4 NAVORSINGSPROSEDURE	30
3.5 POPULASIE EN STEEKPROEFNEMING	32
3.5.1 Populasie	32
3.5.2 Steekproefneming	32
3.5.3 Seleksie van deelnemers	33
3.6 DATA-INSAMELING	35
3.7 DATA-ANALISERING	38
3.7.1 Vertroudheid met die data	38
3.7.2 Kodering van data	39
3.7.3 Bepalings en hersiening van temas en subtemas	39
3.7.4 Skryf van die navorsingsverslag	40
3.8 ETIESE KWESSIES	40
3.9 VERTROUENSWAARDIGHEID	42
3.10 SAMEVATTING	45
HOOFSTUK 4. NAVORSINGSBEVINDINGE	46
4.1 INLEIDING	46
4.2 BESPREKING VAN NAVORSINGSBEVINDINGE EN LITERATUURKONTROLE	46
Tabel 4.1 Temas en subtemas	47
4.3 Tema 1: VADERS SE INTERAKSIE MET HUL LEERGESTREMDE KIND	48
4.3.1 Subtema: Vaders beleef hartseer in hul interaksie met hul leergestremde kind	48
4.3.2 Subtema: Vaders beleef konflik in hul interaksie met hul leergestremde kind	49
4.3.3 Subtema: Vaders beleef teleurstelling in hul interaksie met hul leergestremde kind	50
4.3.4 Subtema: Aanvaarding van die leergestremdheid	52
4.4 Tema 2: TOEGANKLIKHEID VIR DIE LEERGESTREMDE KIND	53
4.4.1 Subtema: Werksomstandighede verminder geleenthede vir betrokkenheid by die leergestremde kind	54
4.4.2 Subtema: Skoolwerk het 'n negatiewe uitwerking op vaderlike	

betrokkenheid	55
4.4.3 Subtema: Vaders beleef die adolessente fase as 'n struikelblok vir betrokkenheid	57
4.4.4 Subtema: Te min buitemuurse en ontspaningsaktiwiteite lei tot belemmering van betrokkenheid	59
4.5 Tema 3: VERANTWOORDELIKHEID TEENOR DIE LEERGESTREMDE KIND	60
4.5.1 Subtema: Die leergestremde kind se loopbaanbeplanning	60
4.5.2 Subtema: Gebrek aan selfstandige funksionering van die leergestremde kind	62
4.6 Tema 4: GEBREK AAN ONDERSTEUNING MET BETREKING TOT DIE LEERGESTREMDE KIND	64
4.6.1 Subtema: Gebrekkige ondersteuning deur professionele persone	64
4.6.2 Subtema: Gebrekkige skoolsisteem	65
4.7 Tema 5: INVLOED VAN DIE LEERGESTREMDE KIND OP GESINSVERHOUDINGE	67
4.7.1 Subtema: Huweliksverhouding	68
4.7.2 Subtema: Verhouding tussen sibbes	69
4.8 SAMEVATTING	70
HOOFTUK 5. GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	72
5.1 INLEIDING	72
5.2 GEVOLGTREKKINGS AANGAANDE DIE DOEL VAN DIE STUDIE	72
5.3 GEVOLGTREKKINGS MET VERWYSING NA DIE UITDAGINGS	73
5.3.1 Vaders se interaksie met hul leergestremde kind	73
5.3.2 Toeganklikheid vir die leergestremde kind	74
5.3.3 Verantwoordelikheid teenoor die leergestremde kind	75
5.3.4 Gebrek aan ondersteuning met betrekking tot die leergestremde kind	76
5.3.5 Invloed van die leergestremde kind op gesinsverhoudinge	77
5.4 AANBEVELINGS	78
5.4.1 Vaders se interaksie met hul leergestremde kind	78
5.4.2 Toeganklikheid vir die leergestremde kind	78
5.4.3 Verantwoordelikheid teenoor die leergestremde kind	79

5.4.4 Gebrek aan ondersteuning met betrekking tot die leergestremde kind	80
5.4.5 Invloed van die leergestremde kind op gesinsverhoudinge	80
5.5 LEEMTES IN DIE STUDIE	81
5.6 AANBEVELINGS VIR STUDIES IN DIE TOEKOMS	81
5.7 SAMEVATTING	81
BRONNELYS	83
BYLAES	98
BYLAAG A: Toestemming van Edu-Plus skool	98
BYLAAG B: Toestemmingsbrief vir die individuele onderhoude	99
BYLAAG C: Individuele onderhoud vrae	102
BYLAAG D: Toestemmingsbrief vir die groeps gesprek	105
BYLAAG E: Toestemmingsvorm vir die groeps gesprek	107
BYLAAG F: Groeps gesprek vrae	108
BYLAAG G: Getranskribeerde onderhoud	110
LYS VAN TABELLE	
Tabel 4.1 Temas en subtemas	47
LYS VAN FIGURE	
Figuur 1.1 Die bio-ekologiese model	24

HOOFSTUK 1

INLEIDING EN BEPLANNING VAN DIE STUDIE

1.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk dien as inleiding tot die beplanning van die studie. Daar word aandag gegee aan die oriëntering van die probleem wat nagevors word en wat ook as die motivering vir die studie dien. Die navorser bespreek dan kortliks die navorsingsmetodologie wat gevolg word, aangesien die metodologie volledig in Hoofstuk 3 bespreek word.

1.2 ORIËTERING EN MOTIVERING VIR DIE STUDIE

Die leergestremde kind word beskou as iemand wat dit moeilik vind om te leer. Hierdie leerprobleem kom voor as gevolg van neurologiese oorsake wat intrinsiek plaasgevind het, soos genetiese faktore wat bestaan, 'n premature geboorte, of as gevolg van fetale alkoholsindroom (Dednam, 2011:399). Die leergestremdheid is permanent en geen herstel is moontlik nie (Rawal, 2010:5).

Die leergestremde kind se vermoë om inligting te stoor, te prosesseer, of om inligting te produseer, verskil van dié van 'n kind wat nie leergestremd is nie. Dit veroorsaak dat die kind leerinperkinge (*learning impairments*) op die terrein van taal, wiskunde, lees en skryf ervaar (Dednam, 2011:404; Nicholl & Stordy, 2002:4). 'n Leergestremde kind ervaar ook inperkinge ten opsigte van gedrag, sosiale en emosionele vaardighede, wat onder andere hiperaktiewe en impulsiewe gedrag tot gevolg het. Hierdie swak sosiale vaardighede lei daartoe dat hulle hulself van hulle portuurgroep isoleer en dan geneig is om meer depressief te raak as 'n kind wat nie leergestremd is nie (Rawal, 2010:15; Waber, 2010:6).

Vervolgens hou die inperkinge se invloed op sosiale vaardighede verband met die feit dat hierdie kinders sukkel om op konstruktiewe wyse aan hul emosies uiting te gee, hulself te kalmteer, en ander mense se nieverbale taal te verstaan (Nicholl & Stordy, 2002:17). Dit veroorsaak dat 'n leergestremde kind dikwels 'n lae selfbeeld ontwikkel en hulself isoleer (Nicholl & Stordy, 2002:6; Waber, 2010:6). Heward (2009:4) het bevind dat ongeveer 75% van kinders met leergestremdhede se sosiale vaardighede swak ontwikkel is. Dit kan tot verwerping deur hulle portuurgroep, asook

tot minder positiewe interaksie met onderwysers lei. Hierdie kinders sukkel gewoonlik om vriende te maak en is daarom dikwels eensaam (Heward, 2009:4).

Ouers speel 'n onvervangbare rol in die lewens van hul kinders, en die ouer-kind-verhouding het 'n groot invloed op 'n kind se fisieke, geestelike en emosionele welstand (Louw, Louw & Van Ede, 2005:314). Dit is belangrik dat ouers hul kinders se sosiale en emosionele welstand bevorder, aangesien dit bepaal hoe kinders oor hulself dink en voel. Sosiale en emosionele welstand impliseer ook dat kinders aanpasbaar behoort te wees om daaglikse uitdagings te kan hanteer (Farrel, Humphrey, Kalambouka, Lendrum, Lennie & Wigelsworth, 2010:32).

Hamilton en Redmond (2010:7) beklemtoon 'n holistiese benadering tot welstand, en volgens Joyce en Sills (2010:27) behels sosiale en emosionele welstand dat 'n persoon altyd in kontak met ander mense en die omgewing om hulle is en nooit in isolasie funksioneer nie. Kinders ontwikkel dus hulle sosiale en emosionele welstand deur interaksie en verhoudings met hul onmiddellike omgewing en die breër sosiale samelewing (Hamilton & Redmond, 2010:8-9). Volgens Bacon, Brophy, Mguni, Mulgan en Shandro (2010:42), asook Hamilton en Redmond (2010:10), behoort kinders veilig en versorg in hierdie sosiale omgewing te voel. Die verwagtinge van ouers oor die kind en die kwaliteit van die ouer-kind-verhouding speel hier 'n belangrike rol.

Die uitdagings waarvoor ouers in die postmoderne samelewing te staan kom, beïnvloed ook die sosiale en emosionele welstand van hul kinders. Hierdie uitdagings maak dit soms vir ouers moeilik om suksesvol in hul taak as ouers te wees (Rörich, 2008:10). Sulke uitdagings sluit in dat ouers dikwels voldag moet werk en dat hulle ekonomiese standvastigheid aan die gesin moet bied. Voltydse werk kan meebring dat ouers nie altyd die tyd en energie het om genoegsame aandag aan hulle kinders te gee nie. Dit kan weer tot 'n vervlakking van die emosionele band tussen ouers en kinders lei (Rörich, 2008:10; Swift & Towers, 2006:15). As gevolg van die werksure van ouers en omdat hulle daarom meestal afwesig is, raak dit vir albei ouers wat voldag werk moeiliker om voldoende toesig oor hul kinders te hou (Rörich, 2008:10). Om 'n kind met 'n gestremdheid groot te maak, is 'n groot uitdaging, en die rol van hierdie ouers is op 'n heeltmal ander vlak as dié van ander ouers (Beresford, Rabiee & Sloper, 2007:2; Swift & Towers, 2006:15).

Die uitdagings wat dié ouers, gesinne en die leergestremde kinders kan ervaar, sluit die volgende in: finansiële uitdagings, opspoor van geskikte opvoedkundige instansies vir die spesifieke kind, en groter druk op huwelike. Die versorging van 'n leergestremde kind kan die gesinsfunksionering ten opsigte van aanpasbaarheid en konflikhantering beïnvloed (Duffy & Sperry, 2002:430; Edwards, Higgins, Gray, Kingston & Zmijewski, 2008:33; Sobsey, 2004:62; Swift & Towers, 2006:21). Ouers van 'n leergestremde kind word ook op 'n emosionele vlak uitgedaag, en die ouers voel dikwels skuldig omdat hulle moontlik wonder wat die oorsaak van die leergebrek is (Carpenter, 2002:197; Rörich, 2008:4). Ouerskap is 'n uitdaging en die opvoeding en begeleiding van 'n kind met 'n leergestremdheid stel besondere uitdagings aan die opvoeder.

In hierdie studie word daar spesifiek op die vader-kind-verhouding gefokus, aangesien heelwat navorsing reeds oor die moeder-kind-verhouding gedoen is (Baker-Ericzen, Brookman-Frazee & Stahmer, 2005:45; Carpenter, 2002:198; Gore, 2010:195; Lefebvre, Pelchat & Perreault, 2003:232). Die klem in navorsing het tot dusver hoofsaaklik op moeders geval omdat moeders as die primêre versorgers van die gesin beskou word. Vaders word meestal as sekondêre versorgers beskou (Gore, 2010:195).

Volgens navorsing wat oor vaders se ervaring van hul rol in hul leergestremde kinders se lewens gehandel het, meen die vaders dat daar gewoonlik ondersteuningsdienste vir die kinders en moeders is, maar dat geen spesifieke hulp of ondersteuning vir die vaders beskikbaar is nie (Carpenter, 2002:199; Swift & Towers, 2006:15). Dit blyk dat vaders verskeie uitdagings in hul betrokkenheid by hul leergestremde kind beleef (Gore, 2010:195). Een krisis is dat die vaders nie weet hoe om interaksie met hul gestremde kind te hê nie, hoofsaaklik omdat hulle skuldig voel oor hul kind se leergestremdheid. 'n Ander uitdaging is dat vaders bloot nie tyd het of die moeite doen om interaksie met hul gestremde kind te hê nie (Carpenter, 2002:200). Dit veroorsaak spanning, wat die kind se welstand beïnvloed. Verdere uitdagings sluit die volgende in: finansiële druk; onkunde oor hoe om hul vaderlike rol met hierdie spesifieke kind uit te leef; en kommer oor hul huwelik (Carpenter, 2002:200).

Uit die voorafgaande blyk dit dat daar wel studies oor kinders met leergestremdhede gedoen is. Die studies wat internasionaal en in die Suid-Afrikaanse konteks gedoen is, en wat wel op die vader fokus, konsentreer egter nie uitsluitlik op die verhouding tussen die vader en die leergestremde kind nie.

Om in 'n verhouding tot 'n ander te staan, beteken om 'n verbondenheid en assosiasie met die persoon of die omgewing te hê en by die persoon betrokke te wees (Verklarende Afrikaanse Woordeboek, 2010:480). Volgens Beatty en King (2008:9–11) kan die uitdagings in vaders se verhouding met hul leergestremde kind op drie vlakke geplaas word, naamlik die vader se betrokkenheid by aktiwiteite saam met hul kind (interaksie); hul beskikbaarheid vir hul kind (toeganklikheid); en die vader se voorsiening van hulpbronne aan die kind wat finansiële ondersteuning (verantwoordelikheid) insluit (Beatty & King, 2008:9–11). Volgens Allen en Daly (2007:2) behoort die vader-kind-verhouding deur sensitiwiteit, warmte, vriendelikheid, ondersteuning, versorging, liefde, bemoediging, vertroosting en aanvaarding gekenmerk te word. Verder word 'n sterk, veilige band tussen vader en kind as een van die belangrike fasette van 'n vader-kind-verhouding beskou. Volgens Gore (2010:197) het 'n vader se betrokkenheid positiewe uitkomst tot gevolg, naamlik beter verhoudings met portuurgroepe, minder gedragsprobleme, minder kriminele aktiwiteite, minder alkohol- en dwelmmisbruik, 'n beter selfbeeld, beter skoolprestasies, beter probleemoplossingsvaardighede, beter emosionele ontwikkeling, beter beheer oor optrede en 'n groter lewensvreugde. Dit word in die werk van Barnes (2008:11), en Beatty en King (2008:9) bevestig.

Die navorser het in die beplanning van hierdie navorsing telefoniese onderhoude gevoer met twee vaders wat elkeen 'n leergestremde kind in 'n privaat skool vir leergestremdes in Pretoria het. Die doel van die onderhoude was om voorlopig vas te stel of vaders wel uitdagings in hulle verhouding met hul leergestremde kind ervaar.

Uit hierdie onderhoude het dit geblyk dat die verhouding tussen die vaders en hulle leergestremde kind inderdaad ander uitdagings aan die vaders stel, wat ook met die literatuur hierbo ooreenstem. Die betrokke vaders het byvoorbeeld die volgende twee uitdagings geïdentifiseer: eerstens is daar 'n gebrek aan stabiliteit in hul verhouding met hul leergestremde kind (daar is gereelde konflik tussen die vaders

en die leergestremde kind, omdat die vaders nie verstaan hoe die kind funksioneer nie), en tweedens bied die skole nie leiding en ondersteuning aan die vaders van 'n leergestremde kind nie. Hierdie bevindinge word deur Kotze en Van Wyk (2012) ondersteun. Dit blyk dus hieruit dat vaders waarskynlik uitdagings beleef in hul verhouding met hul leergestremde kinders.

'n Gesin word beskou as 'n interaktiewe, interafhanklike sisteem waarin die individuele lede mekaar onderling beïnvloed. Die navorser gebruik dus die sisteembenadering, omdat die gesin as 'n sisteem beskou word en 'n sisteem holisties beskou moet word, en nie in isolasie nie. Dit kom daarop neer dat iets wat een lid van die gesin beïnvloed, al die ander lede van die gesin en dus die gesin as geheel kan beïnvloed (Coertzer, 2005:3; Schoeman, 2007:4). Die gesin waarin 'n leergestremde kind funksioneer, word as 'n interaktiewe, interafhanklike gesinsisteem beskou. Die kind word as 'n subsisteem beskou wat die gesin as sisteem beïnvloed, omdat hierdie sisteem holisties funksioneer. 'n Swak verhouding tussen die vader en leergestremde kind kan dus die hele gesinsisteem beïnvloed.

Na aanleiding van voorafgaande bespreking blyk dit dat vaders 'n belangrike rol in kinders se lewens, en spesifiek in die lewens van 'n leergestremde kind, speel. Volgens die sisteembenadering kan die lede van 'n gesin nie in isolasie funksioneer nie, en daarom kan aanvaar word dat die opvoeding van 'n leergestremde kind sekere uitdagings vir die lede van die gesin, en die vader in besonder, sal meebring.

Die navorsingsvraag word vanuit die probleemformulering gestel. Volgens Delport en Strydom (2011:384) word die formulering van 'n spesifieke vraag wat oor die onderwerp handel as die navorsingsvraag gesien. Die navorsingsvraag moet ondersoekend en verkennend van aard teenoor die fenomeen wees. Ten einde die probleemstelling te beantwoord, kan die volgende navorsingsvraag gevra word:

Hoe beleef vaders die uitdagings in hulle verhouding met hul leergestremde kind?

1.3 DOEL VAN NAVORSING

Volgens De Vos en Fouché (2011:89) is die doel die breër konsep van wat die navorser beplan om te doen of om te bereik. Die doel van hierdie navorsing was om die uitdagings wat vaders in hul verhouding met hul leergestremde kind beleef, deur middel van kwalitatiewe navorsing te verken en te beskryf.

1.4 LITERATUURSTUDIE

'n Literatuurstudie is eerstens onderneem om bestaande inligting oor die onderwerp te verkry en deeglik na te gaan. Nasionale en internasionale wetenskaplike bronne is gebruik. Verskeie databasisse, soos EBSCO HOST, Psych Lit, Proquest, Google Scholar, Nexus en SAePublications, is gebruik om relevante artikels tussen 2001 en 2013 te identifiseer.

In die literatuuroorsig is daar gefokus op:

- Die leergestremde kind
- Die verhouding tussen die vader en die leergestremde kind
- Die uitdagings van die vaders of ouers met 'n leergestremde kind
- Vaderlike betrokkenheid en die belangrikheid van ouer-kind-verhoudings.

1.5 METODE VAN ONDERSOEK

Die navorsingsprosedure en werkwyse wat vir die studie gevolg is, word die navorsingsmetodologie genoem. Kwalitatiewe navorsing is gedoen, aangesien die ondersoek verkennend en beskrywend van aard was (Bless, Higson-Smith & Sithole, 2013:88). So 'n tipe ondersoek leen homself tot die doel van hierdie studie, naamlik om die uitdagings wat vaders in hulle verhouding met hul leergestremde kind beleef, te verken en te beskryf.

Die navorsingspopulasie van die studie het bestaan uit vaders met 'n leergestremde kind wat in die Pretoria-omgewing woon, en wat bereid was om vrywillig aan die navorsingsprojek deel te neem. Die navorser het 'n **doelbewuste steekproef** gebruik, omdat daar net op spesifieke deelnemers gefokus is wat 'n bydrae tot die studie kon lewer (Delpont & Strydom, 2011:115). Die kriteria vir insluiting het uit die volgende bestaan: **Ouderdom:** Die deelnemers moes vaders wees, ongeag hulle ouderdom, met 'n skoolgaande leergestremde kind wat in die ouderdomsgroep 13 tot 18 jaar val; **Demografiese area:** Die deelnemers moes vaders wees van 'n leergestremde kind in die ouderdomsgroep 13 tot 18 jaar wat by 'n privaat skool vir leergestremde kinders in Pretoria onderrig word; **Taal:** Afrikaans- en/of Engelssprekend.

Die navorser het net die kinders in die ouderomsgroep van 13 tot 18 jaar ingesluit omdat die privaat skool wat gebruik is om deelnemers te kry 'n beperkte getal kinders in die skool het. Die skool se kinders val hoofsaaklik in die ouderomsgroep 13 tot 18 jaar. Die navorser het net vaders gebruik wie se kinders deur 'n mediese dokter en opvoedkundige sielkundige geëvalueer is. Die kind moes 'n leergestremdheid hê en leerinperkings op die terreine van taal, wiskunde, lees en skryf ervaar wat deur neurologiese oorsake veroorsaak word. Die skool het die navorser gehelp om die kinders te identifiseer.

Ten einde die uitdagings wat die vaders in hulle verhouding met hul leergestremde kind beleef, te kan verken en beskryf, is 'n kwalitatiewe verkennende en beskrywende navorsingsontwerp gevolg. Die verkennende navorsingsontwerp word gevolg as 'n onderwerp ondersoek wil word sodat 'n beter begrip van die onderwerp ontwikkel kan word (Babbie, 2010:123; Leedy & Ormod, 2005:94-97). Die beskrywende navorsingsontwerp word gevolg as die navorser die hoe en waarom van die onderwerp wil beantwoord, of die onderwerp verder in diepte wil beskryf (Babbie, 2010:123; De Vos & Fouché, 2011:96). Die navorser het dus 'n kwalitatiewe verkennende en beskrywende navorsingsontwerp gebruik sodat die uitdagings wat die vaders in hulle verhouding beleef, verken en beskryf kon word.

Die data is deur middel van semigestruktureerde onderhoude en 'n groeps gesprek bekom. Die navorser het op semigestruktureerde onderhoude besluit omdat dit die volgende voordele vir die studie bied: eerstens verseker dit 'n gedetailleerde prentjie van die vaders se uitdagings in hul verhouding met hul leergestremde kind – meer as wat 'n ongestruktureerde onderhoud sou bied (Greeff, 2011:351). Tweedens voorsien dit meer buigsaamheid om interessante gedagtes wat tydens die onderhoud na vore kan kom, verder te ondersoek. Gestruktureerde onderhoude laat die navorser nie toe om gedagtes of temas wat tydens die onderhoude na vore kom verder te ondersoek nie, maar semigestruktureerde onderhoude laat dit wel toe. Die navorser het na die semigestruktureerde onderhoude 'n groeps gesprek gevoer met die vaders wat bereidwillig was ten einde die data te verifieer en te trianguleer (Merriam, 2009:215-216). Die navorser het die data aan die hand van Braun en Clarke (2006:87-93) se stappe vir data-analise verwerk en dit gebruik om orde, struktuur en betekenis aan die rou of onverwerkte data te gee. Die navorser het die volgende vier kriteria gebruik om die vertrouenswaardigheid van die studie te bewys,

naamlik: geloofwaardigheid, oordraagbaarheid, vertroubaarheid en bevestigbaarheid.

Al die bogenoemde aspekte ten opsigte van die navorsingsmetodologie, asook die etiese aspekte soos ingeligte toestemming, vertroulikheid en uitskakeling van moontlike skade en risiko, word volledig in Hoofstuk 3 omskryf.

1.6 KEUSE EN STRUKTUUR VAN NAVORSINGSVERSLAG

Die navorsingverslag word in die formaat van 'n verhandeling aangebied. Die verhandeling word aan die hand van die volgende struktuur aangebied:

- Hoofstuk 1 – Inleiding en beplanning van die studie
- Hoofstuk 2 – Vaders en hul verhouding met hul leergestremde kind – 'n konseptuele raamwerk
- Hoofstuk 3 – Navorsingsmetodologie
- Hoofstuk 4 – Bespreking van die navorsingsbevindinge
- Hoofstuk 5 – Gevolgtrekkings en aanbevelings

1.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk fokus op die motivering van die studie, die formulering van die probleem wat nagevors is, asook die metodologie wat tydens die studie gebruik is. In Hoofstuk 2 word na die bestaande literatuur ten opsigte van die navorsingsonderwerp gekyk. Dit behels die volgende: die term leergestremdheid word bespreek, sowel as die impak van 'n leergestremde kind op die gesin, die vader en sy leergestremde kind, en laastens geniet die gesinsisteemteorie aandag.

HOOFSTUK 2

VADERS EN HUL VERHOUDING MET HUL LEERGESTREMDE KIND – 'N KONSEPTUELE RAAMWERK

2.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om eerstens 'n oorsig van die term leergestremdheid te gee. Verder word daar aan die impak van die leergestremde kind op die gesin aandag gegee. Daar word gekyk na die leergestremde kind in terme van die verhouding tussen die vader en die leergestremde kind om die moontlike uitdagings wat beleef kan word, in perspektief te sien. Die hoofstuk word afgesluit met die sisteemteorie wat as teoretiese begroning dien. Dit het ten doel om die impak wat die leergestremde kind op die gesinsverhoudinge het, asook op die verhouding tussen vader en kind (met leerinperking), in perspektief te stel.

2.2 KONSEPTUALISERING VAN DIE BEGRIP LEERGESTREMDHEID

Die term leergestremdheid (*learning disability*) verwys na 'n kind wat as gevolg van neurologiese oorsake dit moeilik vind om te leer. Goldberg, Glutting, McDermott, Stanley en Watkins (2006:230) sluit hierby aan wanneer hulle leergestremdheid toeskryf aan 'n neurologiese oorsaak wat 'n invloed het op die kind of leerder se vermoë om inligting te stoor, te proses, of te produseer. Laasgenoemde veroorsaak 'n diskontinuiteit tussen die leerder se akademiese vermoëns en prestasies, wat dan akademiese, gedrags-, sosiale en emosionele inperkinge tot gevolg het. Volgens Dednam (2005:364) en Kline en Lerner (2006:7) word leergestremdheid beskou as 'n algemene term wat na 'n heterogenetiese groep van neurologiese versteurings in die psigologiese prosesse van die brein verwys en wat in leerinperkinge (*learning impairments*) met betrekking tot taal, wiskunde, lees en skryf manifesteer (Dednam, 2005:364). Volgens Dednam (2011:402) ervaar die leergestremde kind ook inperkinge ten opsigte van gedrag, en sosiale en emosionele vaardighede. Rawal (2010:5) toon aan dat hierdie inperkinge permanent van aard is en dat geen herstel moontlik is nie.

Daar word vervolgens aan die oorsake van leergestremdheid en die gevolge daarvan in terme van leerinperkinge aandag gegee. Dit is van belang om die oorsake van die

leergestremdheid en die leerinperkinge as gevolg daarvan meer volledig te bespreek om 'n beter holistiese begrip van die terme leergestremdheid en leerinperkinge te kry.

Die **oorsake van leergestremdheid** volgens Dednam (2011:402) kan intrinsiek van aard wees, byvoorbeeld wanneer daar wanfunksionering in die sentrale senuweestelsel plaasvind. Die oorsake kan egter ook ekstrinsiek van aard wees, wat permanente intrinsieke inperkinge in die brein veroorsaak. Die omgewingsfaktore waaraan minderbevoorregtes blootgestel is en kindermishandeling is voorbeelde van sulke oorsake. Al die onderstaande oorsake het 'n neurologiese uitwerking op die leerder se vermoë om te kan leer en word gesien as faktore wat die ontwikkeling van die brein voor en tydens geboorte kan beïnvloed.

- **Genetiese oorsake** (intrinsiek)

Volgens Wang (2004:25) en Rörich (2008:25) speel genetiese faktore wel 'n rol in leergestremdheid by kinders. Daar kan soms 'n verskil wees tussen die ouer se leergestremdheid en die kind se leergestremdheid (Rawal, 2010:21). Volgens Wang (2004:25) sal 'n kind met die geen Neurofibromatose Tipe 1 (NF-1) 'n groter neiging toon om leergestremd te wees. Dié geen kan 'n invloed op die kind se funksionering hê, en aspekte soos lees en skryf beïnvloed. Dit het 'n direkte impak op die kind se prestasie vermoë by die skool.

- **Teratogeniese oorsake** (intrinsiek)

Dwelm- en alkoholmisbruik word direk na die fetus oorgedra en kan 'n vernietigende effek op die fetus se breinontwikkeling hê (Heward, 2009:193; Rawal, 2010:23). Enige alkoholgebruik tydens swangerskap kan moontlik die kind se ontwikkeling beïnvloed en tot probleme met leer, aandag, geheue en probleemoplossing (Rawal, 2010:24) lei. Dwelmmisbruik is 'n moontlike oorsaak van reseptorskade, wat die normale ontwikkeling van breinreseptors beïnvloed (Rawal, 2010:24).

- **Mediese oorsake** (intrinsiek)

Premature geboorte is 'n moontlike faktor wat 'n invloed op breinontwikkeling het en dus 'n moontlike leergestremdheid tot gevolg kan hê. Moontlike faktore soos 'n suurstoftekort, wat die grootste faktor is in die vernietiging van breinselle wat nie

herstel kan word nie, kan 'n invloed op breinontwikkeling hê (Dednam, 2011:402; Rawal, 2010:20).

- **Agteruitgang van en skade aan die sentrale senuweestelsel** (ekstrinsiek)

Dit is faktore wat permanente intrinsieke inperkinge in die brein veroorsaak, soos skade aan die brein na geboorte as gevolg van kopbeserings wat deur ongelukke, kindermishandeling of deur siektes soos langdurige hoë koors en vergiftiging veroorsaak word (Dednam, 2011:402).

- **Omgewingsfaktore** (ekstrinsiek)

Omgewingsfaktore is wel ekstrinsiek van aard, maar die effek kan intrinsieke faktore tot gevolg hê wat nie herstel kan word nie. Voedseltekorte in minderbevoorregte omgewings kan tot voedingstekorte lei. Hierdie sogenaamde voedingstekorte, soos 'n gebrek aan proteïene en ander voedsame voedsel, kan biochemiese veranderinge in die brein veroorsaak wat die normale ontwikkeling van die brein op 'n vroeë ouderdom kan beïnvloed (Dednam, 2011:402). Dit is wel interessant dat Dednam (2005:364) minderbevoorregte omgewings en ekonomiese faktore uitsluit as 'n moontlike oorsaak van leergestremdheid. Rawal (2010:10) meen dat leergestremdheid nie deur faktore in minderbevoorregte omgewings veroorsaak kan word nie.

Die oorsake waarna verwys word, behels dat leergestremdheid deur neurologiese oorsake veroorsaak word en daartoe lei dat leerinperkinge ervaar word. Leerinperkinge word hieronder bespreek.

Uit bogenoemde redes is dit duidelik dat die oorsake 'n neurologiese impak op die breinontwikkeling van leerders het. Dit bring mee dat die volgende **leerinperkinge** geïdentifiseer kan word by die leergestremde kind wat inperkinge op akademiese, gedrag, sosiale en emosionele vlakke ervaar (Dednam, 2011:402). Die inperkinge van 'n leergestremde kind, kan in die volgende afdelings ingedeel word:

- **Akademiese inperkinge**

Daar is 'n verskil tussen leerders se potensiaal en hul akademiese prestasies, wat dan aandui dat daar moontlike inperkinge in hul akademiese prestasies is. **Taalontwikkeling** is 'n tipiese inperking wat 'n leergestremde kind kan ondervind. Die leerders vind **skryf, spelling en lees** moeilik, hul identifisering van woorde en

leesbegrip is swak. Die leerder sal 'n woord onthou wanneer hulle dit lees of skryf, maar sal dit die volgende dag nie kan onthou nie. Hulle spelling is swak en hulle maak foute met letters en woorde. Die inligting wat hulle met die skryf van 'n opstel deurgee, is onsamehangend. Hulle vind dit moeilik om nuwe woorde aan te leer en te onthou, wat dan ook daartoe lei dat hulle woordeskat beperk is (Dednam, 2011:403).

Laastens toon 'n kind wat 'n inperking met lees ervaar die onvermoë om abstrak te dink en die leergestremde kind se logiese denke word daardeur beïnvloed (Feifer, 2011:27; Rawal, 2010:56). Die leerders vind wiskunde in die algemeen moeilik. As gevolg van genetiese kwesbaarheid of 'n tekort in die domein-algemene vermoëns soos visueel-ruimtelike geheue toon die kind 'n onvermoë om wiskunde te verstaan as gevolg van 'n verswakking van of 'n disfunksie in sekere dele van die brein wat by wiskundige kognisie betrokke is (Rawal, 2010:81).

- **Gedragsinperkinge**

Volgens Forness (2005:317) en Rörich (2008:27) openbaar leergestremde kinders die volgende tipiese gedragsprobleme, naamlik om impulsief na persone te slaan en gryp, voorwerpe te gooi, en om op 'n onvanpaste manier luidrugtig te wees. Verder gaan dit met woedeaanvalle gepaard as die kinders nie hulle sin kry nie en die woedeaanvalle sal skielik en sonder enige rede plaasvind. Die leergestremde kind kan ook hardkoppig wees, wat toegeskryf kan word aan die kind se beperkte redenasievermoë. Die leergestremde kind sukkel dikwels ook om in te skakel by 'n vaste struktuur soos 'n klassituasie, waar daar van dié kinders vereis word om stil te sit en te werk (Forness, 2005:317; Rörich, 2008:27). Die leerders vind dit moeilik om hul eie gedrag te reguleer, wat weer met sosiale persepsie en interaksie verband hou (Dednam, 2011:402; Forness, 2005:318).

Amerongen en Mishna (2004:39) verduidelik dat daar 'n verwantskap tussen taal- en gedragsinperkinge is. Taal speel 'n belangrike rol om 'n persoon se gedrag en emosies te beheer, byvoorbeeld om emosies te verwoord en situasies te beskryf (Cohen, 2002:66). 'n Taalinperking kan inmeng in die proses van selfspraak en dus 'n uitwerking hê op die ontwikkeling van selfbeheer, wat vervolgens hoogs waarskynlik impulsiewe gedrag verhoog. Wanneer kinders nie in staat is om hulself verstaanbaar te maak nie en beperkte taalvermoëns het, tree probleme in en is hulle geneig om

gefrustreerd te raak en by konfliktsituasies betrokke te raak (Amerongen & Mishna, 2004:40).

Hierdie spesifieke gedrag wat by leergestremde kinders voorkom, kan daartoe lei dat ouers hulpeloos en skaam kan voel. Om hierdie rede glo ouers dikwels dat die kinders se gedrag 'n refleksie op hulle vermoëns as ouers is (Amerongen & Mishna, 2004:42). Dit kan moontlik 'n invloed hê op die ouers se negatiewe gevoel teenoor die leergestremde kind. Die taalnperkinge kan hierdie kinders se verhoudingslewe beïnvloed omdat dit vir mense onaangenaam is om die gedragsprobleme te hanteer. Verder word bogenoemde gedrag in die samelewing as onaanvaarbaar beskou. Die gedragsprobleme kan moontlik as 'n uitdaging in die verhouding tussen die vader en die leergestremde kind gesien word.

- **Inperkinge met betrekking tot sosiale verhoudings**

'n Algemene kenmerk van kinders met 'n leergestremdheid is dat hulle dit moeilik vind om suksesvolle sosiale verhoudings te handhaaf (Gresham, McCurdy, Noel, Van der Wood, Watson & Witt, 2003:53; Rörich, 2008:27). Hierdie spesifieke kinders se inperkinge het 'n negatiewe invloed op hoe hul interaksie met hul portuurgroep, asook met volwassenes, toon. Dit kan weer veroorsaak dat hulle nie aanvaar word nie. Resultate van die studie wat deur Yan, Yu en Zhang (2005:329) gedoen is, noem dat kinders met leergestremdhede hoër vlakke van eensaamheid en laer vlakke van aanvaarding deur die portuurgroep beleef as kinders wat nie leergestremd is nie. Yan *et al.* (2005:329) het in die studie tot die gevolgtrekking gekom dat gedragsprobleme en onvoldoende vlakke van sosiale vaardighede daartoe kan lei dat leergestremde kinders meer deur hulle portuurgroep verwerp word.

- **Emosionele inperkinge**

Leergestremde kinders ervaar dikwels probleme in hulle sosiale verhoudings omdat hulle dit moeilik vind om nieverbale taal te "lees" en subtiele sosiale wagwoorde soos gesigsuitdrukkinge, gebare en humor te verstaan (Hayman-Abello, Petti, Shore & Voelker, 2003:24). Hierdie onvermoë van die leergestremde kind kan daartoe lei dat konfliktsituasies met hulle portuurgroep asook met die gesinslede, wat die vader insluit, kan ontstaan (Gresham *et al.* 2003:54). Die emosionele probleme soos eensaamheid, die neiging om baie skaam te wees, en die neiging tot depressie, wat

dikwels deur die gevoel van mislukking en swak sosiale aanvaarding veroorsaak word, kan verder tot die probleem bydra. Barnes (2008:82) verwys daarna dat die inperkinge 'n betekenisvolle impak kan hê op 'n leerder se vermoë om in 'n klassituasie te presteer.

Vanuit bogenoemde inperkinge kan afgelei word dat die akademiese, gedrags-, sosiale en emosionele inperkinge wat die leergestremde kind ervaar 'n negatiewe invloed op die verhouding van die vader en leergestremde kind kan hê. Die verskillende inperkinge wat beleef word, kan moontlik stremming op die verhouding plaas. Die rede hiervoor kan wees dat die samelewing verwag dat sosiale en emosionele gedrag onder beheer moet wees. Die negatiewe invloed van swak gedrag kan tot 'n uitdaging in die spesifieke verhouding lei.

Vervolgens word daar op die verhouding in die gesin, asook dié van die vader en die leergestremde kind, gefokus.

2.3 IMPAK VAN 'N LEERGESTREMDE KIND OP DIE GESIN

Die gesin funksioneer as 'n eenheid en in 'n eenheid of sisteem beïnvloed alle aspekte mekaar. Dit is dus belangrik om kennis te neem van alles wat mekaar moontlik kan beïnvloed. Ouers tree as versorgers, beskermers en opvoeders teenoor die kind op. 'n Goeie gesinsverhouding is nodig omdat die ouer-kind-verhouding 'n invloed op die kind se fisieke, geestelike en emosionele welstand het (Schoeman, 2007:4). Dit is belangrik dat ouers hul kinders se sosiale en emosionele welstand bevorder, aangesien dit bepaal hoe kinders oor hulself dink en voel (Schoeman, 2007:4). Sosiale en emosionele welstand impliseer ook dat die kind aanpasbaar behoort te wees om daaglikse uitdagings te kan hanteer (Farrel *et al.* 2010:32). 'n Gesin en die gesinsverhouding word beskou as 'n interaktiewe, interafhanklike sisteem waarin die individuele lede mekaar onderling beïnvloed. Enigiets wat een lid van die gesin beïnvloed, kan ook al die ander lede van die gesin, en dus die gesin as geheel, beïnvloed (Coertzer, 2005:3; Schoeman, 2007:4).

'n Kind met 'n leergestremdheid affekteer gesinsfunksionering, wat weer 'n moontlike invloed op die leergestremde kind se ontwikkeling het (Dyson, 2008:8). Gesinsfunksionering kan negatief geraak word deurdat stressors soos finansiële uitdagings groter druk op huwelike plaas, en ouers gereelde konflik met 'n

leergestremde kind in die huishouding kan beleef (Duffy & Sperry, 2002:430; Edwards *et al.* 2008:33; Sobsey, 2004:62; Swift & Towers, 2006:21). Volgens Dyson (2008:8) ervaar ouers van 'n leergestremde kind meer angstigheid, omrede die ouers gekonfronteer word met probleme in die gesin rondom minder kohesie tussen die gesinslede, minder kommunikasie en meer konflik. Die gesin ervaar konflik omdat daar aanpassings met die hantering van die leergestremde kind gemaak moet word.

Dit blyk dus dat die leergestremde kind wel 'n impak op die gesin het. Leergestremde kinders kan egter moontlik self negatief geraak word omrede hulle beleef dat hulle die oorsaak van die spanning en konflik in die gesin is, wat weer skuldgevoelens by die kinders kan laat ontstaan (Duffy & Sperry, 2002:430). Leergestremde kinders kan in 'n stadium beseft dat hul ouers baie meer tyd en energie aan hulle spandeer as wat aan die sibbes spandeer word. Die meeste tyd wat aan hulle spandeer word, is gewoonlik om hulp te verleen met leer, huiswerk doen of om hulle na doktersafsprake te neem. Skuldgevoelens kan moontlik ook ontstaan deurdat hulle beseft dat die konflik in die huis voortdurend oor die leergestremde kind self gaan (Duffy & Sperry, 2002:430).

Die impak wat die leergestremde kind op die gesin kan hê, kan moontlik vir die vader uitdagings skep in sy verhouding met sy leergestremde kind. Hierdie verhouding word vervolgens bespreek.

2.4 DIE VADER EN SY LEERGESTREMDE KIND

Daar word vervolgens aandag geskenk aan die verhouding tussen die vader en sy leergestremde kind, die vader se reaksie op die diagnose van sy kind as leergestremd, en die vader se betrokkenheid by die kind.

2.4.1 Die verhouding tussen die vader en sy leergestremde kind

Daar bestaan heelwat literatuur wat handel oor en klem lê op die moeder en die leergestremde kind omdat die moeders as die primêre versorger van die gesin beskou word (Baker-Ericzen *et al.* 2005:6; Carpenter, 2002:198; Gore, 2010:195; Lefebvre *et al.* 2003:232). Daar word soms na die vaders as die "skaduwee"-ouer verwys (Lamb, 2010:485). Hulle voel dikwels asof hulle oorgesien word, en dit gebeur maklik. Literatuur wat oor die vader en die leergestremde kind handel is beperk (Lamb, 2010:486). Die onderstaande bespreking handel oor die verhouding tussen die vader

en die kind en word dan ook vir die doeleindes van hierdie studie van toepassing gemaak op die vader en die leergestremde kind se algemene verhouding.

'n Verhouding tussen twee mense impliseer interaksie wat 'n vlak van wederkerigheid behels. Hiermee word bedoel dat 'n verhouding na wederkerige bindingskwaliteite tussen twee mense verwys, soos dié tussen 'n vader en 'n kind (Anderson, Becker, Lutz, Pridham & Riesch, 2009:259). Hierdie bindingskwaliteite behels onder andere die emosionele verbintenis van die vader teenoor sy (leergestremde) kind en die soeke na sekuriteit van die kind teenoor die vader. Volgens Anderson *et al.* (2009:260) bestaan die verhouding tussen 'n vader en sy kind uit onder andere die volgende bindingskwaliteite:

- 'n operatiewe sisteem van gedrag met 'n spesifieke doel, soos om met die kind te speel, aan die kind leiding te gee en die kind te vertroetel;
- funksionele verantwoordelikheid van die vader in die gedragsisteem, soos voorsiening van versorging en beskerming in die kind se soeke na sekuriteit;
- interpersoonlike kwaliteite soos gevoelens van sensitiwiteit, warmte en aangenaamheid tussen vader en kind;
- die teenwoordigheid van die vader, wat by die kind sekuriteit in die verhouding skep.

Die studies wat deur Lamb en Lewis (2003:215) gedoen is, dui aan dat vaders meer unieke bydraes tot die kind se welstand lewer as wat die moeder doen (Coyl-Shephard & Hanlon, 2013:260). Daar is 'n verskil tussen die moeder en die vader ten opsigte van die styl **van binding**. Alhoewel **beide bindingstyle** vir die kind nodig is, verleen die moeder meer didaktiese en versorgingsinteraksies, waarmee moederlike liefde en sensitiwiteit geassosieer word, terwyl die vader meer fisiese, stimulerende en onvoorspelbare interaksie met die kind toon, wat risikoneming bevorder. Die vader gebruik ook minder objekte in die interaksie met die kind, en die vader se emosies is meer verbaal as dié van die moeder (Paquette, 2004:205). Vaders bring unieke bydraes tot die ouer-kind-verhouding en boonop bevorder dit 'n positiewe vader-kind-verhouding (Honing & Keller, 2004:337).

2.4.2 Die reaksie op die diagnosering van 'n kind as leergestremd

In hierdie studie val die fokus op die vader en daarom is dit belangrik om die algemene reaksie op die diagnosering van die kind as leergestremd te verstaan. Dit kan van belang wees, aangesien die vader se reaksie van die moeder se reaksie kan verskil. Hierdie verskil in reaksie vanaf die vader se kant kan 'n invloed op die verhouding tussen die vaders en hul leergestremde kind hê. So kan die fases van rou, soos deur die bekende Kübler-Ross voorgestel word, 'n reaksie wees op die inligting wat die ouers oor hulle kind se leergestremdheid ontvang. Die ouers beleef 'n verlies omdat hulle toekomsdrome vir die kind nie meer 'n realiteit sal wees nie (Kline & Lerner, 2006:153; Rörich, 2008:30; Shastry & Vranda, 2012:64).

Met die aanhoor van die diagnose beweeg die ouers deur die rouproses, wat soos volg kan verloop: die ouers toon eerstens “skok” wanneer hulle hoor dat hulle kind leergestremd is. Ouers se drome vir hulle kind se toekoms is verlore. Elke ouer koester toekomsdrome vir hulle kind (Rörich, 2008:30), en die ouers moet nou afstand doen van die toekomsdrome omdat hulle besef dat hul kind nie die vermoë het om daardie toekomsdrome te vervul nie (Shastry & Vranda, 2012:64). In die meeste gevalle volg ontkenning na die skok. Die ouers kan skuldgevoelens beleef omdat hulle kan voel dat hulle vir die leergestremdheid van die kind verantwoordelik is. Daarna volg gevoelens van kwaadheid/woede namate die gevoel van ontkenning afneem en die realiteit van die situasie begin insink. In die meeste gevalle word kwaadheid en woede deur hartseer en depressie gevolg. Dit is noodsaaklik vir die ouers om te rou. Die finale fase is wanneer die ouers die kind se leergestremdheid aanvaar (Kline & Lerner, 2006:153; Rörich, 2008:32).

Daar kan egter sekere faktore wees wat daartoe lei dat vaders se reaksie op die diagnosering van die leergestremdheid moontlik van die moeders se reaksie kan verskil (Rörich, 2008:35). Die meeste moeders kom uiteindelik by aanvaarding van die diagnose, terwyl die vaders baie langer neem om dit te bereik, of in sekere gevalle selfs nooit by die punt van aanvaarding uitkom nie (Kline & Lener, 2006:154).

Daar kan 'n verskeidenheid redes wees waarom vaders geneig is om nie die diagnose te wil aanvaar nie. Dit kan die volgende insluit: aangesien die vaders minder by die skool betrokke is, het hulle minder geleenthede om verhoudings met die onderwysers te bou, wat daartoe lei dat die vaders minder kennis dra van hoe

die kind in die skool funksioneer (Rörich, 2008:32). Ouers verskil ook ten opsigte van hul vlak van bekommernis oor die aard en omvang van hul kind se leergestremdheid en oor watter manier die beste is om dit te benader (Duffy & Sperry, 2002:431). Die moeder word as die primêre versorger gesien en is dan meer by die kind betrokke, wat daartoe kan lei dat vaders in die proses van diagnose onbetrokke voel. Dit kan daartoe lei dat die vader se reaksie op die diagnose meer negatief beleef word omdat die vader voel dat sy opinie nie waarde dra nie (Baker-Ericzen *et al.* 2005:6; Gore, 2010:195; Lefebre *et al.* 2003:232). Laastens meen Honig en Keller (2004:344) dat kognitiewe karaktereenskappe soos simptome van onoplettendheid,, hiperaktiwiteit en swak sosiale en emosionele vaardighede wat met die kind se gestremdheid gepaardgaan, daartoe kan lei dat die vaders se reaksie meer ontkenend as die moeder se reaksie is.

2.4.3 Die uitdagings om by die leergestremde kind betrokke te wees

Eerstens is dit van belang om te weet waaruit vaderlike betrokkenheid bestaan en dan te kyk na die uitdagings wat vaders beleef om by hul leergestremde kind betrokke te wees. Volgens Lamb en Tamis-Lemonda (2004:2) word vaderlike betrokkenheid by sy kind rondom drie aspekte beskryf, naamlik **interaksie met, toeganklikheid** vir en **verantwoordelikheid** teenoor die kind. Eerstens verwys interaksie na die direkte kontak wat die vader deur versorging en gedeelde aktiwiteite met die kind het. Tweedens verwys toeganklikheid na die vader se beskikbaarheid vir interaksie met die kind sonder dat direkte interaksie nodig is. Derdens behels verantwoordelikheid die betrokkenheid by take wat met die versorging en die grootmaak van die kind verband hou. Dit behels tipies die reëlings en organisasie sonder dat enige interaksie met die kind nodig is, soos 'n tandartsafspraak (Lamb & Tamis-Lemonda, 2004:2).

Kinders wat beleef dat hulle vaders betrokke is, word gekenmerk deur verhoogde kognitiewe bevoegdheid. Hiermee word bedoel dat hierdie kinders op 'n intellektuele vlak presteer, verhoogde lewensvrede het en minder gedragsprobleme ervaar (Lamb & Tamis-Lemonda, 2004:8). Volgens Allen en Daly (2007:3) word hierdie kinders bevoordeel vanweë die verhoogde kognitiewe bevoegdheid om twee betrokke ouers eerder as net een betrokke ouer te hê. Betrokke vaders stel kinders meer bloot aan situasies waar kinders uitgedaag word. Kinders moet ook gereeld

blootstelling aan situasies kry waar probleemoplossings gevind moet word. Dit lei daartoe dat hulle beter intuïsie en selfgerigtheid toon. Uit die bespreking is dit duidelik dat vaderlike betrokkenheid positiewe uitkomst aan die leergestremde kind, en ook aan enige kind in die algemeen, lewer.

Volgens Gore (2010:195) wil vaders meer by hul leergestremde kind betrokke wees. Dit blyk dat hierdie vaders verskeie uitdagings in hul betrokkenheid by hul leergestremde kind beleef. Die uitdagings wat hulle vaderlike betrokkenheid beïnvloed, kan moontlik die volgende wees: Eerstens weet vaders nie hoe om interaksie met hul leergestremde kinders te bewerkstellig nie. Die verskeie emosies wat die vader kan beleef, soos skuldgevoelens, ontkenning, frustrasie en die verantwoordelikheid wat die vader vir die kind se leergestremdheid voel, kan verhoed dat die vader die gestremdheid aanvaar (Allen & Daly, 2007:3; Shastry & Vranda, 2012:65).

Tweedens kan vaders bloot nie tyd hê of die moeite doen om interaksie met hul leergestremde kinders te hê nie. Die vaders verkies eerder om langer ure te werk om so van die leergestremde kind te ontsnap (Carpenter, 2002:200; Lamb & Tamis-Lemonda, 2004:8; Shastry & Vranda, 2012:65). Vaders kan gevolglik spanning ervaar, wat weer hulle eie welstand beïnvloed. Aspekte wat spanning by die vaders veroorsaak, sluit onder andere die volgende in: finansiële druk, onkunde oor hoe hulle hul vaderlike rol met die leergestremde kinders moet uitleef, en kommer oor hul huwelik. Die gevolg is dan dat die vaders se verhouding met die leergestremde kind negatief beïnvloed word (Carpenter, 2002:200; Shastry & Vranda, 2012:65).

Vanuit die gesinsisteemteorie vind die vader-kind-verhouding plaas binne die gesinsisteem, waar elkeen onderling met mekaar verbind is en mekaar sal beïnvloed. Volgens Shastry en Vranda (2012:65) kan 'n vader-kind-verhouding positiewe uitkomst vir 'n kind lewer. 'n Onbetrokke vader kan dus negatiewe gevolge oordra aan die leergestremde kind self in wat as die mikrosisteem bekend staan. Dit kan deursyfer na die kind se skoolfunksionering, sosiale verhoudinge en die kind se gedrag, wat as die mesosisteem bekend staan. Dit kan verder deursyfer na die kind se geloof- en waardesisteem, wat as die makrosisteem bekend staan. Aangesien al hierdie sisteme deel vorm van die sisteem waarin die kind funksioneer, beïnvloed die een sisteem die ander.

Daar word vervolgens aandag gegee aan sisteemteorie wat as die teoretiese gronding van die studie dien.

2.5 SISTEEMTEORIE

Die sisteemteorie is 'n teorie waar objekte en persone eerder in verhoudings bestudeer word, in plaas daarvan om hulle strategies of in isolasie te bestudeer (Becvar & Becvar, 2013:6). Die begrip "sisteem" kan soos volg gedefinieer word: "A system can be defined as an entity whose parts relate to one another in a pattern" (Aucamp, 2005:43). 'n Gesin word beskou as 'n sisteem, met sy individuele gesinslede wat 'n subsisteem genoem word (Aucamp, 2005:43). Die sisteemteorie vereis dat die totale sisteem van verhoudinge in aanmerking geneem moet word. In die sisteemteorie word daar nie net op 'n individu en individuele probleme in isolasie gefokus nie, maar eerder op die verhoudings en verhoudingsuitkomst tussende individue wat van belang geag word, en kan geen persoon onafhanklik ontleed word nie (Becvar & Becvar, 2013:6).

Om elke persoon in 'n gesin te verstaan, moet die persoon met betrekking tot elke ander lid van die gesin bestudeer word. Indien persone van die gesin afsonderlik van die gesin bestudeer word, word die persoon buite konteks van die gesinsverhoudinge geplaas. Aangesien die komponente van die gesinsisteem as interafhanklik gesien word, kan geen lid van die gesin se gedrag as 'n geïsoleerde eenheid gesien en behandel word nie (Becvar & Becvar, 2013:7; Zilbach, 2003:304). Die leergestremde kind en die vader kan dus nie in isolasie gesien word nie. Albei van hulle moet as deel van die gesin funksioneer. Die gesin word gesien as 'n eenheid waar die lede se interaksie, gedrag en behoeftes nie in isolasie gesien kan word nie. Een lid se probleem, soos die leergestremdheid, kan nie afsonderlik van die gesin verstaan word nie, aangesien die leergestremdheid die gesin as geheel sal beïnvloed. Die navorser moet die vader en die leergestremde kind bestudeer in terme van die sisteem waarin hulle bestaan, naamlik as die gesin en as 'n vader-kind-subsisteem.

Metcalf (2011:5) noem dat die algemene sisteemteorie gedurende die 1940's deur Ludwig van Bertalanffy in samewerking met ander navorsers ontwikkel is. Die bekende "Bowen Family Systems Theory" beskou tereg die sisteemteorie as 'n beskrywing van die totale emosionele lewe van die gesin. Vervolgens word 'n

uiteensetting van enkele uitgangspunte van die sisteemteorie in die algemeen gegee:

2.5.1 Oop en geslote sisteme

Elke sisteem (in hierdie geval 'n gesin) het inligting en kommunikasie van ander sisteme nodig om as 'n sisteem te ontwikkel. Geen sisteem kan in afsondering funksioneer nie (Aucamp, 2005:46). Hepworth, Larsen, Rooney, Rooney en Strom-Gottfried (2010:287) noem dat 'n sisteem oop of geslote kan wees. Die graad van kommunikasie tussen die sisteem met die eksterne sisteme sal bepaal of die sisteem oop of geslote sal wees.

Wanneer daar na 'n oop sisteem verwys word, is dit 'n sisteem wat die vloeï van nuwe inligting toelaat wat van ander sisteme verkry word en dus 'n vryerigting-kommunikasie tussen verskillende sisteme sal skep (Aucamp, 2005:47; Becvar & Becvar, 2013:15; Hepworth *et al.* 2010:240). Vrylike interaksie met die eksterne sisteme, soos die skool en die kerk, word in 'n oop sisteem toegelaat. Binne 'n oop sisteem is die gesinslede meer aanpasbaar in onbekende situasies. Die gesin is interafhanklik en hulle rolle is aanpasbaar. 'n Gesin wat oop is, sal by die leergestremde kind kan aanpas en die nodige verandering meebring.

'n Geslote sisteem word gesien as 'n gesin wat té rigied is en nie buigsaam genoeg is om doeltreffende inligting uit die omgewing te verkry om by veranderings in die omgewing aan te pas nie. Volgens Darling en Seligman (2007:15) moet daar gepoog word om 'n balans tussen openheid en geslotenheid te verkry sodat die gesin sal kan funksioneer.

2.5.2 Substisteme

'n Sisteem bestaan uit verskeie substisteme, met ander woorde die gesin as sisteem bestaan uit sy verskillende gesinslede. Volgens Becvar en Becvar (2013:200) het elke substisteme sy eie identiteit, funksies en patrone van verhoudings. Die volgende drie substisteme word bespreek, naamlik die egpaar-, ouer- en kindersubstisteme.

- **Egpaarsubstisteme**

Die egpaarsubstisteme bestaan wanneer twee persone in die huwelik tree en 'n nuwe gesin vorm. Aucamp (2005:48) is van mening dat aanvaarding, onderhandelinge en

wedersydse aanpassing belangrik is by die vorming van die egpaarsubsisteem. Die egpaarsubsisteem is die kern van die gesinsisteem (Darling & Seligman, 2007:16).

- **Ouersubsisteem**

Die geboorte van 'n kind ontwikkel die ouersubsisteem. Die sukses van die ouersubsisteem word deur wedersydse ondersteuning en aanpassing deur beide ouers bepaal (Aucamp, 2005:49). Die ouersubsisteem bied leiding aan kinders met betrekking tot opvoeding, waardes en norme.

- **Kindersubsisteem**

Die sibbes in 'n gesin en die interaksie tussen die sibbes help 'n kind om sekere lewensvaardighede aan te leer, soos onderhandeling, samewerking, kompetisie en ondersteuning (Aucamp, 2005:49).

2.5.3 Grense

Die doel van grense is om die subsisteem binne die gesinsisteem te verdeel. Dit sal ook as die verdeler tussen die gesin en die omgewing optree. Grense beskerm die individue en die subsisteem teen indringing sodat die sisteem selfstandig kan funksioneer (Becvar & Becvar, 2013:2002). Die grense is aanpasbaar en verandering kan plaasvind namate die sisteem verskillende ontwikkelingsfases betree (Hepworth *et al.* 2010:250).

Grense in die gesin moet duidelik gedefinieer word omdat die grense onderskeid moet tref tussen die lede in die gesin en die rol wat elkeen binne die gesin het. Grense kan oop of geslote wees, en dit sal bepalend wees hoeveel kontak met ander sisteme toegelaat word (Aucamp, 2005:51). Die grense binne 'n subsisteem kan nie te rigied wees nie. Die grense moet wel inligting en kontak vanaf ander sisteme toelaat. Ondeurdringbare grense veroorsaak dat subsisteme van die buitewêreld afgesny word en dan ontvang die lede nie genoegsame blootstelling aan eksplorاسie, onafhanklikheid en probleemoplossingsgeleenthede nie (Hepworth *et al.* 2010:250). Grense in die subsisteem wat nie duidelik is nie, kan tot chaos en gebrek aan stabiliteit in die gesin lei.

2.5.4 Stabiliteit en verandering in sisteme

Bell, Bentovin, Heard en Wilson (2003:56) verduidelik stabiliteit soos volg: “The family system attempts to survive through maintenance of homeostasis, while it also attempts to adapt to cultural changes. The individual gives priority to helping the family achieve this end as well.”

’n Gesinsisteem verander gedurig vanweë die verskillende fases in die lewensiklus van die gesinslede, asook die veranderende eise van die samelewing (Aucamp, 2005:55). Dit is belangrik dat die gesinsisteem ’n balans moet vind om aan die gesin stabiliteit te bied, maar ook blootstelling aan verandering gee omdat beide vir ’n funksionele gesin noodsaaklik is (Bell *et al.* 2003:54). Gesinne moet in staat wees om hul struktuur aan te pas indien veranderde omstandighede dit vereis. Disfunksionele gesinne wat te rigied is, sal nie in staat wees om by verandering aan te pas nie (Bell *et al.* 2003:54).


Die prosesse van stabiliteit (homeostase) en verandering moet gelyktydig plaasvind en nie as teenstrydige prosesse plaasvind nie (Aucamp, 2005:56). As gevolg daarvan dat ’n gesin as ’n sisteem funksioneer, ontwikkel die gesin meganismes om balans en stabiliteit te handhaaf. Die gesin tree selfregulerend op, wat impliseer dat die gesin ’n krisis sal kan hanteer om weer balans te bewerkstellig (Aucamp, 2005:57). Ouers wat verneem dat hul kind leergestremd is, sal by die verandering wat die leergestremdheid in hul gesin na vore bring, kan aanpas. Die gesin sal dan deur hul aanpasbaarheid by verandering na homeostase terugkeer.

Met die uiteensetting van die enkele uitgangspunte van die sisteemteorie wat hierbo gegee is, kan daar vervolgens aandag gegee word aan hoe die gesin en skool by die gemeenskap ingesluit is. Die bio-ekologiese model gee ’n verduideliking van hoe die drie sisteme, naamlik die gesin, skool en gemeenskap, ’n wedersydse invloed op mekaar uitoefen. Verder word gekyk na die groot rol wat die skool in die kind se lewe speel en ’n invloed op die kind se funksionering in die gesin het. Hier volg ’n verduideliking van die bio-ekologiese model.

2.5.5 Gesinsisteem – die bio-ekologiese model

In die sisteemteorie word die gesin as ’n onderlinge verbindingseenheid gesien. Die gesinslede beïnvloed mekaar gedurig onderling en ook op ’n wedersydse manier.

Die gesin as 'n sisteem maak die lede se gedrag en funksionering van mekaar afhanklik, sodat 'n verandering in een persoon se funksionering tot verandering in die funksionering van die res van die lede sal lei (Edwards & McCarthy, 2011:91). Dit is dus belangrik om die interkonneksie te verstaan tussen al die sisteme, wat die gesin, skool en gemeenskap insluit, omdat al drie sisteme mekaar beïnvloed. Dit beklemtoon dat skole die gesin beïnvloed, en gesinne die skole beïnvloed, en dat beide 'n uitwerking het op die gemeenskap waarin hulle woon (Phasha & Swart, 2011:231). Bronfenbrenner het 'n bio-ekologiese model ontwikkel wat help om die interaksie en interkonneksie tussen die individuele persoon en die sisteme rondom die individu te verstaan (Pettipher & Swart, 2011:11). Die model verwys na die mikrosisteem, die mesosisteem en die makrosisteem. Al drie die sisteme vind in die kronosisteem (tyddimensie) plaas. Figuur 1.1 illustreer die ekologiese model:



Figuur 1.1 Die Bio-ekologiese model.

- **Die mikrosisteem**

Die mikrosisteem is die onmiddellike omgewing. Dit is die omgewing waar die kind van die wêreld leer. Dit behels die verhoudings en interaksies wat 'n kind met sy onmiddellike omgewing het. Die verhoudings verwys na dié wat die naaste aan die kind is.

- **Die mesosisteem**

Dié sisteem verwys na die verhouding wat tussen twee of meer van die lede van die mikrosisteem ontwikkel en bestaan. Die gesin, skool en portuurgroep toon interaksie met mekaar, wat elk 'n invloed op die mikrosisteem het. In die mesosisteem vind interaksie tussen die gesin en die kind se skool of portuurgroep plaas. 'n Ervaring in een mikrosisteem, soos interaksie tussen onderwyser en 'n kind in die klas, kan die interaksie met die gesin beïnvloed.

- **Die eksosisteem**

Die eksosisteem verwys na die omgewing waar die kind nie noodwendig direk betrokke is nie, maar waardeur die kind beïnvloed kan word, soos die onderwysstelsel en die ouers se werkplek. Die ouers se spanning wat deur lang werksure beïnvloed word, raak die kind nie noodwendig direk nie, maar kan moontlik die kwaliteit van die ouer se verhouding met die kind en ander mikrosisteme waarby die kind betrokke is, soos die portuurgroep, beïnvloed.

- **Die makrosisteem**

Die sisteem verwys na die verste sisteem in die kind se omgewing – die kulturele waardes en norme en die sosiale en ekonomiese struktuur. Die makrosisteem het 'n invloed op die aard van ons interaksie met al die ander sisteme. As 'n sekere kultuur se waardes is dat ouers alleen verantwoordelik is om hulle kinders groot te maak, sal die kultuur se samelewing geen hulpbronne aan die ouers bied nie.

- **Die kronosisteem**

Dit verwys na die tydsdimensie en hoe dit met die interaksie tussen die sisteme verband hou. Die elemente kan ekstern wees, byvoorbeeld wanneer 'n ouer aan die dood afgestaan word, of intern, soos die fisiologiese veranderinge wat plaasvind namate 'n kind ouer word. Kinders reageer anders op omgewingsveranderinge wanneer hulle ouer word.

Die uitdagings wat die vader ervaar, moet verstaan word in die konteks van die web van verhoudings waarin hulle hulself bevind. Die navorser sal nie die uitdagings wat die vader in sy verhouding met sy leergestremde kind ervaar van die totale gesinsfunksionering kan isoleer nie.

Die vader en sy leergestremde kind kan net binne die groter konteks van die gesin as geheel verstaan word.

2.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die term leergestremdheid verduidelik en word die term leergestremdheid in die konteks van die navorsing gebruik om te verwys na 'n kind wat leergestremd is. Hierdie kinders ervaar leerinperkinge (*learning impairments*) op die gebied van taal, wiskunde, lees en skryf, en ook inperkinge op die gebied van gedrag, en sosiale en emosionele vaardighede. Die leergestremdheid is deur intrinsieke faktore veroorsaak.

Daar is aandag gegee aan die moontlike impak wat 'n leergestremde kind op 'n gesin kan hê. Dit blyk dat gesinne meer konflik, spanning en finansiële uitdagings beleef, wat dan moontlik daartoe kan lei dat die verhouding tussen die vader en die leergestremde kind deur die verhoogde spanning en konflik beïnvloed kan word.

Vervolgens het die vader en die leergestremde kind aandag geniet ten opsigte van die verhouding tussen die vader en sy kind, die vader se reaksie op die diagnose van sy kind as leergestremd, en die vader se uitdagings om by die leergestremde kind betrokke te wees. Uit die besprekings blyk dit dat die vader 'n unieke bydrae tot die ouer-kind-verhouding lewer, en dat die vader as gevolg van die eise wat die leergestremde kind na vore bring, dit moeilik vind om sy bydrae tot sy verhouding met sy leergestremde kind te maak.

Laastens is die gesinsisteemteorie, wat as teoretiese agtergrond dien, bespreek. Die uitgangspunte van die sisteemteorie en hoe die makro-, meso-, mikro- en kronosisteme en die kind mekaar wedersyds beïnvloed, is bespreek. Die sisteemteorie is as teoretiese begroning gebruik omdat dit die geleentheid gee om die interaksie tussen die verskillende verhoudinge te bestudeer en te sien hoe die interafhanklike sisteme mekaar beïnvloed.

In Hoofstuk 3 word die toepassing van die navorsingsmetodologie bespreek.

HOOFSTUK 3

NAVORSINGSMETODOLOGIE

3.1 INLEIDING

In Hoofstuk 1 is die navorsingsmetodologie kortliks bespreek en dit word in hierdie hoofstuk meer volledig bespreek. Daar word dus in hierdie hoofstuk aandag gegee aan die toepassing van die stappe wat tydens die navorsingsproses gevolg is. Dit sluit die navorsingsvoorbereiding en -benadering, insameling van data en data-analise in. Die toepassing van die etiese riglyne en die vertrouenswaardigheid van die navorsing word laastens in hierdie hoofstuk bespreek.

3.2 LITERATUUROORSIG

'n Literatuurstudie vorm deel van die voorbereiding van die studie. Die relevante inligting wat ingesamel is, kan dien as 'n raamwerk waarmee resultate van die navorsing later vergelyk en gekontrasteer word (Cresswell, 2009:27). Die navorser het nasionale en internasionale wetenskaplike bronne geraadpleeg wat op databasisse soos EBSCO HOST, Psych Lit, Google Scholar, Nexus en SaePublications gevind is om relevante artikels te identifiseer. In die literatuuroorsig is daar op die volgende gefokus: die begrip leergestremdheid, die leergestremde kind en die gesin, die verhouding tussen die vader en die leergestremde kind, uitdagings van vaderlike betrokkenheid met 'n leergestremde kind, en die sisteemteorie.

Die literatuurstudie het gedien as 'n teoretiese onderbou waarby die onderwerp van die uitdagings wat vaders in hul verhouding met hul leergestremde kind beleef verder ondersoek en verken kon word.

Die navorsingsvraag vir die studie is soos volg geformuleer: Hoe beleef vaders die uitdagings in hulle verhouding met hul leergestremde kind?

Die sisteemteorie het as die teoretiese begroning vir hierdie studie gedien, omrede die sisteemteorie van die navorser vereis om die totale sisteem van verhoudinge in aanmerking te neem. In die sisteemteorie word daar nie net op 'n individu en individuele probleme in isolasie gefokus nie, maar word die verhoudings en

verhoudingsuitkomst tussen individue eerder as van belang geag (Becvar & Becvar, 2013:6).

Die moontlike uitdagings wat die leergestremde kind na die gesin bring, word binne die gesinsisteam bestudeer omdat die verskillende verhoudinge wat binne die gesin bestaan, beïnvloed word. Die leergestremde kind kan nie op sy eie aandag geniet nie. Om elke persoon in 'n gesin te verstaan, moet die persoon in verhouding met elke ander lid van die gesin bestudeer word. Indien 'n enkele lid van die gesin afsonderlik van die gesin bestudeer word, word die persoon buite konteks van die gesinsverhoudinge geplaas. Aangesien die komponente van die gesinsisteam as interafhanklik beskou word, kan geen lid van die gesin se gedrag as 'n geïsoleerde eenheid gesien en behandel word nie (Aucamp, 2005:43).

Die sisteemteorie het die navorser in staat gestel om die vader en die leergestremde kind elkeen in hul funksionerende geheel te kon navors. Die verskillende sisteme waarin die leergestremde kind funksioneer, naamlik die skool, hul vriende, die gesin en die breër gemeenskap, is deur middel van vrae in die onderhoude betrek. Die moontlike uitdagings wat met die leergestremdheid gepaard gaan, beïnvloed die totale funksionering van die kind en die sisteme waarin die kind funksioneer. Die gedrag, sosiale en emosionele inperkings wat die kinders ervaar, veroorsaak vir hulle uitdagings in al die interaksies van hulle verhoudings in die verskillende sisteme. Om hierdie rede het die sisteemteorie voldoende as teoretiese begroning gedien, omdat die leergestremde kind en die vader in al die sisteme waarin hul funksioneer, bestudeer is.

3.3 NAVORSINGSBENADERING EN -ONTWERP

Die kwalitatiewe navorsingsbenadering is benut omrede die navorser die betekenis van 'n verskynsel uit die ervaring van die deelnemers gesoek het (Creswell, 2009:16; Leedy & Ormod, 2005:94-97). In die geval van hierdie spesifieke studie wou die navorser insig verkry met betrekking tot die uitdagings wat vaders in hul verhouding met hul leergestremde kind beleef. 'n Kwalitatiewe benadering leen homself daartoe om die vaders se uitdagings in hul verhouding met hul leergestremde kind binne sy natuurlike konteks te verstaan en te beskryf, omdat die vaders die uitdagings uit 'n menslike ervaringsoogpunt beskryf (Leedy & Ormod, 2005:95).

Die algemene eienskappe van kwalitatiewe navorsing het die navorser toegelaat om die uitdagings te verstaan en te beskryf wat vaders beleef, omdat die benadering die navorser toegelaat het om die deelnemers se weergawe van hulle belewing of siening van dit wat nagevors word, op te teken (Delpont & Fouché, 2011:64). Kwalitatiewe navorsing verwys na 'n ondersoek van die wie, wat, waar, wanneer of hoe van 'n fenomeen. Die navorser was in staat om meer insig te verkry in die uitdagings omdat deelnemende betrokkenheid en interaksie met die vaders met hierdie benadering moontlik was, byvoorbeeld deur middel van die onderhoude en die groeps gesprek wat gevoer is (Delpont & Fouché, 2011:64).

Ten einde die uitdagings te kon verken wat die vaders in hulle verhouding met hul leergestremde kind beleef, is 'n kwalitatiewe verkennende en beskrywende navorsingsontwerp gevolg. Die verkennende en beskrywende navorsingsontwerp is gevolg sodat 'n beter begrip ontwikkel kon word van die uitdagings wat die vaders beleef (Babbie & Rubin, 2007:123; Leedy & Ormod, 2005: 94-97).

Die studie is verkennend van aard omdat inligting in hierdie area beperk is, en die navorser het gepoog om nuwe insig te verkry oor die uitdagings wat vaders in hul verhouding met hul leergestremde kind beleef. Die navorsing is verder beskrywend van aard sodat insig rondom die uitdagings verdiep kon word (Delpont & Fouché, 2011:65; De Vos & Fouché, 2011:95-96; Gilbert & Miles, 2005:156). Die navorsing se doel was dus om ondersoek in te stel sodat die uitdagings wat vaders beleef in hulle verhouding met hul leergestremde kind verken en beskryf kon word.

Verder wou die navorser ondersoek instel oor die onderwerp omrede nog min navorsing oor vaders en die leergestremde kind gedoen is. Die navorsing wat reeds gedoen is, lê meer klem op die moeder, aangesien die moeder as die primêre versorger gesien word (Baker-Ericzen *et al.* 2005:45; Carpenter, 2002:198; Gore, 2010:195; Lefebvre *et al.* 2003:232). Die navorser het aan die hand van kwalitatiewe navorsing individuele onderhoude en 'n groeps gesprek met die vaders gevoer, wat dit moontlik gemaak het om die vaders se persoonlike ervaring van die uitdagings wat hulle beleef, te verken en te beskryf. Met die vrae wat vooraf geformuleer is, kon die vaders die uitdagings wat hulle ten opsigte van hul leergestremde kind beleef voldoende met die navorser deel.

3.4 NAVORSINGSPROSEDURE

Nadat die interne navorsingspaneel van die Sentrum vir Kinder-, Jeug- en Familiestudies en die navorsingskomitee van die fakulteit Gesondheidswetenskappe van die Noordwes-Universiteit die navorsingsprotokol goedgekeur het, het die navorser om etiese klaring by die etiekkomitee van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Noordwes-Universiteit aansoek gedoen. Die aansoek is goedgekeur onder etieknommer NWU- 0060-12-A1.

Vervolgens is daar 'n vergadering met die skoolhoof van die privaat skool aangevra om toestemming vir navorsing met die leerders van die skool se vaders te verkry. Die skoolhoof het skriftelike toestemming gegee (Bylaag A). Die navorser het die skoolhoof gevra om vaders te identifiseer wie se kinders in die ouderdomsgroep 13 tot 18 jaar is. Die skoolhoof het twee vaders geïdentifiseer en gevra of hulle bereid is om deel te neem. Daar is ook toestemming verkry dat die navorser wel met die vaders kontak maak, sodat die navorser die twee onderhoude telefonies kon voer. Die doel van die onderhoude was om te bepaal of vaders enige uitdagings in hulle verhoudings met hul leergestremde kinders beleef.

'n Verdere doel met die onderhoude was om die struktuur en samestelling van die onderhoudsvrae te toets. Die navorser het die vaders telefonies geskakel om te repondeer oor moontlike uitdagings wat die vaders op 'n daaglikse basis in hul verhouding met hul leergestremde kind beleef. Die navorser het na die telefoonoproep bevind dat vaders met 'n leergestremde kind uitdagings in hul verhouding beleef. Verder is bevind dat die vaders ook beperkte ondersteuning ervaar met die hantering rondom uitdagings in hul verhouding met hul leergestremde kind.

Na afloop van die twee onderhoude het die skoolhoof 'n lys saamgestel van vaders met 'n leergestremde kind wat inperkinge op die gebied van lees-, wiskunde- en skryfvaardighede ondervind. Die navorser het in samewerking met die skoolhoof gekyk in watter ouderdomsgroepe die meeste kinders voorgekom het, ten einde die navorser van hulp te wees rakende die seleksie van vaders. Dit het geblyk dat die meeste kinders in die ouderdomsgroep 13 tot 18 jaar geval het.

Op grond daarvan het die skoolhoof 'n lys van vaders kon saamstel. 'n Totaal van agt vaders (die selektering van die deelnemers word onder 3.5.3 bespreek) is geselekteer. Daar was 'n beperkte hoeveelheid vaders met leergestremde kinders wat by die doelbewuste steekproef van hierdie studie ingepas het omdat daar 'n beperkte hoeveelheid kinders in die skool is. Dit het veroorsaak dat die studie 'n baie klein steekproef gehad het. Dit word verder onder steekproefneming bespreek.

Die skoolhoof het daarna met elkeen van die vaders gepraat en 'n toestemmingsbrief (Bylaag B) aan die vaders gegee. Daarin is onder andere die doel van die navorsing uiteengesit en ook die feit dat die navorser beoog het om individuele onderhoude te voer. Verder is daar ook 'n addisionele toestemmingsbrief en -vorm (Bylaag D en E) gebruik. Hierdie briewe is by die groeps gesprek aan die vaders oorhandig (sien 3.6).

Die vaders kon in die toestemmingsbrief (Bylaag B) sien waaroor die navorsing gaan en wat van hulle verwag word. Die vaders wat bereid was om deel te neem, het die getekende toestemmingsbrief (Bylaag B) aan die skoolhoof terugbesorg. Die skoolhoof het die navorser in kennis gestel dat sy al die briewe ontvang het, sodat die nodige reëlings vir die onderhoude getref kon word. Die skoolhoof het net die besonderhede gegee van die vaders wie se leergestremde kinders deur dokters en sielkundiges geëvalueer en gediagnoseer is. Daar is geen persoonlike besonderhede van die kinders aan die navorser bekend gemaak nie, en die kinders kon nie geïdentifiseer word nie.

Die skoolhoof het net vyf van die agt briewe terugontvang, aangesien drie vaders nie vrywillig aan die navorsing wou deelneem nie. Die navorser het die vyf vaders wat hulle getekende toestemmingsbriewe terugbesorg het, telefonies gekontak. Die navorser het tydens die onderhoude aan elkeen van die deelnemers die toestemmingsbrief (Bylaag B) verduidelik, gevra of hulle alles verstaan wat daarin staan en of hulle dalk vrae oor die brief het. Die navorser kon daarna met die empiriese ondersoek begin.

3.5 POPULASIE EN STEEKPROEFNEMING

3.5.1 Populasie

Die populasie verwys na al die individue wat vir die navorser in die spesifieke studie van belang was (Forzano & Gravetter, 2009:128). Die populasie van die studie het bestaan uit vaders met leergestremde kinders in die ouderdomsgroep 13 tot 18 jaar wat in die Pretoria-omgewing woon en wat bereid was om vrywillig aan die navorsingsprojek deel te neem.

3.5.2 Steekproefneming

'n Doelbewuste steekproef is gebruik omdat die deelnemers spesifieke eienskappe of prosesse getoon het wat met die kriteria van insluiting by die spesifieke studie ooreenstem (Delport & Strydom: 2011:116). Die steekproef van hierdie studie het bestaan uit vaders met 'n skoolgaande leergestremde kind in 'n privaat skool vir leergestremde kinders te Pretoria, en wat in die ooste van Pretoria woonagtig is. Die navorser het vir hierdie studie doelbewus vaders met 'n leergestremde kind gesoek, aangesien daar min studies in die Suid-Afrikaanse konteks gedoen is wat vaders met 'n leergestremde kind betrek.

Die leergestremde kinders is deur 'n mediese dokter en opvoedkundige sielkundige gediagnoseer met 'n leergestremdheid wat leerinperkinge op die terreine van taal, wiskunde, lees en skryf ervaar, en wat deur neurologiese oorsake veroorsaak is. Daar was vyf vaders wat vrywillig deelgeneem het en met wie onderhoude gevoer is. Daar was wel agt potensiële vaders met wie die navorser onderhoude kon voer. Die ander drie vaders wou egter nie vrywillig aan die studie deelneem nie.

Die spesifieke privaat skool is 'n baie klein skool met 'n totaal van 15 leerders. Die skool fokus net op leerders met ouderdomme tussen 12 en 18 jaar. Benewens die agt vaders wat deur die skoolhoof geïdentifiseer is, kon die navorser nie die vaders van die ander leerders betrek nie, omdat daardie kinders se leergestremdheid nie die gevolg van neurologiese oorsake is nie. Die navorser het 'n ander skool ook probeer betrek om 'n groter steekproef te verkry, maar 'n gebrek aan samewerking van die skool se kant af het dit onmoontlik gemaak.

Die vaders wat deel kon wees van die navorsing moes 'n leergestremde kind hê wat aan die volgende kriteria voldoen:

- **Ouderdom:** Die deelnemers moes 'n skoolgaande leergestremde kind hê wat in die ouderdomsgroep 13 tot 18 jaar val. Drie van die leergestremde kinders was 14 jaar oud en twee was 15 jaar oud.
- **Demografiese area:** Die leergestremde kind in die ouderdomsgroep 13 tot 18 jaar moes by 'n privaat skool vir leergestremde kinders in die ooste van Pretoria onderrig word.
- **Taal:** Die leergestremde kind moes Afrikaans of Engels magtig wees, omdat dit die enigste landstale is wat die navorser magtig is. Al vyf die leergestremde kinders was Afrikaanssprekend.
- **Geslag:** Die geslag van die leergestremde kinders kon vroulik of manlik wees. In die studie was daar vier leergestremde seuns en een leergestremde dogter.

3.5.3 Seleksie van deelnemers

Die proses vir die seleksie van deelnemers vir die individuele onderhoude het soos volg verloop:

- **Stap 1: Toestemming van die skoolhoof**
 'n Vergadering is met die skoolhoof gereël sodat toestemming ontvang kon word om navorsing op die leerders se vaders te doen.
- **Stap 2: Toestemmingsbriewe**
 Die skoolhoof het toestemmingsbriewe aan die vaders voorsien en gewag dat dit terugbesorg word.
- **Stap 3: Ontvang van die toestemmingsbriewe**
 Getekende toestemmingsbriewe is van vaders ontvang nadat hulle toestemming gegee het dat hulle name bekend gemaak mag word en dat die

navorser hulle mag kontak. Die navorser het die lys by die skoolhoof ontvang sodat die vaders gekontak kon word.

- **Stap 4: Telefoniese kontak**

Die vaders is gekontak om 'n tyd en datum vir 'n individuele onderhoud te reël. Die verloop van die onderhoud is kortliks aan die vaders verduidelik.

Die proses van selektering vir deelname aan die groeps gesprek het soos volg verloop:

- **Stap 1: Na die individuele onderhoude**

Na die voltooiing van die individuele onderhoude en die data-analise van data wat verkry is, het die navorser besef dat 'n opvolg groeps gesprek met die vaders nodig sou wees vir verifiëring van reeds ingesamelde data en die stel van sekere opvolgvrae.

- **Stap 2: Telefoniese kontak**

Die navorser het elkeen van die vyf vaders gekontak om te hoor of die vaders bereid sou wees om aan 'n groeps gesprek deel te neem. Daar was twee van die vyf vaders wat nie bereid was om aan die groeps gesprek deel te neem nie. Die rede wat verskaf is, was werks- en studieverpligtinge.

- **Stap 3: Reëlings vir datum en tyd**

Na 'n paar oproepe is daar op 'n datum en tyd ooreengekom. Tydens die oproepe is gereël dat die groeps gesprek by Lux Mundi Nederduits Gereformeerde Gemeente in Garsfontein sou plaasvind. Die groeps gesprek is egter gekanselleer omdat een vader 'n dringende werksverpligting gehad het.

- **Stap 4: Reëlings vir datum en 'n tyd na die uitstel**

Die navorser het na 'n paar oproepe weer probeer om 'n datum en tyd vir die groeps gesprek te reël. Daar is besluit op 'n datum en tyd wat almal gepas het. Die navorser het aan elke vader 'n SMS gestuur om hulle aan die groeps gesprek te herinner.

- **Stap 5: Groepsgesprek**

Die groepsgesprek het plaasgevind.

3.6 DATA-INSAMELING

Kwalitatiewe onderhoude bied die geleentheid vir die navorser om die deelnemer se wêreld en belewenis te betree, en die betekenis van die deelnemers se ervarings beter te verstaan (Greeff, 2011:252). Met die aanvang van elke onderhoud was daar vir elke vader koeldrank beskikbaar. Die navorser het elke onderhoud begin deur die toestemmingsbrief weer deur te gaan. Die navorser het dan tyd bestee om elke vader op hul gemak te laat voel deur met hulle oor algemene sake te gesels.

Die vrae is vooraf uitgewerk, met moontlike opvolgvrae. Die navorser het elke vraag aan die vader gestel en hom geleentheid gegee om daarop te antwoord. Die navorser het ook indringende vrae (*probing*) toegepas deur meer op onduidelike antwoorde wat die vaders gegee het uit te brei (Given, 2008:250). Die navorser het byvoorbeeld gevra: "Vertel my meer van".

Ten einde 'n betekenisvolle en samehangende begrip van die vaders se belewenis van hulle leergestremde kind te ontwikkel, is daar van semigestruktureerde onderhoude gebruik gemaak. Die doel van die semigestruktureerde onderhoude was om data in te samel wat met die vaders se belewenis van hulle verhouding met hul leergestremde kind verband hou. Daar was slegs vyf van die agt potensiële vaders wat vrywillig aan die studie wou deelneem.

Die navorser het binne elke onderhoud versadiging bereik, die vaders het geen nuwe inligting binne die onderhoude gegee nie. Hierdie onderhoude het plaasgevind by die Lux Mundi Nederduits Gereformeerde gemeente in Garsfontein in 'n lokaal wat deur die gemeente vir die doeleindes van hierdie navorsing beskikbaar gestel is.

Die navorser het op semigestruktureerde onderhoude besluit omdat dit sou help om op die doeltreffendste manier inligting oor die onderwerp van die vaders te ontvang. Dit het:

- a) 'n gedetailleerde prentjie van die vaders se uitdagings in hul verhouding met hul leergestremde kind gebied. Omdat die navorser die deelnemers as

deskundiges oor die onderwerp sien, is toegelaat dat die deelnemers hul eie ervaring kon vertel op elke vraag wat aan hulle gestel is; en

- b) voorsiening gemaak vir buigsaamheid om interessante gedagtes verder te eksploreer wat tydens die onderhoud na vore getree het.

Die navorser het tydens die onderhoude by van die deelnemers die geleentheid gehad om aspekte wat die deelnemers genoem het in meer besonderhede te ondersoek. Indien die navorser nog meer inligting wou hê of as iets onduidelik was, het die navorser verdere vrae (*probing*) aan die vaders gestel (De Jong, Monette & Sullivan, 2005:242).

Die navorser het vanuit die staanspoor van geformuleerde vrae gebruik gemaak om die individuele onderhoude met die vaders te voer (Bylaag C). Die vrae is binne konteks van die navorsingsdoel en navorsingsvraag geformuleer. Binne die konteks van die navorsingsvraag is vrae geformuleer wat betrekking gehad het op die deelnemers se belewenis van hul verhouding met hul kind, byvoorbeeld watter uitdagings hul kind aan hulle stel, hul belewing van die uitdagings, die invloed op die gesinsverhoudinge, watter voorstelle hulle aan vaders kan gee met betrekking tot die uitdagings wat 'n leergestremde kind kan hê.

Die navorser het tydens die onderhoude van 'n bandopnemer gebruik gemaak sodat volle aandag aan die deelnemers gegee kon word. Die navorser het na afloop van die onderhoude elke onderhoud getranskribeer. Die opnames het dit vir die navorser moontlik gemaak om meer as een keer na die onderhoude te luister en ook daarna terug te keer as iets onduidelik was.

Die groepsgesprek het die navorser die geleentheid gegee om inligting wat tydens die individuele onderhoude deurgegee is, te kon opvolg, of om meer inligting te kry waar die inligting onduidelik was. Die ander doel van die groepsgesprek was om te verifieer (met die oog op triangulering van die data) wat tydens die individuele onderhoude na vore getree het. Die groepsgesprek het net bestaan uit drie van die vyf vaders wat aan die individuele onderhoude deelgeneem het. Twee van die vaders kon as gevolg van werks- en studieverpligtinge nie aan die groepsgesprek deelneem nie.

Die groeps gesprek het by dieselfde plek plaasgevind as waar die individuele onderhoud plaasgevind het. Die groeps gesprek het 90 minute geduur – dit het genoeg tyd gegee om deur al die vrae te werk. Die groeps gesprek het begin deur koeldrank en eetgoed vir die vaders aan te bied. Die navorser het vir elke vader gevra om te vertel wat hul belangstellings en wat hul beroep is. Dit het as 'n ysbreker gedien. Die navorser het vir elke vader 'n toestemmingsbrief en vorm gegee (Bylaag D en E). Die navorser het albei dokumente verduidelik en gevra of daar enige vrae was. Die navorser het veral daarop klem gelê dat die vorm wat die vaders teken hulle verplig om alle inligting wat tydens die groeps gesprek bespreek is, nie met ander mense te deel nie. Elke vader het daarna albei dokumente geteken.

Die navorser het vanuit die staanspoor van geformuleerde vrae gebruik gemaak om die groeps gesprek met die vaders te voer (Bylaag F). Die vrae is vasgestel binne konteks van die navorsingsdoel en binne die temas wat uit die data van die individuele onderhoud geïdentifiseer is. Die navorser het die vrae só geformuleer dat dit beskrywende data kon bied (Merriam, 2009:99). Die navorser het elke keer voor 'n vraag 'n stelling gemaak wat vanuit die data van die individuele onderhoud geformuleer is. Die navorser het na elke stelling aan die vaders gevra of hulle saamstem. Die vraag is daarna gevra, waarna elke vader die geleentheid gekry het om die vraag vanuit sy eie ervaring te beantwoord.

Die vrae is deur middel van verdere vrae (*probing*) verken. Dit het ook die geleentheid gebied om die deelnemers aan te moedig om meer op 'n vraag of 'n stelling uit te brei. Die navorser het die deelnemers deurlopend aangemoedig om aan die gesprek deel te neem, soos deur Merriam (2009:31) aanbeveel word. Die navorser het die groeps gesprek gefasiliteer sodat daar wedersydse kommunikasie tussen die deelnemers en die fasiliteerder plaasgevind het (Greeff, 2011:361). Die navorser het in beheer van die groeps gesprek gebly ten einde te verseker dat een deelnemer nie die groeps gesprek oorheers nie. Minder spraaksame deelnemers is doelbewus by die groeps gesprek betrek deur direk hulle mening oor 'n saak te vra. Die navorser was vriendelik met die deelnemers en het van toepaslike humor gebruik gemaak, en het werklik in die vaders belang gestel, soos deur Greeff (2011:368) aanbeveel word.

Die navorser het tydens die groeps gesprek van 'n bandopnemer gebruik gemaak, sodat dit moontlik was om alle aandag by die deelnemers te hou. Die opname het dit vir die navorser moontlik gemaak om meer as een keer na die onderhoude te luister en ook daarna terug te keer as iets onduidelik was.

Die geldigheid van die studie word vervolgens deur triangulasie verseker (Creswell, 2009:191; Merriam, 2009:216). Veelvoudige metodes van data-insameling, naamlik individuele onderhoude, groeps gesprek en literatuurkontrole, is benut om triangulasie te verseker. Die navorser vind meer vertroue in die uitslae van die studie indien data van verskillende bronne tot die dieselfde gevolgtrekking kom (Nieuwenhuis, 2007:113).

3.7 DATA-ANALISERING

Volgens Nieuwenhuis (2007:119) is data-analise die proses waar versameling, verwerking, analise en verslaglewering ineengevleg is. In hierdie studie het die navorser gebruik gemaak van die proses wat Braun en Clarke (2006:88-93) voorstel om die data van die individuele onderhoude en van die groeps gesprek te analiseer.

3.7.1 Vertroudheid met die data

Na afloop van die individuele onderhoude het die navorser die teks herlees om dit goed te kon verstaan. Elke onderhoud is daarna getranskribeer. Die navorser het dit self gedoen om sodoende meer vertrouwd te raak met die inhoud (Braun & Clarke, 2006:88; Nieuwenhuis, 2007:104). Die data is in tabelle opgeteken met die navorser se vraag, die deelnemers se reaksie, kodes en aantekeninge.

Die navorser het na afloop van die groeps gesprek herhaaldelik na die bandopname geluister om sodoende met die inhoud vertrouwd te raak. Gedurende die herhaalde luister na die bandopname kon die navorser al begin om sekere temas te identifiseer en aan te teken. Die navorser het die bandopname gestop sodat die tyd neergeskryf kon word wat as 'n "merker" gedien het ten opsigte van moontlike temas wat geïdentifiseer is. Die navorser het 'n tabel opgetrek met die navorser se vraag en die deelnemer se reaksie. Met die oog op die bespreking van die bevindinge van die navorsing het die navorser die tabel van die individuele onderhoude ook byderhand gehou om te sien waar ooreenstemmings is.

3.7.2 Kodering van data

Tydens die paar keer se deurlees van die data het betekenisvolle eenhede uit die data na vore gekom (Cresswell, 2009:169; Nieuwenhuis, 2007:105). Kodes genaamd induktiewe kodes (Braun & Clarke, 2006:83; Nieuwenhuis, 2007:105) het dus uit die data ontwikkel. Die kodewoorde is saamgegroeper as data wat van belang is (Nieuwenhuis, 2007:105).

Vir die groeps gesprek het die navorser in 'n tabelformaat stellings of aanhalings neergeskryf wat direk vanaf die bandopname van die groeps gesprek aangeteken is. Die navorser het ook by elke stelling of aanhaling neergeskryf watter deelnemer dit was, byvoorbeeld vader nommer 1 (V1). Nadat al die antwoorde vir die vrae van die groeps gesprek in kort beskrywende stellings gerangskik is, het die navorser die onverwerkte data van die groeps gesprek deurgaans met die data van individuele onderhoude vergelyk. Die navorser het dieselfde temas gebruik as by die individuele onderhoude en die subtemas geïdentifiseer wat vanuit die groeps gesprek na vore getree het. Die navorser het data van die groeps gesprek gebruik om data van die individuele onderhoude aan te vul en te verifieer.

3.7.3 Bepalings en hersiening van temas en subtemas

Al die data is sistematies deurgewerk en aandag is aan elke data-item gegee sodat aspekte geïdentifiseer kon word. Die aspekte het die basis van herhalende temas gevorm (Braun & Clarke, 2006:89; Cresswell, 2009:186). Die navorser het subtemas geskep nadat alle kodes wat verband hou met mekaar, saamgevoeg is (Braun & Clarke, 2006:89; Cresswell, 2009:189; Nieuwenhuis, 2007:109). Die navorser het die temas en subtemas bepaal en in tabelvorm neergeskryf (Braun & Clarke, 2006:82). Die navorser het die temas en subtemas hersien en verfyn, omdat sekere temas nie genoeg data gehad het om dit te ondersteun nie (Braun & Clarke, 2006:91). 'n Finale besluit oor die subtemas is met die hulp van die studieleier geneem.

Die navorser het die groeps gesprek se tabel vergelyk met die tabel wat in die individuele onderhoude saamgestel is om te sien waar die data mekaar kon aanvul.

3.7.4 Skryf van die navorsingsverslag

Al die data wat by sekere subtemas pas, is vir gebruik in die navorsingsverslag ingesamel (Braun & Clarke, 2006:93). Die data is geskryf met direkte aanhalings en literatuurkontrole wat die temas en subtemas van die data staaf.

Temas en subtemas word volledig in Hoofstuk 4 bespreek. Aanhalings uit die individuele onderhoude en die groeps gesprek lig die betekenis van die subtemas uit.

3.8 ETIESE KWESSIES

Die volgende etiese aspekte, soos beskryf deur Maree en Van der Westhuizen (2007:238–245) en Delpont en Strydom (2011:113–132), het tydens hierdie navorsingsprojek aandag geniet:

- **Ingelig oor skriftelike toestemming**

Die vaders se reg op privaatheid is deurgaans gerespekteer deurdat die navorser eerstens deur middel van die skoolhoof toegang tot die deelnemers gekry het en daar gereël is dat die navorser die potensiële deelnemers telefonies sou kontak. Elke deelnemer het tot hul deelname in die studie ingestem en dit is deur die ondertekening van die toestemmingsbriewe bevestig. Die navorser het met die aanvang van die onderhoud weereens die deelnemers volledig oor die doel en die prosedure van die studie ingelig. Die navorser het ook met die aanvang van die onderhoude die deelnemers in kennis gestel dat alle gesprekke op band vasgelê sou word. Tydens die groeps gesprek het elke vader 'n toestemmingsbrief en toestemmingsvorm geteken om hul vrywillige deelname aan te dui.

- **Vertroulikheid**

Vertroulikheid verwys na die vertroulike hantering van die inligting (Delpont & Strydom, 2011:61). Die navorser het alle vertroulike inligting vertroulik hanteer deur geen deelnemer se naam bekend te maak nie. Slegs die navorser het toegang gehad tot al die data, wat elektronies op 'n geheuestokkie gestoor is, en wat in die navorser se lessenaarlaai in die studeerkamer toegesluit is. Die bandopnemer is ook in die lessenaarlaai toegesluit.

Die navorser het verder vertroulikheid verseker deur tydens die groeps gesprek aan die deelnemers 'n vorm te gee wat onderteken moes word met die doel dat niemand inligting uit die groep bekend sou maak nie. Die vertroulikheid is verder verseker deurdat die deelnemers se name nie op onderhoudskedules en transkripsies aangebring is nie, maar daar eerder na die "deelnemer" of na "die vader" verwys is. Na afloop van die projek sal die data veilig by die Sentrum vir Kinder-, Jeug- en Familiestudies (NWU) gestoor word en na 'n tydperk van sewe jaar vernietig word.

- **Anonimiteit**

Volgens Babbie (2010:64) verwys anonimiteit daarna dat niemand 'n respons van 'n deelnemer aan 'n spesifieke deelnemer sal kan koppel nie. Die navorser het in die studie anonimiteit verseker deur die deelnemers se name in die transkribering met kodes te vervang, byvoorbeeld deur na die vaders as die deelnemers te verwys. Die onderhoude is gevoer by die Lux Mundi Nederduits Gereformeerde gemeente in Garsfontein, Pretoria-Oos, wat nie naby die skool geleë is nie. Dit het verseker dat niemand die deelnemers kon identifiseer nie. Die navorser het in die toestemmingsbrief vir die groeps gesprek aan die vaders genoem dat anonimiteit nie verseker kon word tydens die groeps gesprek nie, omdat die vaders mekaar moontlik kon ken by die skool. Met die aanvang van die groeps gesprek het dit geblyk dat geeneen van die vaders mekaar geken het nie.

- **Uitskakeling van moontlike skade en risiko**

Die deelnemers is na die navorser se wete nie tydens die navorsingsproses fisies of emosioneel geskaad nie. Die navorser het prosedures in plek gestel indien 'n deelnemer moontlik kon voel dat hul na afloop van die onderhoud en die groeps gesprek wel met iemand wil gesels. Die navorser het 'n sielkundige beskikbaar gestel met wie die vader 'n afspraak kon reël. Die onderhoud het in 'n veilige omgewing plaasgevind, 'n sekuriteitswag by die hek kon die toegang reguleer, en op 'n emosionele vlak was die navorser nie bevooroordeel nie.

- **Ontlonting**

Ontlonting behels dat die navorser na die voltooiing van die onderhoud enige misverstande of wanopvattinge wat die vaders tydens die onderhoud kon beleef het, uit die weg sou ruim. Indien 'n sekere deelnemer byvoorbeeld die onderhoud emosioneel beleef het, sou daar vir ontlontingsessies deur 'n sielkundige gereël word. Daar was een deelnemer wat in 'n geringe mate emosioneel geraak het, maar die deelnemer het verkies dat daar nie 'n afspraak gereël word nie.

- **Respek**

Die navorser het teenoor elkeen van die vaders respek geopenbaar. Die navorser het die volgende gedoen om respek te toon: die vaders as “meneer” aangespreek en nie die deelnemers op hulle voorname genoem nie; elkeen geleentheid gegee om klaar te praat en hulle nie in die rede geval nie; en laastens waardering uitgespreek vir hulle tyd wat hulle vir die onderhoud en vir die groeps gesprek afgestaan het.

3.9 VERTROUENSWAARDIGHEID

Volgens Shenton (2004:64-73) word Guba se model voorgestel met die vier strategieë, naamlik geloofwaardigheid, oordraagbaarheid, vertroubaarheid en bevestigbaarheid, om vertrouenswaardigheid in 'n kwalitatiewe studie te verseker (Greeff, 2012:58). Vertrouenswaardigheid verwys daarna dat die navorser se bevindinge vertrou kan word.

- **Geloofwaardigheid:**

Volgens Merriam (2009:209) kan geloofwaardigheid verseker word as konsekwentheid bereik is met die menings van die deelnemers en met dit wat die navorser navors. Die navorser het gepoog om die ondersoek so te doen dat die uitdagings wat die vaders in hul verhouding met hul leergestremde kind beleef akkuraat geïdentifiseer en beskryf is.

Shenton (2004:73) adviseer navorsers om die volgende strategieë te volg om geloofwaardigheid te verseker:

- **Geskikte, bekende navorsingsmetodes**

Die keuse van 'n navorsingsmetode is vroeër in die hoofstuk breedvoerig bespreek. Die verkose navorsingsmetode is goed deurdink en nagevors om te verseker dat 'n navorsingsmetode gekies is wat die toepaslikste was vir hierdie studie. Die navorser het 'n kwalitatiewe studie gedoen en daarom was onderhoude 'n ideale metode om 'n betekenisvolle weergawe te kry van die uitdagings wat vaders in hul verhouding met hul leergestremde kind beleef het.

- **Triangulasie**

Die samestelling en vergelyking van notas en van literatuur, klankopnames en bevindinge van die onderhoude en van die groeps gesprek het verseker dat triangulasie kon plaasvind. Dit het ook die sekerheid gebied dat meer volledige gevolgtrekkings gemaak kon word.

- **Gereelde gespreksessies tussen navorser en studieleier**

Daar was gereelde besprekings tussen die navorser, die studieleier en die hulpstudieleier aangaande elke stap van die studie.

- **Die agtergrond, kwalifikasies en ervaring van die navorser**

Die navorser het 'n BTh-graad aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Na graduering het die navorser by verskeie kerke se ondersteuningsentrums in 'n ondersteunende rol vir die kinders betrokke geraak, en kursusse in berading deurloop. Die navorser het ook tydens die MA in Psigologie 'n inleidende opleiding in navorsingsmetodologie ontvang.

- **Ryk beskrywing van die navorsingsverskynsel**

Die kwalitatiewe navorsing wat gedoen is, het toegelaat dat goed deurdagte besprekings aangaande die uitdagings wat vaders in hulle verhouding met hul leergestremde kind beleef, deurgegee kon word. Deur middel van die besprekings wat vanuit die individuele onderhoude en van die groeps gesprek deurgegee is, het die vaders vir die navorser 'n gedetailleerde beskrywing deurgegee van die uitdagings wat hulle beleef. Dit het ook tot die

geloofwaardigheid van die studie gelei. Die vaders het hul werklike situasies aan die navorser geskets.

- **Ondersoek na vorige navorsing as raamwerk vir bevindinge**

In Hoofstuk 1, 2 en 3 word daar verwys na vorige navorsingsbevindinge wat daartoe lei dat bevindinge deur 'n deeglike literatuurondersoek in konteks geplaas is..

- **Oordraagbaarheid**

Die werk van Shenton (2004:69) bevestig dat oordraagbaarheid daarna verwys dat die navorser die bevindinge na 'n ander situasie of geval kan oordra. Die oordraagbaarheid van die bevindinge in die studie kan moontlik 'n leemte wees, aangesien die navorser slegs vyf onderhoude kon voer en net drie deelnemers by die groeps gesprek kon betrek. Die studie kon moontlik ander bevindinge opgelewer het as dit aan meer deelnemers en verskillende skole blootgestel is.

- **Vertroubaarheid**

Vertroubaarheid word verseker wanneer die navorsingsproses goed uitgelê en nagesien word (Shenton, 2004:69). Vertroubaarheid verwys ook na die mate van akkuraatheid van die navorsing. Om te verseker dat die data logies en goed gedokumenteer is, het die navorser die data wat ingesamel is, deeglik ontleed, gekodeer en geïnterpreteer en so volledig as moontlik beskryf.

- **Bevestigbaarheid**

Om bevestigbaarheid te verseker, behoort die bevindinge 'n weerspieëling te wees van die deelnemers se ervaring en nie van die vooropgestelde idees van die navorser nie (Shenton, 2004:68). Triangulasie bevorder bevestigbaarheid deurdat die navorser vooroordele beperk. Die navorser het tydens die navorsing getrianguleer deur onderhoude en 'n groeps gesprek te voer asook literatuurkontrolle te doen (Merriam, 2009:216).

Die navorser het gepoog om te alle tye vooroordele te beperk, en te verhoed dat die navorsingsbevindinge die navorser se persepsie weerspieël, maar dat dit uit die ervarings van die deelnemers voortvloei. Die navorser het gereeld tydens die

onderhoude en die groepsgeesprek aan die deelnemers kortliks opgesom wat gehoor is en dan aan die deelnemers gevra of die interpretasie korrek was. Dit het die deelnemers die geleentheid gebied om die navorser te korrigeer indien die navorser hulle verkeerd verstaan het.

3.10 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar 'n oorsig gegee oor die navorsingsmetodologie en die metode van ondersoek soos dit in hierdie navorsing toegepas is. Daar is onder andere aandag gegee aan die literatuuoroorsig, die navorsingsbenadering, en data-insameling en -verwerking. Laastens is aangetoon dat die navorsingsproses op 'n etiese wyse gedoen is en op 'n betroubare manier aangepak is. Die navorsingsbevindinge word in die volgende hoofstuk bespreek.

HOOFSTUK 4

NAVORSINGSBEVINDINGE

4.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om die bevindinge van die data uit die individuele onderhoude en die groeps gesprek te bespreek. Hierdie data is ontleed deur middel van 'n tematiese analise waar temas en subtemas vanuit die data geïdentifiseer is. In die bespreking van die bevindinge vind literatuurkontrole ook plaas en direkte aanhalings van die vaders word gegee.

4.2 **BESPREKING VAN NAVORSINGSBEVINDINGE EN LITERATUURKONTROLE**

Vervolgens word 'n skematiese voorstelling van die temas en subtemas wat uit die data geïdentifiseer is eers aan die hand van Braun en Clarke (2006:88-93) se tematiese analise bespreek. In hierdie navorsing het die uitdagings wat die vaders beleef uit die volgende temas bestaan: vaders se interaksie met hul leergestremde kind, vaders se toeganklikheid vir hul leergestremde kind, vaders se verantwoordelikheid teenoor hul leergestremde kind, gebrek aan ondersteuning met betrekking tot hul leergestremde kind, en laastens die invloed van die leergestremde kind op gesinsverhoudinge. Die bevindinge wat gemaak word na aanleiding van die data wat deur middel van die individuele onderhoude, asook die groeps gesprek ingewin is, word geïntegreerd bespreek.

Tabel 4.1 Temas en subtemas

	Temas	Subtemas
1	Vaders se INTERAKSIE met hul leergestremde kind	<ul style="list-style-type: none"> • Vaders beleef hartseer in hul interaksie. • Vaders beleef konflik in hul interaksie. • Vaders beleef teleurstelling in hul interaksie. • Aanvaarding van die leergestremdheid.
2	TOEGANKLIKHEID vir die leergestremde kind	<ul style="list-style-type: none"> • Werksomstandighede verminder geleenthede vir betrokkenheid by die leergestremde kind. • Skoolwerk het 'n negatiewe uitwerking op vaderlike betrokkenheid. • Vaders beleef die adolessente fase as 'n struikelblok vir betrokkenheid. • Te min buitemuurse en ontspanningsaktiwiteite lei tot belemmering van betrokkenheid.
3	VERANTWOORDELIKHEID teenoor die leergestremde kind	<ul style="list-style-type: none"> • Die leergestremde kind se loopbaanbeplanning. • Gebrek aan selfstandige funksionering van die leergestremde kind.
4	Gebrek aan ONDERSTEUNING met betrekking tot die leergestremde kind	<ul style="list-style-type: none"> • Gebrekkige ondersteuning deur professionele persone. • Gebrekkige skoolsisteem.
5	Invloed van die leergestremde kind op GESINSVERHOUDINGE	<ul style="list-style-type: none"> • Huweliksverhouding. • Verhouding tussen sibbes.

Die bevindinge van die navorsing word aan die hand van Tabel 4.1 bespreek.

Die bespreking word soos volg uiteengesit: die navorser gee eers 'n samevatting van die bevindinge met betrekking tot 'n subtema. Daarna volg direkte aanhalings van die vaders, en laastens sluit die literatuurkontrole die bespreking af. Die navorser maak van die volgende afkortings gebruik om by direkte aanhalings aan te dui watter vader aangehaal word: (V1) = vader 1, en of die aanhaling uit die individuele onderhoude (Io) of vanuit die groeps gesprek (Gg) gekom het.

4.3 TEMA 1: VADERS SE INTERAKSIE MET HUL LEERGESTREMDE KIND

Uit die literatuur kom dit na vore dat vaders se vlak van interaksie 'n belangrike bydrae tot die sosiale, emosionele en kognitiewe ontwikkeling van hul kind lewer (Cox & Harter, 2003:194). Die manier waarop vaders interaksie met hul kind toon, kan 'n positiewe of 'n negatiewe effek op die kind self hê.

4.3.1 Subtema: Vaders beleef hartseer in hul interaksie met hul leergestremde kind

Daar kan vanuit die data van die onderhoude afgelei word dat die vaders se verhouding met hul leergestremde kind uit onder andere hartseer bestaan. Die vaders sien die hartseer wat hulle beleef as 'n uitdaging, omdat die hartseer dit moeilik maak om by die aanvaardingsproses uit te kom, en die rede hiervoor is dat die vaders die kind gereeld wil jammer kry. Die hartseer wat die vaders beleef, kan daaraan toegeskryf word dat hulle hul leergestremde kind jammer kry. Die rede hiervoor is dat die kind dit duidelik beleef dat hulle anders as hulle sibbes en vriende is. Die vaders het as 'n voorbeeld genoem dat die leergestremde kind moet beseef dat hulle in dié opsig "anders" is omdat hulle na 'n spesiale skool gaan, terwyl die sibbes na 'n hoofstroomskool toe gaan.

'n Verdere voorbeeld wat genoem is, was al die evaluasies wat die kind moes deurmaak en terapeute wat besoek moes word. Vanuit die data kon die navorser aflei dat vaders die gevoel van "verlies" ten opsigte van hul leergestremde kind ervaar, omdat die idee van 'n "perfekte kind" verlore is. Die hartseer wat die vaders beleef, is deur twee vaders soos volg beskryf:

"Dit is vir my hartseer om te sien dat my kind swaarkry, want die kind sien raak dat hy anders as die ander kinders is" (V5-Io).

“Ek het al in die hele proses vanaf die diagnose gereeld hartseer gevoel, veral omdat ek sukkel om vrede te maak dat my kind anders is. Dit is vir my hartseer dat ek so baie moet sukkel met die kind” (V1- lo).

Rörich (2008:31) beskryf die hartseer wat die vaders beleef as die vaders se reaksie op die “verlies van ’n perfekte kind”. Verder dra dit ook by tot die gevoel dat die drome wat die vader vir die kind gehad het, nou verlore is. Die vaders word gereeld deur die kind se lewe gekonfronteer met die “verlies van die perfekte kind”.

Dit blyk ook uit die literatuur dat die hartseer emosie wat die vaders beleef deur Kessler en Kübler-Ross (2005:7) beklemtoon word as een van die fases waardeur ouers gaan nadat ’n verlies geïdentifiseer is. Wanneer ouers in kennis gestel word dat hul kind leergestremd is, word die ouers gedwing om die drome wat hulle vir hul kind gehad het, te laat vaar. Daarom kan baie vaders hul verhouding met hul leergestremde kind as hartseer beleef, omrede die vaders deur die rouproses moet werk om by aanvaarding rakende die tekortkominge van die leergestremde kind te kom (Kessler & Kübler-Ross, 2005:7).

4.3.2 Subtema: Vaders beleef konflik in hul interaksie met hul leergestremde kind

Van die vyf vaders het vier bevestig dat hulle verhouding met hulle leergestremde kind gereeld met konflik gepaard gaan. Die vaders is dikwels gefrustreerd in hul interaksie met hul leergestremde kind as gevolg van die konflik met die kind. Die vaders is van mening dat dié konflik ’n groter stremming op hulle verhouding met hul leergestremde kind plaas. Die konflik word meestal veroorsaak deur die feit dat die kind nie die skoolwerk wil doen nie; of terwyl die vader die kind met skoolwerk help, sal konflik voorkom omdat die vader se geduld min sal raak met die aanhoudende verduideliking van ’n onderwerp, of daar sal konflik wees ten opsigte van die hoeveelheid tyd en energie wat die skoolwerk verg.

Vir die vaders was konflik een van die oorsake waarom hul verhouding met die leergestremde kind agteruit begin gaan het. Die vaders het daarna verwys dat die konflik ’n oorheersende uitdaging in terme van hulle verhouding met hul leergestremde kind is. Die vaders wat aan die groeps gesprek deelgeneem het, het

bevestig dat konflik altyd in hul huishoudings teenwoordig is. Die vaders het konflik soos volg verduidelik:

“Die konflik is vreeslik erg, dit domineer jou menswees. Die hele huishouding loop op eiers, want die konflik is die hooftema in die huis” (V3 – lo).

“Die spanning en konflik is geweldig erg. Die spanning wat dit plaas op jou huishouding lei tot die gevolg dat jy kan sien jou huishouding raak agter, omdat jy al jou tyd en energie aan die probleem wy” (V5 – lo).

“Konflik is altyd daar, dit is ’n reël. Die kinders snap net nie sekere goed nie” (V3 – Gg).

Chang, Chiu, Gau en Wu (2013:140) meen dat leergestremde kinders meer outoritêre beheer en minder affektiewe aandag van hulle vaders ontvang. Laasgenoemde skrywers is ook van mening dat vaders geneig is om meer geïrriteerd te wees met hul leergestremde kind. Dit veroorsaak dat die vader die kind gouer wil dissiplineer as ’n kind wat nie leergestremd is nie.

Dit is ook hoogs waarskynlik dat vaders hulle leergestremde kind se simptome soos hiperaktiwiteit en impulsiwiteit, en gedrag soos woedeaanvalle, en die kind se onvermoë om te sosialiseer, op ’n “beheerste manier” sal probeer beheer (byvoorbeeld deur gesag op die kind af te dwing), wat ook weer tot vader-kind-konflik bydra. Dudley-Marling (2003:7) is van mening dat die skoolwerk van die leergestremde kind met “*fussing, fighting and arguing*” gepaard gaan, en bevestig dat dit ’n algemene tendens in die huis is en ’n bydraende faktor tot konflik kan wees. Die skoolwerk van die leergestremde kind verg ’n groot hoeveelheid tyd en energie van die ouer se kant af (Dudley-Marling, 2003:7). Volgens Al-Yagon en Cinamon (2008:92) vertoon die gesin van ’n leergestremde kind hoër vlakke van swak gesinskohesie en meer gesinskonflik.

4.3.3 Subtema: Vaders beleef teleurstelling in hul interaksie met hul leergestremde kind

Teleurstelling is uitgewys as ’n sentrale uitdaging wat die vaders beleef in hulle verhouding met hul leergestremde kind. Die rede hiervoor is dat die teleurstelling dit

vir die vaders moeilik maak om die leergestremdheid te aanvaar. Die vaders ervaar dit ook as 'n uitdaging om realistiese verwagtinge vir hul leergestremde kind te skep. Uit die onderhoude het dit duidelik na vore gekom dat al die vaders teleurstelling in hulle verhouding met hul leergestremde kind beleef. Die vaders het die teleurstelling toegeskryf aan die algemene verwagtinge wat hulle as ouers vir hulle kind gehad het.

Die vaders het beklemtoon dat teleurstelling in hulle eie leergestremde kind ook na vore tree wanneer hulle met nie-leergestremde kinders van dieselfde ouderdomsgroep in aanraking kom. Die vaders sien raak dat hul leergestremde kind se akademiese vermoëns en sosiale vaardighede baie meer beperk is as dié van 'n nie-leergestremde kind. Twee van die vaders het byvoorbeeld hul teleurstelling spesifiek toegeskryf aan die sielkundiges wat aan hulle gesê het dat hulle leergestremde kind 'n bogemiddelde intelligensie het, maar dat hulle by die skool en by die huis die teenoorgestelde ervaar. 'n Vader het spesifiek tydens die groepsbespreking uitgewys dat hy veral groot teleurstelling beleef ten opsigte van sy eie toekomsverwagting van sy leergestremde kind. Die vaders het teleurstelling soos volg beleef:

“'n Mens verwag baie meer van 'n 14-jarige kind, as wat sý aan ons lewer. Dan beseft ek elke keer wat die impak van die leergestremdheid is. Ek word elke keer teleurgestel, wanneer ek baie aandag aan 'n spesifieke taak met haar gee, maar dan lewer sy niks van haar kant af nie” (V2 – Io).

“Dit is vir my baie sleg en 'n teleurstelling om te beseft dat my kind nooit universiteit toe sal kan gaan, en die universiteitslewe ervaar nie. Ek sukkel om dit te aanvaar. As ouer het jy altyd die beste verwagtinge vir jou kind, maar later beseft jy dit is bo jou kind se vuurmaakplek” (V3 – Io).

“Ek kry nie rustigheid nie, dit vat lank. Die teleurstelling is vir my groot dat my kind nooit universiteit toe sal kan gaan nie. Ek kan nie vrede daarmee maak nie” (V1 – Gg).

Hierdie teleurstelling word deur die ouers beskryf wanneer hulle beseft dat die leergestremde kind sekere skoolwerk nie kan doen nie (Shastri & Vrandá, 2012:64). Dit blyk uit literatuur dat vaders 'n teenstrydigheid beleef tussen die “perfekte kind”-

fantasie en die realiteit van hulle kind se prestasies, wat 'n groot teleurstelling by die vaders veroorsaak (Rörich, 2008:30; Shastry & Vranda, 2012:64). Ouers stel 'n idee vir hulself voor oor hoe hulle verhouding met hul kind gaan wees en watter tipe persoon hul kind gaan word. Met die diagnose van die leergestremde kind ervaar vaders teleurstelling wanneer hul besef dat hul leergestremde kind nie aan die vereistes van hul drome en verwagtinge van 'n gesonde kind voldoen nie (Barnet, Clements, Kaplan-Estrin & Fialka, 2003:185).

Die vaders se belewing van teleurstelling verwys na die “verlies” dat hul kind nie aan die vaders se verwagtings sal kan voldoen nie. Die vaders moet met die realiteite van die kind se diagnose herbou en hernuwing gee aan die verwagtinge en drome wat hulle voor die diagnose gehad het (Barnet *et al.* 2003:185).

4.3.4 Subtema: Aanvaarding van die leergestremdheid

Vier van die vyf vaders het tydens die onderhoude genoem dat hulle dit moeilik vind om die leergestremdheid van hul kind te aanvaar, wat daarop dui dat vaders dit as 'n uitdaging sien in hul verhouding met die kind. Hierdie vaders het genoem dat hulle nog by die punt van aanvaarding moet uitkom. Dit is vir dié vaders moeilik om van hulle verwagtinge of selfs hulle drome wat hulle vir hul kind gehad het, afstand te doen. Elke ouer wil graag die beste vir hulle kind hê.

Een van die vaders het genoem dat hy vanaf die geboorte van die leergestremde kind die droom van 'n “perfekte kind” as 'n verwagting gehad het, en dat hy nou as gevolg van hul kind se leergestremdheid die droom moes laat vaar. Twee van die vyf vaders het ook genoem dat hulle dit moeilik vind om by die punt van aanvaarding te kom, aangesien sielkundiges aan hulle genoem het dat hulle leergestremde kind se IK hoog is, maar dat die leergestremde kind nie in die skool presteer nie. Dit skep twyfel by die vaders en maak dit nog meer ingewikkeld om die leergestremdheid te verstaan en te aanvaar. Dit veroorsaak dat die vaders gereeld oor hul kind se vermoëns wonder en maak dit vir hulle nog moeiliker om te aanvaar.

In die groeps gesprek is dit bevestig dat vaders nie maklik by die punt van aanvaarding uitkom nie, maar die vaders besef dat dit belangrik is om die gestremdheid te aanvaar. Hier volg van die vaders se response:

“Ek is nog vêr van aanvaarding van sy leergestremdheid, om nie eers te praat van sy toekomsplanne nie. Dit is vir my moeilik om te aanvaar dat hy so sukkel op skool, veral nadat die dokter vir my gesê het my kind se IK is hoog” (V5 – Io).

“Dit is moeilik, gaan hy studeer of nie? Ek moet daaraan gewoon raak dat sy geluk beter is as ’n graad. Ek moet dit nog aanvaar en ook sy leergestremdheid. Ek moet hom kan ondersteun in die keuses wat hy wil neem” (V4 – Io).

“Dit is belangrik dat ek my kind moet aanvaar. Ek moet rustig wees oor my kind en oor sy toekomsplanne. Dit is baie moeilik en ek sukkel daarmee. Maar die verantwoordelikheid lê alleen by my” (V3 – Gg).

Met betrekking tot die kind se loopbaanbeplanning, moet die vaders tot die aanvaarding kom dat hulle leergestremde kind beperkte beroepsgeleenthede gaan hê (Davys, Haigh & Mitchell, 2010:174). Daar word verwys na die vyf fases van rouSMART as gevolg van ’n verlies wat as Kübler-Ross se fases van rouSMART bekend staan. Dit word as volg uiteengesit: ontkenning; woede; onderhandeling; depressie; en laastens aanvaarding. Die vaders beleef ’n “verlies” as gevolg van die feit dat hul leergestremde kind ’n beperkte toekomsloopbaan en ook beperkinge op ander terreine, byvoorbeeld in sosiale en akademiese vaardighede, het. Hierdie “gevoel van verlies” gaan ook daarmee gepaard dat ouers hulle verwagtinge vir hulle leergestremde kind moet laat vaar (Kline & Lerner, 2006:153; Kessler & Kübler-Ross, 2005:7). Aanvaarding is die laaste fase, dit is die punt waar die ouers nou saam met die leergestremdheid in terme van die beperkinge daarvan moet kan saamleef.

4.4 TEMA 2: TOEGANKLIKHEID VIR DIE LEERGESTREMDE KIND

Vaders se toeganklikheid vir hulle kinders verwys na die vaders se beskikbaarheid vir interaksie met die kinders (Lamb & Tamis-Lemonda, 2004:2). Kinders trek voordeel uit die feit dat hulle vaders toeganklik is deurdat hulle byvoorbeeld meer geneig is om beter op skool te presteer, verhoogde lewensvrede het, en minder gedragsprobleme ervaar (Lamb & Tamis-Lemonda, 2004:8).

4.4.1 Subtema: Werksomstandighede verminder geleenthede vir betrokkenheid by die leergestremde kind

Na aanleiding van die onderhoude kon daar afgelei word dat vaders se werksomstandighede hul geleenthede vir betrokkenheid by die leergestremde kind verminder. Dit verminder dus die geleenthede waar vaders vir hul kind toeganklik is. Vier van die vyf vaders het verwys na hulle belewenis van frustrasie vanweë die feit dat hulle minimaal by die kind betrokke is omdat hulle min tyd tot hulle beskikking het. Hierdie vaders het ook genoem dat hulle minimaal betrokke is by doktersafsprake omdat dit gewoonlik gedurende hulle werksure plaasvind.

Die vaders blameer ook hulself dat hulle nie vir hulle leergestremde kind toeganklik is nie omrede hulle min tyd het om met hul leergestremde kind te spandeer. Die vaders sien hul werksomstandighede as 'n uitdaging wat hul reeds sensitiewe verhouding met hul leergestremde kind nog meer ingewikkeld maak. Hierdie vaders het ook genoem dat hulle besef dat die spanningsvlakke by die werk gereeld daartoe bydra dat hulle die konflik by die huis nie goed hanteer nie, selfs ook dat konflik makliker plaasvind as gevolg van die spanning by die werk wat die vader se gemoed ook beïnvloed. Die een vader het sy eie besigheid en bevestig dat dit nog moeiliker is as gevolg van finansiële druk en langer werksure. Al die vaders het ook genoem dat wanneer hulle tuiskom hul geduld te min is as gevolg van spanning by die werk en lang werksure, en dat dit dan moeilik is om aandag te gee of hulp te verleen met die leergestremde kind se skoolwerk.

Die vaders het tydens die groeps gesprek bevestig dat werksomstandighede hulle beskikbaarheid vir interaksie met hulle kind beperk, wat weer hul toeganklikheid vir hulle kind minder maak. Hier volg direkte aanhalings van die vaders:

“Die vlak van spanning by die werk beïnvloed my verhouding met my leergestremde kind. As ek by die huis kom, moet ek dikwels die konfliksituasie hanteer tussen hom en sy ma. My vlakke van geduld is dan min, wat veroorsaak dat ek die situasies ook nie reg hanteer nie” (V3 – 10).

“Ek kan heelwat meer doen. Ek doen te min. Die tyd wat ek wel met hom spandeer, is hopeloos te min en nie kwaliteit tyd nie” (V2- 10).

“Dit is verseker moeilik, veral met die spanning by my werk. As ek by die huis kom, het ek nie lus vir iets nie. Ek het die afgelope tyd probeer om op te let hoe ek sekere goed sê vir my kind, want ek het besef ek sal gereeld net ‘snap’ teenoor hom” (V3 – Gg).

Allen en Daly (2007:19) is van mening dat lang werksure deur vaders gesien word as die belangrikste rede vir vaders se lae vlakke van betrokkenheid by hulle kinders. Vaders wat lang ure werk, is geneig om oorlaai te voel en dit kan dan moontlik daartoe lei dat vaders hul leergestremde kinders met minder geduld hanteer. Dit kan ’n uitwerking op die kwaliteit van die verhouding tussen die vader en kind hê.

Lau (2010:366) verwys na die teenstrydige verwagtinge wat daar tussen die werk en die gesin ontstaan. In die era van globalisering word die verwagtinge ten opsigte van die vader se werksrol al hoe meer, wat dan ’n bydraende impak kan hê op die gesinsverwagtinge waaraan die vader moet probeer voldoen. Hierdie botsende rolle van die werk en die gesin kan tot verwoestende resultate in emosionele uitkomst op die terrein van werk en gesin lei (Al-Yagon & Cinamon, 2008:92). Die bogenoemde twee rolle van die werk en die gesin dui op die gesinsisteamteorie – hoe die verskillende sisteme ’n invloed op mekaar uitoefen en dat die sisteme nie onafhanklik van mekaar funksioneer nie.

Volgens Lamb en Tamis-Lemonda (2004:2) word toeganklikheid gesien as een van die aspekte waaruit vaderlike betrokkenheid bestaan. Toeganklikheid verwys na die vader se beskikbaarheid vir interaksie met die kind sonder dat direkte interaksie nodig is. Die vader stel homself byvoorbeeld beskikbaar dat die kind hom kan nader as hulle sou wou (Lamb & Tamis-Lemonda, 2004:2).

4.4.2 Subtema: Skoolwerk het ’n negatiewe uitwerking op vaderlike betrokkenheid

Dit het uit die onderhoude duidelik na vore gekom dat al die vaders se betrokkenheid by hul leergestremde kind deur die konstante fokus op skoolwerk beïnvloed word. Die vaders het genoem dat hul betrokkenheid beïnvloed word deur die kontroliering en opvolg van die skoolwerk wat konflik veroorsaak, en die hoeveelheid energie en spanning wat dit verg om die leergestremde kind met skoolwerk te help. Die vaders

het genoem dat skoolwerk gereeld met konflik gepaardgaan omdat die skoolwerk direk op die kind se onvermoë fokus.

Hierby is dit ook duidelik dat die vaders nie altyd die onvermoë van die kind verstaan nie, wat dan veroorsaak dat konflik voorkom. Die vaders het ook genoem dat die gereelde kontrolering van skoolwerk uiters uitputtend is. Die hoeveelheid energie en tyd wat die kind se skoolwerk verg, veroorsaak konflik in die gesin, omdat daar min tyd vir enigiets anders oor is.

Die vaders het skoolwerk as 'n uitdaging beskryf, omdat die gereelde konflik wat plaasvind dit moeilik maak om 'n positiewe verhouding met hul leergestremde kind te bou. Die een vader het erken dat die geleentheid om positiewe erkenning te gee aan die spesifieke kind beperk is, omdat die tye saam deur die konstante fokus op die negatiewe oorheers word, byvoorbeeld by skoolwerk wat verband hou met die onvermoë van die kind wat die vader nie maklik verstaan nie.

Dit is in die groeps gesprek bevestig dat skoolwerk 'n negatiewe uitwerking op vaderlike betrokkenheid het. Die volgende opmerkings oor die negatiewe uitwerking van skoolwerk op vaderlike betrokkenheid is gemaak:

“Ons spandeer ure aan skoolwerk, wat altyd gepaardgaan met konflik. Daar is nooit tyd om te fokus op lekker saamdoen-aktiwiteite nie, dus is ons verhouding se fondasie gebou op die negatiewe tye saam wanneer ons huiswerk doen. Ek vind dit baie moeilik om 'n goeie verhouding met my leergestremde kind te vind, want ons huis en verhouding word gedomineer deur skoolwerk” (V5 – Io).

“Ons huis se sentrale tema is skoolwerk, die huis se hele atmosfeer word bepaal deur die skoolwerk. My vrou raak gespanne en al meer gefrustreerd. Dit het my en my vrou se verhouding beïnvloed en my en my kind se verhouding” (V3 – Io).

“Ek raak soms so gefrustreerd dat ek vir hom wil skree ‘Is jy stupid?’ Ek weet dit is skadelik om dit te sê en dit is waar daardie vlakke van frustrasie jou soms mal maak. Dit is moeilik om te begryp wat rêrig in sy kop aangaan, ons verstaan nie sy frustrasie nie” (V3 – Gg).

Die werk van Dudley-Marling (2003:6) lê daarop klem dat ouers baie tyd aan skoolwerk van leergestremde kinders bestee, wat dan inmeng met die gesin se tyd om aangename aktiwiteite te doen. Die tyd en energie wat aan die leergestremde kind se skoolwerk bestee word, is onaangenaam omrede dit tydsaam is. Verder gaan dit met konflik gepaard, omdat skoolwerk fokus op die onvermoë wat die kinders het, byvoorbeeld ten opsigte van taal, lees, wiskunde en skryfwerk. Skoolwerk is vir hierdie spesifieke kinders 'n negatiewe ervaring omdat dit aandag op hul onvermoë vestig. Dit is hierdie onvermoë wat 'n negatiewe belewenis vir die kind en vir die vaders skep (Cockroft & Hartgill, 2004:65; Dudley-Marling, 2003:6).

Van De Weghe (2004:78) is van mening dat 'n huishouding met 'n leergestremde kind gereeld frustrasies beleef ten opsigte van die leergestremde kind se skoolwerk. Die skoolwerk neem baie tyd in beslag en verg baie geduld van die vaders om dit te verduidelik op die vlak wat die leergestremde kind dit kan verstaan.

Dudley-Marling (2003:9) noem dat vaders van mening is dat die leergestremde kind die skoolwerk slegs in die teenwoordigheid van 'n ouer kan doen. Die skoolwerk van die leergestremde kind ontnem dikwels die gesin van gesinstyd, en lei dikwels tot konflik in die huis. Die ouers se hulp met skoolwerk gaan dikwels met 'n geneul gepaard om die leergestremde kind aan die gang te kry. Die normale hoeveelheid geneul is positief, maar in dié geval sal 'n oormaat van konstante geneul 'n skadelike effek op die ouer-kind-verhouding hê (Van De Weghe, 2004:78).

Die konstante geneul lei daartoe dat die ouer se frustrasie opbou, en dit maak dit moeilik vir die ouer om nie 'n onaangename gesaghebbende rol aan te neem nie. 'n Voorbeeld hiervan is om onredelik te raak en op die leergestremde kind te begin skree, wat dan moontlik 'n skadelike effek op die ouer-kind-verhouding kan hê (Van De Weghe, 2004:78).

4.4.3 Subtema: Vaders beleef die adolessente fase as 'n struikelblok vir betrokkenheid

'n Verdere uitdaging wat vaders in hul betrokkenheid met hul leergestremde kind beleef, is die adolessente fase wat die kinders betree. Vier van die vyf vaders het genoem dat hulle dit dikwels moeilik vind om met hul adolessente leergestremde kind te bind en dat dit ook gereeld tot konflik lei. Die vaders het genoem dat hulle dit

baie makliker gevind het om met hul leergestremde kind te bind toe die kind jonger was. Die rede hiervoor is dat die vaders vroeër makliker aktiwiteite saam met hul leergestremde kind kon doen, as wat hulle in die adolessente fase kan doen.

Die volgende aanhalings lig die problematiek rondom die vaders se betrokkenheid en die adolessente ontwikkelingsfase van hulle leergestremde kind uit:

“Ek en my seun het nie ’n band nie, want hy is op ’n moeilike ouderdom en al die konflik in die huis verleen nie hulp tot die situasie nie. Ek weet ook nie wat om te doen om dit te verbeter nie, want hy is al ’n tiener” (V5 – lo).

"My leergestremde kind was die eersteling; ek het dus baie met hom gespeel. Nou is dit moeilik, want hy het nie ’n belangstelling in sport nie. Ek soek ’n ‘close-up’-verhouding met hom. Nou moet ek ’n ander tipe verhouding met hom vind. Ek weet nie watter tipe verhouding moet ek met hom hê nie. Ek het ’n probleem om met hom te bind op ’n tienervlak. Dit is vir my ’n frustrasie want ek kry dit nie reg om ’n goeie verhouding met hom te hê nie” (V1 – lo).

Al-Yagon (2012:175) meen dat daar min studies oor adolessente leergestremde kinders gedoen is, alhoewel die bestaande literatuur rapporteer dat die adolessente leergestremde kinders ’n laer geneigdheid tot binding met ouers as adolessente sonder leergestremdhede toon. Die leergestremde kind se swak sosiale vaardighede lei baie keer daartoe dat hul verhoudings beïnvloed word.

Die teenwoordigheid van ’n naby verhouding met ’n betekenisvolle volwassene is veral tydens adolessensie vir die leergestremde kind van belang omdat ’n veilige bindingsverhouding tydens die uitdagende ontwikkelingsfase as ’n beskermingsfaktor dien (Al-Yagon, 2012:175). ’n Onveilige verbindingsverhouding met die vader word gesien as ’n risikofaktor vir toenemende sosio-emosionele wanaanpassings (Al-Yagon, 2012:175; Greenberg & Murray, 2006:225).

Bauminger en Kimhi-Kind (2008:320) is van mening dat ’n leergestremde kind se gebrek aan sosio-kognitiewe prosessering (byvoorbeeld die onvermoë om nieverbale taal te verstaan) nie net hul sosiale, emosionele en gedragsvaardighede belemmer nie, maar ook hul blywende verhoudings met ander betekenisvolle persone beperk. Dit is ook ’n algemene verskynsel dat adolessente geassosieer

word met die “storm-en-drang”-etiket, wat veral konflik met die ouers insluit. ’n Bydraende faktor is ook dat hierdie kinders in die fase is waar hulle meer op losmaking van hul ouers fokus en dat hul portuurgroep dan die fokuspunt is (Hines & Paulson, 2006:597). Die verskynsel kan ook ’n kenmerkende invloed hê op waarom vaders dit moeilik vind om met die leergestremde kind te bind (Hines & Paulson, 2006: 598).

4.4.4 Subtema: Te min buitemuurse en ontspanningsaktiwiteite lei tot belemmering van betrokkenheid

Soos blyk uit die onderhoude is dit vir drie van die vyf vaders ’n uitdaging dat hul leergestremde kind nie by buitemuurse en ontspanningsaktiwiteite soos Voortrekkers en sport betrokke is nie, omdat hierdie gebrek aan deelname die vader se betrokkenheid bemoeilik. Die feit dat die kind nie by buitemuurse en ontspanningsaktiwiteite betrokke is nie, veroorsaak dat die vaders slegs skoolwerk as aanknopingspunt het om by hulle kinders betrokke te wees.

Die vaders het genoem dat hul leergestremde kind net geen belangstelling toon om by buitemuurse en ontspanningsaktiwiteite betrokke te raak nie. Dit laat die vaders ook dikwels gefrustreerd voel omdat hulle baie meer beperk voel ten opsigte van betrokkenheid by hul kind. Die vaders het genoem dat hulle wou hê dat hul kind by sulke aktiwiteite betrokke moes wees. Dit sou die vader die geleentheid gee om ander vermoëns van die kind raak te sien. Dit kan die vader ook in staat stel om positiewe erkenning aan die leergestremde kind te gee.

Die volgende direkte aanhalings van die vaders bevestig dat die leergestremde kind min belangstelling toon om by buitemuurse en ontspanningsaktiwiteite betrokke te wees:

“Hy toon ook geen belangstelling in sportaktiwiteite of selfs geen enige ander aktiwiteite nie. Dit is moeilik en frustrerend, want elke pa wil hê dat sy seun moet rugby speel” (V1 – lo).

“My kind is nie in ’n hoofstroomskool nie, so dit verminder die geleenthede vir buitemuurse aktiwiteite. My kind toon ook nie belangstelling in buitemuurse aktiwiteite nie, omdat hy nie maats het nie” (V5 – lo).

Leergestremde kinders ervaar gereeld verwerping deur die samelewing. Die isolasie wat hierdie kinders beleef, kan 'n invloed daarop hê dat die kinders geen belangstelling in ontspanningsaktiwiteite toon nie (Dhurup & Surujlal, 2009:35). Die betrokkenheid by ontspanningsaktiwiteite kan 'n leergestremde kind se sosiale vaardighede bevorder. Die rede hiervoor sou wees dat die kind op 'n ander wyse as in die klassituasie aan sy portuurgroep blootgestel word (Cowart, Dingle, Mainor & Saylor, 2004:30).

Die betrokkenheid van die vader by buitemuurse en ontspanningsaktiwiteite van die leergestremde kind speel 'n essensiële rol in die sosiale en morele ontwikkeling van die leergestremde kind (Dhurup & Surujlal, 2009:36). As vaders dus by sekere buitemuurse en ontspanningsaktiwiteite van hul kind betrokke is, het dit die potensiaal om die leergestremde kind op verskeie maniere te bevoordeel. Dit sluit in dat die kind gehelp kan word om te ontspan, en die kind se hanteringsmeganismes en fisiese gesondheid bevorder word (Cowart *et al.* 2004:30). Die betrokkenheid by buitemuurse en ontspanningsaktiwiteite het die potensiaal om die interaksie tussen ouers en hul leergestremde kind positief te beïnvloed, terwyl die interaksie ook 'n bydrae kan lewer dat ouers hulle leergestremde kind beter kan verstaan (Dhurup & Surujlal, 2009:35).

4.5 TEMA 3: VERANTWOORDELIKHEID TEENOR DIE LEERGESTREMDE KIND

Verantwoordelikheid word beskou as een van die aspekte waaruit 'n vader se betrokkenheid by hul kind bestaan. 'n Vader se verantwoordelikheid teenoor hul kind kan omskryf word as die vader se betrokkenheid by die korttermyn- en langtermynversorging van die kind (Lamb & Tamis-Lemonda, 2004:2). Korttermynverantwoordelikheid sal byvoorbeeld verband hou met take soos die tref van reëlins vir 'n tandartsafspraak en hulp met skoolprojekte. Langtermynverantwoordelikheid behels die versorging en beplanning van die kind se toekoms.

4.5.1 Subtema: Die leergestremde kind se loopbaanbeplanning

Die uitdaging van en verantwoordelikheid vir hul leergestremde kind se toekoms het tydens elke onderhoud baie sterk na vore gekom. Elke vader het tydens die

onderhoud genoem dat hulle verantwoordelik voel om nou al te probeer beplan hoe en wat hulle as ouers kan doen om 'n toekoms vir die leergestremde kind te verseker. Die ouers besef dat hul kind nie universiteit toe sal kan gaan nie. As deel van die uitdaging het een van die vaders aangedui dat hulle dit as hul plig beskou om nou reeds aan hul leergestremde kind praktiese vaardighede te leer omdat hulle weet dat die leergestremde kind nie universiteit toe sal kan gaan nie.

Die vaders het genoem dat daar min leiding van die skool is ten opsigte van die verskillende werksopsies wat beskikbaar is, en wat die beste moontlike loopbaankeuse vir die leergestremde kind kan wees. Tydens die groeps gesprek is dit bevestig dat die vaders die leergestremde kind se loopbaanbeplanning as 'n uitdaging sien. Elke vader het tydens die onderhoud daarna verwys dat hulle nou moet besluit wat die beste vir hulle leergestremde kind is. Dit kan wees om die kind uit die skool te haal en eerder vir 'n praktiese kursus of ambag in te skryf waarin die spesifieke kind 'n belangstelling toon.

Hier volg direkte aanhalings van die vaders:

“Ek en my vrou het hierdie jaar besef ons vernietig ons kind deur hom in die skool te hou, omdat hy konstant onder druk is. Hy beleef frustrasies en ondervind baie spanning en ek vra myself af hoekom? Want ek weet hy gaan nie 'n ingenieur word nie. Hoekom doen ek dit aan hom en hy baat niks daarby nie. Dit veroorsaak net baie meer spanning in ons verhouding en in die huishouding. Ons wil hom eerder iets laat doen waarin ons weet hy belangstelling het. Ons weet hy sal goed voel omdat hy presteer in iets. Ja, ek en my vrou moet die besluit maak” (V3 – lo).

“Dit voel vir my soos 'n nuttelose proses dat my kind nog in 'n skool is. Ek sien elke dag dat my kind nie die intellektuele kapasiteit vermoë het om suksesvol te wees in die skool nie. Dit voel vir my asof ek hom meer skade aandoen om hom daar te hê. Daar is geen leiding van enige iemand af in hierdie opsig nie” (V1 – lo).

“Dit verg baie meer inspanning, beplanning en bekommernis van my kant af om die nodige reëlins en regte besluite te maak teenoor my ander kinders wat universiteit toe gaan en dan sal instap in 'n werk” (V1- Gg).

Volgens Davys *et al.* (2010:174) vind vaders dit baie moeilik om oor die toekomsplanne van hul leergestremde kind te dink, te beplan en te gesels. Daar word dus ervaar dat talle vaders verkies om eerder “hulle koppe in die sand te begrawe” omdat die realiteite van hulle kind se toekoms te moeilik is. Elke ouer het verwagtinge vir hulle kinders, daarom is dit beter dat vaders begin om ’n begrip vir die situasie met die leergestremde te ontwikkel.

Vaders moet self nuwe verwagtinge vir hulle leergestremde kind kan skep (Russel, 2003:146). Dit is belangrik dat vaders realistiese verwagtinge vir hulle leergestremde kind skep omdat realistiese verwagtinge die vader kan help om vinniger by die punt van aanvaarding uit te kom (Russel, 2003:146). Beresford (2004:582) is van mening dat die ouers probleme ten opsigte van die leergestremde kind se toekomsopsies ervaar omdat daar ’n gebrek aan inligting is oor wat die moontlike opsies kan wees.

4.5.2 Subtema: Gebrek aan selfstandige funksionering van die leergestremde kind

Tydens die onderhoude het drie van die vyf vaders genoem dat hulle gereeld wonder of hulle leergestremde kind in die toekoms ooit selfstandig sal kan funksioneer. Een van die vaders het gevoel dat hul leergestremde kind nooit selfstandig sal kan funksioneer nie. Hy het gevoel dat die leergestremde kind altyd van die vader en moeder afhanklik gaan wees en dat die naelstring nooit geknip sal kan word nie.

Die vaders het gewonder of hulle leergestremde kinders selfstandig sal kan funksioneer. Sal hulle byvoorbeeld ’n werk kan kry en op hulle eie by die werk kan regkom? Sal hulle alleen kan bly en hul eie inkomste verdien? Die een vader was onseker hoe sy leergestremde kind sy leerling- en bestuurderslisensie gaan kry, omdat die spesifieke kind nie kan leer nie. Die vader is bekommerd oor hoe die kind ooit sonder ’n bestuurderslisensie sal kan funksioneer. Dit het duidelik uit die onderhoude na vore gekom dat die leergestremde kind se selfstandige funksionering ’n uitdaging vir die vaders is.

Die navorser sluit twee vaders se direkte aanhalings in:

“Ons as ouers wil graag hê dat sy moet ’n goeie lewe kan leef, haar eie woonstel kan hê en dinge op haar eie kan doen. Maar dit gaan ’n ding wees, want daar sal altyd ’n naelstring wees, totdat sy dalk eendag

iemand ontmoet wat die pad saam met haar sal loop. Dit is vir my 'n bekommernis want sy gaan óf vir altyd óf vir 'n baie lang tyd altyd afhanklik wees van my en my vrou" (V2 – lo).

"Hy moet eendag gaan werk en in 'n werk moet kan instap. Daar gaan uitdagings wees en ek sal sy hand moet vat en eers vir hom moet verduidelik dit is hoe dit werk en ook 'n ogie oor hom gooi. Dit voel vir my ek gaan regtig sy hand moet vashou" (V1- lo).

Afhanklikheid is 'n belangrike kwessie waarvoor ouers bekommerd is. 'n Kind met 'n leergestremdheid is geneig om meer en vir 'n langer tydperk afhanklik te wees as 'n kind wat nie leergestremd is nie (Harrington, Leë, Louie & Newschaffer, 2008: 1148). Hampton en Mason (2003:102) is van mening dat 'n leergestremde kind meer geneig is om laer vlakke van selfstandige funksionering te toon as kinders wat nie leergestremd is nie.

Deur die werk van Margolies en McCabe (2004:242) word dit bevestig dat leergestremde kinders se selfstandige funksionering belemmer word deur die gereelde konfrontasies ten opsigte van take waarin hulle misluk. Die gereelde mislukkings kan emosionele probleme tot gevolg hê, soos 'n lae selfbeeld waar die leergestremde kind oortuig is dat hulle niks kan doen nie. Sodra die herhalende blootstelling aan mislukkings geïnternaliseer is, verswak dit die leergestremde kind se oortuigings oor hul eie vermoë om sukses te behaal. Hierdie verswakte sin van selfstandige funksionering kan die leergestremde kind se toekomstige prestasievermoëns beperk (Hampton & Mason, 2003:103).

Dit is van kardinale belang dat die kinders wat gereeld met mislukkings gekonfronteer word, blootstelling moet kry aan take wat wel binne hulle vermoë is. Hulle moet sukses kan behaal sodat hulle kan beseft dat hulle wel vermoëns het om sukses te behaal. As die kinders aan sukses blootgestel word, sal dit hulle selfstandigheid versterk om nuwe uitdagings aan te pak (Margolies & McCabe, 2004: 244).

Die fokus van die bogenoemde temas en subtemas het geval op die uitdagings wat vaders ten opsigte van hul leergestremde kind beleef. Die volgende tema en

subtemas word bespreek op grond van bevindinge rakende uitdagings wat die vaders in die algemeen beleef.

4.6 TEMA 4: GEBREK AAN ONDERSTEUNING MET BETREKKING TOT DIE LEERGESTREMDE KIND

Verskeie studies wat uitgevoer is oor vaders se ervaring van hul rol in hul leergestremde kinders se lewe, dui daarop dat vaders van mening is dat daar ondersteuningsdienste vir die kind en die moeder is, maar geen spesifieke hulp of ondersteuning vir die vader nie (Carpenter, 2002:199; Swift & Towers, 2006:15). Dit blyk dat vaders uitdagings beleef in die ondersteuningsproses met betrekking tot hul leergestremde kind (Gore, 2010:195).

4.6.1 Subtema: Gebrekkige ondersteuning deur professionele persone

Dit blyk uit die onderhoude dat vier van die vaders 'n negatiewe ervaring met professionele persone gehad het. Die vaders het genoem dat hul negatiewe ervaring onder andere tydens die diagnosering van hul leergestremde kind was, toe min inligting aan hulle as ouers gegee is, en dat die raad wat aan hulle gegee is, nutteloos was. Die vaders het ook genoem dat hulle dikwels geen simpatie van die dokter ervaar het nie.

Tydens die onderhoude het die vaders genoem dat hulle verward gevoel het na die dokter se diagnose omdat die dokter min empatie getoon het en inligting nie op 'n vlak wat ouers kan verstaan, verduidelik het nie. Die vaders het genoem dat gebrekkige ondersteuning deur professionele persone 'n uitdaging is omdat hulle meer verwarring ervaar, en dat dit baie meer spanning in die huis en onnodige addisionele druk op die huwelik plaas. Misleidende informasie maak die aanpassingsproses baie langer en ingewikkelder omdat ouers nie die leergestremdheid begryp nie. Die vaders is skepties, en het meestal negatiewe ervarings met professionele persone tydens die diagnosering van hulle kind se leergestremdheid gehad.

Hier volg direkte aanhalings van die vaders:

“Hoe gaan jy ondersteuning vind, soos wat ek vir jou gesê het aan die begin, tensy jy 'n persoon kan kry wat (naam van leergestremde kind)

presies bestudeer en dan vir jou sê hoe om hom te hanteer. Dit is ook maar 'trial en error' dit is maar hoe jy leer. Vir my eie ondersteuning, ja-nee hoe en watter tipe ondersteuning sal jy kry. Verstaan mense rêrig jou situasie" (V3 – lo).

"Ons het geen professionele dienste positief beleef nie, dit het net meer verwarring gebring. Ons het inligting op ons eie gaan soek, sodat ons besluite kon neem. Die dokters het gereeld misleidende informasie aan ons gegee. Dit was 'n groter frustrasie om dokter toe te gaan, as om eerder nie te gaan nie. Die doktersbesoeke is 'n groot frustrasie, en dit kos finansieel baie geld" (V5 – lo).

Volgens Beck, Hastings en Hill (2005:157) blyk dit dat professionele persone, soos mediese dokters en sielkundiges, wel hulp aan ouers met 'n leergestremde kind kan bied. Dit kan wel vinnig in 'n negatiewe ervaring verander as daar 'n meningsverskil tussen die ouer en die dokter voorkom.

Davies en Hall (2005:1053) bevestig dat ouers se reaksie op die diagnose van die leergestremdheid uit twee hoofemas bestaan. Eerstens onthou die ouers die empatie van die professionele persoon wat die nuus gebreek het, en tweedens die kwaliteit en kwantiteit van die inligting en die ondersteuning wat aan hulle gebied is. Volgens Byme, Dillenburger, Doherty, Galagher en Keenan (2010: 394) word die diagnoseproses as negatief beleef omdat inligting onduidelik en moeilik is om te verstaan en omdat onduidelike raad gegee word oor hoe om vorentoe te beweeg nadat die diagnose gemaak is. 'n Gesukkel om inligting te vind, kan ouers verwar, angstig maak en afgesonder van ander laat voel. Onverstaanbare inligting laat ouers onmagtig en verskrik voel (Davies & Hall, 2005:1054).

4.6.2 Subtema: Gebrekkige skoolsisteem

'n Verdere uitdaging wat die vaders beleef, is die hantering van negatiewe ervarings teenoor die skool of vorige skole waarin hulle leergestremde kinders is of was. Die vaders het verwys na hoofstroomskole en skole wat spesifiek vir die kinders met spesiale behoeftes bedoel is. Die vaders was gefrustreerd dat die skool nie voldoende leiding gee aan hulle leergestremde kind nie, en dat hul leergestremde kind nie voldoende geakkommodeer word nie.

Die vaders het genoem dat hulle as ouers gereeld moes vra dat die skool hulle kind in die klas moet akkommodeer, byvoorbeeld dat hulle kind ekstra tyd in die eksamen moet kry, en dat die kind voor in die klas moet sit. Die vaders het herhaaldelik agtergekom dat die skool nie aandag aan hulle versoeke gee nie. Die vaders was teleurgesteld in die skoolsisteem as gevolg van die gebrek aan ondersteuning tydens die proses waarin hulle leergestremde kind gediagnoseer is.

Die vaders se ervaring was dat die onderwysers die ouers min of geen inligting en leiding kon bied nie, byvoorbeeld watter tipe skool die beste vir hulle kind sou wees, watter soort terapie vir die kind voordelig sou wees, en laastens hoe die ouers die kind by die huis met skoolwerk moet hanteer. Die vaders is van mening dat die skool nie elke kind se unieke probleem in ag neem nie.

Gebrekkige ondersteuning deur die skool is deur die vaders in die groeps gesprek bevestig. Hier volg direkte aanhalings van die vaders:

“Die skole frustreer my baie omdat hulle belowe hulle sal my kind kan akkommodeer. Ek moes smek dat my kind ekstra tyd in die eksamen kon kry. Ons ervaar geen addisionele hulp nie. Die skoolstelsel is tragies. Hulle neem nie elke kind se probleem in ag nie. Hulle faal die ouers van leergestremde kinders” (V4- lo).

“My leergestremde kind is in ’n privaat skool, net vir leergestremde kinders, maar die skool gee take aan die kinders waarmee ek self sal sukkel. Die skool gee geen ondersteuning aan die ouers om ons te help hoe om huiswerk te doen nie.” (V3 – lo).

“Die skole was vir my ’n groot teleurstelling. Die onderwyser het nie eers agtergekom dat my kind leergestremd is nie. Ons as ouers het besef met die skoolwerk wat huis toe kom, dat my kind baie agter is.” (V1 – Gg).

Rawal (2010:149) is van mening dat ’n onderwyser ’n groot verskil kan maak in ’n leergestremde kind se lewe, en dat dit positief of negatief kan wees. ’n Leergestremde kind vereis individuele aandag in terme van aanpassings en verandering in die klas, waar die onderwyser die verandering volg volgens die spesifieke kind se behoeftes moet aanbring. ’n Leergestremde kind het addisionele ondersteuning nodig om te kompenseer vir die leergestremdheid (Rawal, 2010:149).

'n Onderwyser kan baie ondersteuning verleen aan 'n leergestremde kind as die onderwyser bereid is om aanpassings te maak en as die onderwyser kennis dra van leergestremdhede. 'n Leergestremde kind kan die nodige ondersteuning ervaar van die skool as die onderwyser bereid is om in die klas aan sekere aspekte aandag te gee (Rawal, 2010:152).

Navorsing het al duidelik uitgewys dat 'n sterk ouer-onderwyser-verhouding tot hoër ouerbetrokkenheid lei, wat 'n verdere voordeel vir die kind se akademiese prestasies kan hê (Knopf & Swick, 2007:291). Verskeie onderwysers vind dit baie uitdagend om ouerbetrokkenheid te fasiliteer op 'n vlak wat besondere verandering ten opsigte van die kind se prestasie sal teweegbring (Knopf & Swick, 2007:292).

'n Belangrike faktor in die fasilitering van 'n ouer-onderwyser-verhouding is hoe onderwysers dit benader om 'n goeie vennootskap te ontwikkel wat die ouer as positief sal beleef. Ongelukkig word die behoeftes en persepsies van die ouers geïgnoreer omdat talle onderwysers aanneem dat hulle die ouers se behoeftes verstaan. 'n Belangrike aspek wat voortdurend geïgnoreer word, is dat 'n oop lyn van kommunikasie eers gevestig moet word wat die ontwikkeling van die verhouding tussen ouer en onderwyser sal fasiliteer en 'n goeie ouer-onderwyser-verhouding tot gevolg sal hê (Knopf & Swick, 2007:292). Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat 'n goeie ouer-onderwyser-verhouding voordeel vir die leergestremde kind inhou.

4.7 TEMA 5: INVLOED VAN DIE LEERGESTREMDE KIND OP GESINSVERHOUDINGE

'n Gesin en die gesinsverhouding word beskou as 'n interaktiewe, interafhanklike sisteem waarin die individuele lede mekaar onderling beïnvloed. Enigiets wat een lid van die gesin beïnvloed, kan ook al die ander lede van die gesin, en dus die gesin in die geheel, beïnvloed (Coertzer, 2005:3; Schoeman, 2007:4).

4.7.1 Subtema: Huweliksverhouding

Die vaders het tydens die onderhoude en die groepgesprek verwys na die invloed wat die leergestremde kind op hul **huwelik** het. Al die vaders het melding gemaak dat hulle konflik in hulle huwelik beleef as gevolg van die addisionele uitdagings wat die leergestremde kind op die huwelik plaas. Die uitdagings waarna die vaders verwys het, is die hoeveelheid tyd en energie wat die spesifieke kind vereis, die gesinstyd wat ontnem word, en die finansiële implikasies wat bestaan.

In die groepgesprek het die vaders genoem dat daar gereeld meningsverskille tussen man en vrou is, onder andere oor hoe sekere sake met betrekking tot die leergestremde kind hanteer behoort te word. Hierdie meningsverskille lei tot die beleving van frustrasie en konflik tussen die eggenote. Die hoeveelheid tyd wat die leergestremde kind in beslag neem, veroorsaak gereelde konflik in die huwelik omdat die ouers nie voldoende bymekaar kan uitkom nie.

Die impak wat die leergestremde kind op die huwelik het, is ook in die groepsgesprek bevestig. Hier volg direkte aanhalings van die vaders:

“Ek dink in ons verhouding met mekaar is dit moeilik. Jy het nie tyd vir mekaar nie, ons het gereeld meningsverskille oor die leergestremde kind, besluite wat ons moet neem. In tye waar die spanning hoog is in die huis, sal almal met almal baklei” (V3 – lo).

“Die impak op ons huwelik is groot, ons huis ontplof soms omdat almal op mekaar skree. Daar was tye waar ek en my vrou mekaar wou aanrand as gevolg van die spanning. Party dae was ek anti-ma omdat sy so streng is ten opsigte van die leerwerk en ander dae is ek anti-leergestremdekind omdat hy tussen my en my vrou kom” (V4 – lo).

“Ek en my vrou verskil gereeld oor hoe om aspekte te hanteer, veral oor die leergestremde kind se akademie wat die kind huis toe bring. Albei beleef baie frustrasies met die situasie en dan haal ons dit op mekaar uit” (V3 – Gg).

Berger en Heiman (2008:289) beklemtoon dat 'n kind met spesiale behoeftes 'n besonderse impak op die gesin se funksionering en op gesinsverhoudings kan hê.

Uit die literatuur blyk dit dat die egskeidingsyfer baie hoër is in gesinne met 'n leergestremde kind as gevolg van die uitdagings wat die spesifieke kinders na vore bring. Die uitdagings sluit in addisionele finansiële spanning, en meer tyd en energie wat die kinders verg. Die permanensie van die leergestremdheid plaas meer verantwoordelikheid op die ouers. Laastens kan die versorging van 'n leergestremde kind die gesinsfunksionering ten opsigte van aanpasbaarheid, konflikhantering en rolbesetting beïnvloed (Duffy & Sperry, 2002:430; Edwards *et al.* 2008:33; Sobsey, 2004:62; Swift & Towers, 2006:21).

Ouers van leergestremde kinders word ook op 'n emosionele vlak uitgedaag en hulle voel dikwels skuldig omdat hulle moontlik wonder wat die oorsaak van die leergestremdheid is. Dit kan daartoe lei dat ouers mekaar moontlik kwalik neem wanneer die leergestremdheid die gevolg van 'n genetiese oorsaak is (Carpenter, 2002:197; Rörich, 2008:4).

4.7.2: Subtema: Verhouding tussen sibbes

Al die vaders het genoem dat hulle ervaar dat die leergestremde kind wel 'n invloed op **die sibbes** het. Die sibbe sal gereeld 'n opmerking maak dat die vader of die moeder baie meer tyd aan die leergestremde kind as aan hulle bestee. Die vaders het ook daarna verwys dat twee sibbes met mekaar sal kompeteer om aandag by die ouers te kry. Dit lei mettertyd tot konflik tussen die twee sibbes.

Die vaders het genoem dat dit makliker is om die situasie te verduidelik as die sibbe bietjie ouer is, maar as die sibbe jonger is, maak dit die uitdaging groter omdat hulle dit nie kan verstaan nie. Die vaders kan verstaan waarom die jonger sibbe dit waarneem dat die ouers meer tyd met die leergestremde kind bestee, al is dit in werklikheid negatiewe tyd as gevolg van die konflik en spanning.

Tydens die groeps gesprek is dit deur die vaders bevestig dat daar gereeld konflik en kompetisie tussen die sibbes is. Hier volg direkte aanhalings van die vaders:

“Dit is vir my baie moeilik om 'n balans te vind tussen my leergestremde kind en my kind sonder leergestremdheid. Om die hoeveelheid tyd en energie te verdeel tussen die twee, is moeilik. Ek vind geen balans tussen die twee kinders nie. Daar is tye waar die twee mekaar sal kwalik neem

ten opsigte van die hoeveelheid tyd wat ons as ouers aan hulle spandeer” (V3 –lo).

“My twee kinders sal mekaar gereeld invlieg om te kompeteer vir aandag. Hulle verstaan nie dat die aandag wat ek spandeer met die leergestremde kind nie ontspanningstyd is nie. En die leergestremde kind voel ook afgeskeep, want sy sien dat die tyd wat ek spandeer met haar boetie minder konflik en meer lekker lagtye is. Dit is ’n groot uitdaging, om albei die kinders gelyk te hanteer in dié opsig” (V2 – lo).

“Daar is gereelde konflik tussen leergestremde kind en sussie, want hy sien ook dat jonger sussie al in wiskunde iets kan doen wat hy nie kan doen. Daar is gereeld konflik” (V1 –Gg).

Die kind word beskou as ’n sub sisteem van die gesinsisteem wat die gesin as ’n sisteem beïnvloed, omdat dit holisties funksioneer. Daarom sal die sibbe ook deur die leergestremde kind in die gesin beïnvloed word. Stoneman (2005:340) meen dat ’n leergestremde sibbe wel ’n negatiewe uitwerking op die sibbe kan hê as gevolg van die volgende redes:

- ’n Leergestremde kind kan die sibbe se selfkonsep negatief beïnvloed omdat die sibbe kan voel dat die ouers hulle afskeep.
- Die lae selfkonsep kan veroorsaak dat die sibbe gedragsprobleme soos aggressie ontwikkel en dan kan die sibbe meer begin onttrek.
- Die leergestremde kind kan veroorsaak dat die sibbe baie eensaam raak, wat tot depressiewe gevoelens kan lei (Stoneman, 2005:340).
- Die sibbe kan minder aandag van die ouers ontvang as gevolg van die hoeveelheid tyd wat die leergestremde kind in beslag neem, en ook minder deelname in buite-aktiwiteite toon as gevolg van minder kameraadskap wat die sibbe in die gesin beleef (Naylor & Prescott, 2004: 200).

4.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die data vanuit die onderhoude en groeps gesprek ingesamel, en aan die hand van Braun en Clarke (2006:87–93) se stappe verwerk. Dit het die

navorser in staat gestel het om temas te identifiseer. Die uitdagings wat die vaders in hulle verhouding met hul leergestremde kind geïdentifiseer het, is soos volg: die interaksie met die leergestremde kind word met baie hartseer, konflik en teleurstelling ervaar; die vaders beleef uitdagings in hul toeganklikheid vir die leergestremde kind as gevolg van faktore wat die vaders se toeganklikheid belemmer; sekere verantwoordelikhede teenoor hul leergestremde kind word as 'n uitdaging ervaar omdat die verantwoordelikhede lang termyn is en meer inspanning van die vader verg; die gebrekkige ondersteuning deur professionele persone plaas addisionele frustrasie op die vaders en verhoed 'n goeie verhouding tussen die vader en die kind. Laastens ervaar die vaders dat die leergestremde kind 'n invloed op die gesinsverhoudinge het, wat hul verhouding met hul kind meer beperk.

Die navorser gaan nou daartoe oor om die gevolgtrekkings en aanbevelings ten opsigte van die bevindinge in hierdie hoofstuk te bespreek.

HOOFSTUK 5

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die gevolgtrekkings aangebied wat van die bevindings in Hoofstuk 4 afgelei is. Die gevolgtrekkings word gemaak met betrekking tot die uitdagings wat die vaders in hul verhouding met hul leergestremde kind beleef. Aanbevelings word ook gemaak vir persone wat betrokke is by die vaders wat 'n leergestremde kind het. Laastens word enkele opmerkings met betrekking tot die leemtes in hierdie studie gemaak. Wanneer die term “die kind” in hierdie hoofstuk gebruik word, verwys dit na “die leergestremde kind”.

5.2 GEVOLGTREKKINGS AANGAANDE DIE DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van die studie is om die uitdagings wat vaders in hul verhouding met hul leergestremde kind beleef, te verken en te beskryf. Die navorser beskou hierdie doel as bereik. Die onderwerp is verken deur die onderhoude wat gevoer is met die vyf deelnemers en die groepsgebesprek wat gevoer is met die drie deelnemers wat die uitdagings in hul verhouding met hul leergestremde kind beskryf het. Die onderhoude het die navorser die geleentheid gegee om deur middel van die vrae elke vader se ervaring van hul verhouding met hul kind aan te hoor en te verstaan.

Die navorser kom tot die slotsom dat vaders uitdagings in hul verhouding met hul leergestremde kind beleef. Die navorser kan tot 'n verdere gevolgtrekking kom dat die uitdagings wat die vaders geïdentifiseer het, opgedeel kan word in verskillende temas, naamlik uitdagings in die vaders se interaksie met hul leergestremde kind; toeganklikheid vir die leergestremde kind; verantwoordelikheid teenoor die leergestremde kind; die gebrek aan ondersteuning met betrekking tot die leergestremde kind; en die invloed van die leergestremde kind op die gesinsverhoudinge. Die gevolgtrekkings vanuit die bevindinge aangaande die uitdagings wat vaders in hul verhouding met hul leergestremde kind beleef, word vervolgens bespreek.

5.3 GEVOLGTREKKINGS MET VERWYSING NA DIE UITDAGINGS

Die bevindinge van die studie ondersteun die gevolgtrekking dat vaders uitdagings in hul verhouding met hul leergestremde kind beleef. Die navorser maak gevolgtrekkings aan die hand van die temas en subtemas.

5.3.1 Vaders se interaksie met hul leergestremde kind

Op grond van die vaders se interaksie met hul leergestremde kind word die volgende gevolgtrekkings gemaak:

- Dat vaders van 'n leergestremde kind die bou van 'n verhouding met die kind as 'n uitdaging sien, omrede die vaders hartseer, konflik, teleurstelling en aanvaarding tydens die interaksie ervaar. Die emosie **hartseer** wat die vaders in hul verhouding met hul leergestremde kind beleef, word veroorsaak deur die gereelde konfrontasie tydens die vaders se interaksie met hul leergestremde kind, met momente waar die vaders besef dat hul leergestremde kind 'n reuse-agterstand beleef teenoor die kind wat nie leergestremd is nie.

Die emosie van hartseer wat die vaders beleef, vloei saam met **teleurstelling**, dat die vaders vrede moet maak met die gedagte dat hul leergestremde kind nie kan voldoen aan die verwagtinge wat die vaders van 'n "perfekte kind" verwag nie. Teleurstelling is 'n algemene emosie wat die vaders in hulle verhouding met hul leergestremde kind ervaar.

Die gereelde **konflik** wat in die verhouding heers, bring weer mee dat die vaders ook hartseer in die verhouding kan beleef. Die gereelde konflik ontstaan omdat die vader en die kind mekaar se frustrasies nie verstaan nie. Die vaders se gebrek aan oplettheid om konflik te vermy en om die konflik op 'n positiewe manier te probeer oplos, dra tot die konflik by. Dat dit nie vir die vaders maklik is om die leergestremdheid te aanvaar nie, kan bydra tot die feit dat vaders die interaksie met die leergestremde kind as 'n uitdaging sien.

- Die sisteemteorie is van toepassing in terme van wat vaders in hul verhouding met hul leergestremde kind beleef, naamlik die hartseer, konflik, teleurstelling en aanvaarding wat die gesin as geheel beïnvloed. Die vader word as 'n

subsisteem in die gesinsisteem gesien. Dit kan daartoe lei dat 'n verandering in die vader se gemoed die homeostase in die gesinsisteem kan beïnvloed en dan na die gesinsverhoudinge oorspoel.

5.3.2 Toeganklikheid vir die leergestremde kind

- Die vaders se uitdagende **werksomstandighede** veroorsaak dat daar min geleentheid is om by hulle leergestremde kinders betrokke te wees. Die vaders is in die meeste gevalle die broodwinner in hierdie huishoudings om die nodige finansiële sekuriteit te bied en hulle is dus dikwels genoodsaak om baie hard te werk. Die vaders wil graag meer by hul leergestremde kind betrokke wees as wat hulle tans is. Die vaders se werksomstandighede word as 'n uitdaging beleef, omdat die vaders meer vindingryke maniere moet vind om met hul kind te bind.
- Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat die hantering van konfliktsituasies in die huishouding vir die vaders 'n uitdaging is. Konfliktsituasies ontstaan in die huishouding as gevolg van die wyse waarop die skoolwerk van die leergestremde kind hanteer word. Dit lei tot 'n negatiewe uitwerking op vaderlike betrokkenheid. Dié konflik wat in die huishouding plaasvind, lei daartoe dat die verhouding tussen die vader en die leergestremde kind negatief geraak word.
- Die vader van 'n leergestremde kind beleef 'n uitdaging in die bou van 'n verhouding met die kind, aangesien die adolessente fase van die kind as 'n struikelblok ervaar word. Die adolessente fase van die spesifieke leergestremde kind maak dit dikwels moeilik vir die vader om 'n hegte band met die kind te kan vorm. Die vaders vind dit dikwels makliker om te bind met hul kind as die kind jonger is. Hierdie adolessente fase word ook geassosieer met die "storm-en-drang"-etiket, wat veral met konflik met die ouers gepaard gaan. Die vaders vind dit moeilik om 'n hegte band met hulle leergestremde kind te vorm.
- Die vaders beleef die toeganklikheid vir hul leergestremde kind as 'n uitdaging omdat die kind te min by buitemuurse en **ontspanningsaktiwiteite** betrokke is. Omdat 'n leergestremde kind nie by buitemuurse en ontspanningsaktiwiteite betrokke is nie, bied dit vir die vader geeneleentheid

om hul kind in positiewe omstandighede te ondersteun of waar te neem nie. Laasgenoemde dra by tot die uitdaging vir die vader om 'n verhouding met sy leergestremde kind te bou.

- Volgens die sisteemteorie word werk, skool, buitemuurse en ontspanningsaktiwiteite as deel van die eksterne sisteem (metasisteem) beskou. Hierdie sisteme speel ook 'n rol in die vader se verhouding met sy leergestremde kind, omdat al die sisteme 'n mekaar beïnvloed. Dit is dus belangrik dat daar homeostase in al die sisteme is vir die gesonde funksionering van die metasisteem as 'n geheel. As een sisteem, byvoorbeeld die vader se werk, nie stabiel is nie, sal dit 'n invloed op al die sisteme hê, byvoorbeeld op die gesinsverhoudinge. Die eksterne sisteem van die kind, naamlik buitemuurse en ontspanningsaktiwiteite, dra daartoe by dat die ander sisteme waarin die kind funksioneer positief of negatief beïnvloed word.

5.3.3 Verantwoordelikheid teenoor die leergestremde kind

In terme van die verantwoordelikheid teenoor die leergestremde kind kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Die vaders beleef bekommernisse met betrekking tot hulle kind se **loopbaanbeplanning**. Die vader-kind-verhouding word deur bekommernis gekenmerk omrede die kind dikwels weinig baat vind deur 'n skool by te woon. Die vader ervaar die kind se loopbaanbeplanning as 'n bekommernis omdat die vaders min kennis oor die verskillende loopbaanopsies het. Die vaders is onseker of hulle die regte besluite ten opsigte van die kind se loopbaanbeplanning neem.
- Die vaders beleef die leergestremde kind se **gebrek aan selfstandige funksionering** as 'n uitdaging vir die toekoms. Die vaders is onseker of hulle vir altyd vir die leergestremde kind verantwoordelik kan wees.
- Volgens die sisteemteorie word die gesinsisteem deur een subsisteem, die persoon se probleem, beïnvloed. Sisteme is interafhanklik van mekaar en funksioneer nie in isolasie nie. Die leergestremde kind se gebrek aan selfstandige funksionering beïnvloed die gesin-, vader-en-kind-, en die

huweliksisteem omdat dit 'n langtermynverantwoordelikheid is vir die vader en addisionele spanning binne die sisteme veroorsaak.

5.3.4 Gebrek aan ondersteuning met betrekking tot die leergestremde kind

In terme van gebrek aan ondersteuning met betrekking tot die leergestremde kind word die volgende gevolgtrekkings gemaak:

- Die vaders ervaar negatiewe belewenisse ten opsigte van professionele persone as gevolg van **gebreklike ondersteuning deur professionele persone**. Die vaders ervaar meer verwarring by dokters omdat die raad wat gegee word, nie verstaanbaar is nie. Die vaders het dikwels geen empatie van professionele persone ervaar nie. Dit veroorsaak dat die vaders nie wil saamgaan na doktersafsprake nie.
- Die vaders beleef die **skoolsisteem as gebrekkig**, aangesien hulle min of geen leiding van die skool of die onderwyser ontvang ten opsigte van die hantering van die skoolwerk van hulle kind nie. Die vaders het nie ondersteuning van die skool ervaar nie, daarom dat die vader nog meer beskermend teenoor sy leergestremde kind optree. Daar is nie oop kommunikasie tussen onderwysers en die vaders nie. Die min of geen leiding wat van die skool ervaar word, dra by tot die gevoelens van “eensaamheid” wat die vaders ten opsigte van ondersteuning van hul leergestremde kind beleef.
- In terme van die sisteemteorie word die dokters en onderwysers as die eksterne sisteem (metasisteem) beskou. Die inligting, raad en ondersteuning van die metasisteem (dokters en onderwysers) kan deur middel van terugvoermeganismes besluit of die inligting, raad en ondersteuning tot positiewe verandering lei, waardeur die gesin 'n nuwe homeostase bereik. Die vader-kind-verhouding sal voordeel daaruit trek omdat die vader raad aanvaar wat hulp verleen met die uitdagings wat die vaders beleef.

5.3.5 Invloed van die leergestremde kind op gesinsverhoudinge

- Die volgende gee aanleiding tot **konflik binne die huwelik**, naamlik die addisionele tyd wat 'n leergestremde kind in beslag neem, teenoor 'n kind sonder 'n leergestremdheid; die finansiële uitgawes, en besluite wat geneem word ten opsigte van die kind se toekoms. Laastens kan die **frustrasies** wat die vader en die moeder beleef in hul verhouding met die leergestremdheid aanleiding gee tot konflik tussen die moeder en vader.
- Die **sibbes beleef konflik** onder mekaar, wat 'n verdere uitwerking op die vader-kind-verhouding het, aangesien die vader hier ook 'n leidende rol moet speel om die verhoudinge in die huishouding in stand te hou. Die sibbes se konflik onder mekaar veroorsaak 'n addisionele spanningsvlak in die huishouding. Die vaders ervaar skuldgevoelens ten opsigte van die leergestremde kind se sibbe oor die oormaat tydsbesteding wat die spesifieke kind vereis, en die vaders beleef ook dat hulle nie daarin slaag om hulle tyd regverdig tussen al die kinders te verdeel nie.
- Die huwelik en die sibbes word as sub sisteem binne die gesinsisteem gesien. Die sub sisteem bestaan binne die gesinsisteem as 'n geheel. Die sub sisteem vorm ook deel van die onderlinge verbindingseenheid. Dit lei daartoe dat alle lede mekaar wedersyds beïnvloed en nie in isolasie van mekaar staan nie. Daarom sal die leergestremde kind 'n uitwerking hê op die sibbes en op die huwelik. Een persoon se gedrag en funksionering lei dus tot verandering in die funksionering van die res van die lede.

5.4 AANBEVELINGS

Vanuit die gevolgtrekkings word die volgende aanbevelings gemaak:

5.4.1 Vaders se interaksie met hul leergestremde kind

- Die navorser beveel aan dat die vaders 'n professionele persoon besoek om hulle in die aanvaardingsproses te begelei. Die aanvaarding van die leergestremdheid van hulle kind hou baie voordele in. Dit lewer 'n positiewe bydrae tot die verhouding tussen die vader en die leergestremde kind. 'n Ander voordeel kan wees dat die vader die leergestremde beter kan verstaan. Dit sal die vader in staat stel om die leergestremde kind met meer geduld te hanteer.

'n Ander moontlikheid kan ook wees om 'n ondersteuningsgroep te stig wat deur byvoorbeeld 'n sielkundige gelei word, en die vaders in die proses van aanvaarding kan begelei. So 'n ondersteuningsgroep kan die vader begelei om die leergestremde kind te aanvaar vir wie hulle is en dit kan vir die vader-kind-verhouding tot voordeel wees. Hierdie ondersteuningsgroep kan ook daarop fokus om die verhouding tussen die vader en die leergestremde kind te verbeter. Die groep kan geleentheid reël waar die vader en die leergestremde kind saam met ander vaders en leergestremde kinders aktiwiteite soos visvang saam kan doen.

- Die navorser beveel aan dat die vaders begelei word hoe om konflik op 'n positiewe manier met die leergestremde kind te hanteer. Dit vind plaas deur middel van lesings wat aangebied word deur professionele persone en ouers wat ervaring met 'n leergestremde kind het. Die navorser beveel aan dat vaders aktiwiteite saam met die leergestremde kind doen waar die kind se leergestremdheid nie blootgestel word nie. Dit help met die proses van konflikhantering.

5.4.2 Toeganklikheid vir die leergestremde kind

- Die navorser beveel aan dat werkgewers 'n ondersteunende rol aanneem teenoor die werknemers, byvoorbeeld dat daar werkkursusse aangebied word wat oor iets soos effektiewe tydsbeplanning kan handel. Sulke

kursusse help werknemers, soos vaders wat voldag werk, om die fasette van hulle lewens te prioritiseer. Die werkgewers kan ook meer spesiale verlofdae aanbied vir vaders wat kinders het wat meer gereeld as normale kinders spesialisafsprake vereis. Die spesiale verlofdae kan moontlike implikasies vir die werkgewer hê, daarom moet die spesiale verlofdae tot 'n sekere aantal dae beperk wees. Dit vereis egter dat werkgewers 'n beter begrip vir hulle werknemers moet hê.

- Die navorser beveel aan dat kerke of skole geleenthede skep waar professionele persone vir die vaders en kinders ondersteuningsgroepe aanbied. Dit kan 'n dag of selfs kampe wees waar die pa en die kind geleenthede kry om op hul verhouding te fokus. Die dag kan ook besprekings insluit om aan die vader kennis te verskaf oor hoe 'n tipiese verhouding tussen 'n vader en 'n kind behoort te lyk.
- Die navorser beveel aan dat onderwysers in hul privaat hoedanigheid of namens die skool een-tot-een-sessies vir ouers aanbied, om ouers die nodige tegnieke en kennis aan te leer van hoe om die leergestremde kind by die huis te hanteer en te ondersteun. Die onderwyser bemagtig dan die vaders oor hoe om die kind op die beste manier moontlik by die huis te hanteer. Dit help die vaders dat skoolwerk nie meer 'n negatiewe uitwerking op die vader en die huishouding het nie. Sulke geleenthede help die vader om te verhoed dat skoolwerk 'n negatiewe uitwerking op vaderlike betrokkenheid het.

5.4.3 Verantwoordelikheid teenoor die leergestremde kind

- Die navorser beveel aan dat skole 'n rol speel om aan vaders meer inligting oor al die moontlike opsies te verskaf wat 'n leergestremde kind ten opsigte van opleiding vir hul toekoms het. Afgevaardigdes in skole kan navorsing doen oor die verskillende ambagte, of organisasies vra om inligtingsaande vir die ouers van 'n leergestremde kind te hou.
- Die vaders kan begelei word deur terapie om makliker by die langtermynverantwoordelikheid van die leergestremde kind aan te pas, sodat homeostase bereik kan word in al die sisteme wat betrokke is. Die

aanvaarding van die leergestremdheid het tot gevolg dat die vader makliker by die langtermynverantwoordelikhede sal kan aanpas.

5.4.4 Gebrek aan ondersteuning met betrekking tot die leergestremde kind

- Die navorser beveel aan dat professionele persone, soos dokters wat die diagnose van die leergestremdheid aan die ouers oordra, die geleentheid vir ontlasting skep deur die hulp van 'n opvoedkundige sielkundige in te roep. Op daardie wyse word empatie aan die ouers getoon. Verder kan hulle die ouers ook in die proses begelei indien die ouers nog vrae het wat hulle wil vra.
- Die navorser beveel aan dat onderwysers bewus moet raak van die moontlike emosies wat die vaders kan ervaar, sodat die onderwyser ook aan die vader die nodige ondersteuning kan bied. Die onderwysers kan deur die Departement van Onderwys verplig word om elke jaar punte op te bou deur verskillende werksinkels of kursusse by te woon wat oor onderwerpe soos leergestremdheid sal handel. Onderwysers beskik oor kennis van leergestremdhede, maar die onderwysers moet gereeld blootstelling kry aan nuwe navorsing wat gedoen is sodat die bestaande kennis verbreed word.

5.4.5 Invloed van die leergestremde kind op gesinsverhoudinge

- Die navorser beveel aan dat ouers van 'n leergestremde kind van berading gebruik maak om die konflik wat in die huweliksverhouding beleef word, te hanteer. 'n Berader sou hulp kan verleen sodat die ouers ook beter in staat is om voldoende energie aan die leergestremde kind te gee.
- Die navorser beveel aan dat vaders sensitief moet wees vir die sibbe wat nie leergestremd is nie vir enige emosionele probleme wat dalk na vore mag tree, byvoorbeeld depressie. Die vader moet die sibbe ook die geleentheid gee om 'n sielkundige te sien en om ondersteuning aan die sibbe te bied.

5.5 LEEMTES IN DIE STUDIE

Die volgende leemtes in die studie is geïdentifiseer:

- Die onderhoude moes na werksure plaasvind en dit kon 'n moontlike invloed hê op die vaders se response op die vrae, omdat 'n onderhoud na 'n voldag by die werk plaasgevind het waar van die vaders vereis is om oor 'n emosionele saak te kom gesels.
- Die deelnemers was almal Afrikaanssprekend en het dus nie die bevolkingsamestelling van Suid-Afrika weerspieël nie.
- Die steekproefgrootte was beperk en veralgemenings kan nie gemaak word nie. 'n Groter steekproef sou moontlik ander bevindinge meegebring het.
- Die groeps gesprek het ook net drie van die deelnemers betrek, wat moontlik 'n invloed op dataversadiging in hierdie navorsing kon hê.

5.6 AANBEVELINGS VIR STUDIES IN DIE TOEKOMS

Die volgende aanbevelings vir verdere studies is geïdentifiseer:

- Navorsing oor hoe om speltherapie te gebruik om die sibbes van die leergestremde kind te ondersteun. Speltherapie bied die geleentheid om die sibbes op hul vlak te ontmoet en om hulle in hul leefwêreld van kindwees te ontmoet.
- Die vind van maniere vir skole om ondersteuning aan vaders met 'n leergestremde kind te bied.
- Navorsing om die bystand te ondersoek wat onderwysers aan die vaders kan gee oor hoe om die leergestremde kind by die huis te hanteer of met die akademie te ondersteun.

5.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die gevolgtrekkings van die studie bespreek. Die aanbevelings wat gemaak is ten opsigte van die uitdagings wat die vaders in hul verhouding met hul leergestremde kind beleef, is bespreek. Die navorser het laastens die leemtes van die studie geïdentifiseer wat moontlik 'n invloed kon hê dat die resultate nie veralgemeen kan word nie, aangesien die steekproef wat tot die navorser se

beskikking was, beperk was. Laastens is daar op aanbevelings vir toekomstige studies gefokus.

BRONNELYS

Allen, S. & Daly, K. 2007. The effects of father involvement: An updated research summary of the evidence. Father Involvement Research Alliance.

http://www.fira.ca/cms/documents/29/Effects_of_Father_Involvement.pdf Date of access: 23 Mar. 2013.

Al-Yagon, M. & Cinamon, R.G. 2008. Work-family relations among parents of children with Learning disorders. *European Journal of Special Needs Education*, 23(2):91-107.

Al-Yagon, M. 2012. Sub-types of Attachment Security in school-age children with Learning Disabilities. *Learning Disability Quarterly*, 35(3):170-183.

Amerongen, M. & Mishna, F. 2004. Learning Disabilities and Behaviour problems: A Self Psychological & Intersubjective approach to working with parents. *Psychoanalytic Social Work*, 11(2):33-53.

Anderson, L.S., Becker, T.S., Lutz, K.F., Pridham, A. & Riesch, S.K. 2009. Furthering the understanding of Parent-child-relationships: A nursing scholarship review series. *J Spec Pediatric Nurse*, 14(4):256-261.

Aucamp, E.J. 2005 'n Sistemiese konstruksie van die gesinsdinamika van die laerskoolkind wat dwelmmiddels gebruik. Pretoria: UP. (Proefskrif - MA).

<http://upetd.up.ac.za/thesis/available/etd-05282008-081443/unrestricted/dissertation.pdf> Date of access: 16 Jun. 2013.

Babbie, E. 2010. The practice of social research. 12th ed. Belmont: Wadsworth.

Babbie, E. & Rubin, A. 2007. Research methods for Social work. 7th ed. United States of America: Brooks/Cole.

Bacon, N., Brophy, M., Mguni, N., Mulgan, G. & Shandro, A. 2010. *The state of happiness: Can public policy shape people's wellbeing and resilience?* The Young Foundation, London. <http://youngfoundation.org/wp-content/uploads/2012/10/The-State-of-Happiness.pdf> Date of access: 10 July. 2013.

Baker-Ericzen, M.J., Brookman-Frazee, L. & Stahmer, A. 2005. Stress levels and adaptability in parents of toddlers with and without autism spectrum disorders. *Research and Practice For Persons With Severe Disabilities*, 30(4):40-60. <http://www.readperiodicals.com/201010/2129933521.html#b> Date of access: 16 June. 2012.

Barnes, C.M. 2008. Some relationships among father involvement and the literacy of young children with disabilities. Tennessee: University of Tennessee. (Thesis-M.Ed.)
http://trace.tennessee.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=1044&context=utk_gradthes
Date of access: 12 June. 2012.

Barnet, D., Clements, M, Kaplan-Estrin, M. & Fialka, J. 2003. Building new dreams: Supporting Parents' adaption to their child with Special Needs. *Walters Kluwer Generic Journal*, 76(3):184-200.

Bauminger, N. & Kimhi-Kind, I. 2008. Social information processing, security of attachments, and emotional regulation in children with learning disabilities. *Journal of Learning Disabilities*, 41 :315-332.

Beatty, D. & King, A. 2008. Supporting fathers who have a child with a disability: *The development of a new parenting program*. *Groupwork*, 18(3):9-12.
www.groupworksolutions.com.au/LiteratureRetrieve.aspx?ID=69538 Date of access: 18 Aug. 2012.

Beck, A., Hastings, R.P. & Hill, C. 2005. Positive outcomes made by children with an intellectual disability in the family. *Journal of Intellectual Disabilities*, 9(2):155-165.

Becvar, D.S. & Becvar, R.J. 2013. *Systems Theory & Family Therapy*. 8th ed. Boston: Mass: Pearson.

Bell, M., Bentovin, A., Heard, D. & Wilson, K. 2003. *The practitioners guide to working with families*. New York: Palgrave MacMillan Publishers.

Beresford, B. 2004. On the road to nowhere? Young disabled people and transition. *Child: Care, Health and Development*, 30(6):581-587.
<http://onlinelibrary.wiley.com.nwulib.nwu.ac.za/doi/10.1111/j.1365-2214.2004.00469.x/full> Date of access: 8 Aug. 2013.

Beresford, B., Rabiee, P. & Sloper, P. 2007. Outcomes for parents with disabled children. *Research findings from the social policy research unit*. University of York.
<http://www.york.ac.uk/inst/spru/pubs/rworks/aug2007-03.pdf> Date of access: 18 Aug. 2012.

Berger, O. & Heiman, T. 2008. Parents of children with *Asperger* syndrome or with Learning Disabilities: Family environment and social support. *Research in Developmental Disabilities*, 29:289-300.

<http://www.sciencedirect.com.nwulib.nwu.ac.za/science/article/pii/S08914222070004>

67 Date of access: 3 Oct. 2013.

Bless, C., Higson-smith, C. & Sithole, S.L. 2013. *Fundamentals of Social Research Methods: An African Perspective*. Cape Town: Juta & Co.Ltd.

Braun, V. & Clarke, V. 2006. Using thematic analysis in psychology. *Qualitative Research in Psychology*, 3(2):87-93.

Byrne, T., Dillenburger, K., Doherty, Al., Galagher, S. & Keenan. M. 2010. The experiences of Parents during Diagnosis and forward planning for children with Intellectual Disabilities. *Journal of Applied Research in Intellectual Disabilities*. 23 (2),390-397.

Carpenter, B. 2002. Inside the portrait of a family: the importance of fatherhood. *Early Child Development and Care*, 172 (2):195-202.

Cockcroft, K. & Hartgill, M. 2004. Focusing on the abilities in learning disabilities: dyslexia and creativity. *Education As Change*, 8(1):61-79.

Coertzer, M.C. 2005. 'n Ondersoek na die sosiale en emosionele beleving van die kinders binne 'n gesinsituasie waar die broer/suster gestremd is. Pretoria: U.P (Tesis-M.Ed).

Cohen, N.J. 2002. *Language impairment & psychopathology in infants, children and adolescents*. USA: Sage Publications, Inc.

Coyl-Shephard, D.D & Hanlon, C. 2013. Family play and leisure activities: correlats of parents' and children's socio-emotional well-being. *Journal of Play*, 2(3):254-272. [.http://www.tandfonline.com.nwulib.nwu.ac.za/doi/pdf/10.1080/21594937.2013.85537](http://www.tandfonline.com.nwulib.nwu.ac.za/doi/pdf/10.1080/21594937.2013.85537)
6 Date of access: 3 Jan 2014.

Cowart, B. L., Dingle, A. & Mainor, M. & Saylor, C. F. 2004. *North American Journal of Psychology*, 6(1):27-42.

Cox, M., & Harter, K. S. M. 2003. Parent-child relationships. (*In Bornstein, M.H., ed. Positive development across the life course. Mahwah, NJ: Lawrence Erlbaum. p. 191-204*).

Creswell, J.W. 2009. Research design: Qualitative, quantitative and mixed methods approaches. 3rd ed. Los Angeles: Sage.

Darling, R.B. & Seligman, M. 2007. Ordinary families, Special Children. A systems approach to childhood disability. 3rd ed. New York: The Guilford Press.

Davies, S. & Hall, D. 2005. "Contact a family" professionals and parents in partnership. *Archives of Disease in Childhood*, 90:1053-1057. <http://adc.bmj.com.nwulib.nwu.ac.za/content/90/10/1053.full> Date of access: 4 Oct. 2013.

Davys, D., Haigh, C. & Mitchell, D. 2010. Future Planning, parental expectations & sibling concern for people who have a Learning disability. *Journal of intellectual disabilities*, 14(3):167-183. <http://jid.sagepub.com.nwulib.nwu.ac.za/content/14/3/167.full.pdf+html> Date of access: 5 Oct. 2013.

Dednam, A. 2005. Learning impairment. (*In Landsberg, E.*, ed. *Addressing Barriers to learning. A South African Perspective.* 2nd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 363-366).

Dednam, A. 2011. Learning impairment. (*In Landsberg, E.*, ed. *Addressing Barriers to learning. A South African Perspective.* 2nd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 399-417).

De Jong, C.R, Monette, D.R & Sullivan, T.J. 2005. *Applied social research: a tool for the human services.* 6th ed. Australia:Thomson Brooks/Cole.

Delport, C.S.L. & Fouché, C.B. 2011. Introduction to the research process.(*In De Vos, A.S.*, ed. *Research at grass roots. For the social sciences and human service professions.* 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p.61-76).

Delport, C.S.L. & Strydom, H. 2011. Sampling and pilot study in qualitative research (*In De Vos, A.S.*, ed. *Research at grass roots. For the social sciences and human service professions.* 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p113-130).

De Vos, A.S. & Fouché, C.B. 2011. Formal formulations. (*In De Vos*, ed. *Research at grass roots. For the social sciences and human service professions.* 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p89-100).

Dhurup, & Surujlal. 2009. Parental involvement in recreational activities of children with intellectual disabilities: A case study of the Thabo Vuyo School for learners with special educational needs. *African Journal for Physical, Health Education, Recreation and Dance*:33-47.

http://reference.sabinet.co.za.nwulib.nwu.ac.za/webx/access/electronic_journals/ajpherd/ajpherd_supp_2009_a4.pdf Date of access: 15 Aug. 2013.

Dudley-Marling, C. 2003. How school troubles come home: The impact of homework on families of struggling learners. *Current Issues in Education* <http://cie.ed.asu.edu/volume6/number4/> Date of access: 15 Aug. 2013.

Duffy, M. & Sperry, L. 2002. The syndrome L family: A challenge for family counseling and therapy. *The Family Journal: Counseling for couples & families*, 10(4):429-432.

Dyson, L.L. 2008. Children with learning disabilities within the family context: A comparison with siblings in global self-concept, Academic self-perception & Social competence. *Lead Research & Practice*, 18(1):1-9.

Edwards, B., Higgings, D.J., Gray, M., Kingston, M. & Zmijewski, N. 2008. The nature and impact of caring for family members with a disability in Australia. Research report, no 16. *Australian Institute of Family studies*.
<http://www.aifs.gov.au/institute/pubs/resreport16/chapter5.html> Date of access: 23 Jan. 2013.

Edwards, R. & McCarthy, J.R. 2011. Key concepts in Family Studies. London: SAGE Publication Inc.

Farrel, P., Humphrey, N., Kalambouka, A., Lendrum, A., Lennie, C. & Wigelsworth, M. 2010. New Beginnings: evaluation of a short social-emotional intervention for primary-aged children. *Educational Psychology*, 30 (5):32-51.

Feifer, S. 2011. How SLD manifests in reading. (In Alfonso, V.C. & Flanagan, D.P. 2011. *Essentials of Specific Learning Disability Identification*. New Jersey: John Wiley & Sons, Inc. p. 21-41).

Forness, S.R. 2005. The Pursuit of Evidence-Based Practice in Special education for Children with Emotional or Behavioral Disorders. *Behavioral Disorders*, 30(4):311-330.

Forzano, L.B. & Gravetter, F.S. 2009. Research methods for the behavioral sciences. 3rd ed. USA: Wadsworth Cengage Learning.

Gilbert, P. & Miles, J.N.V. 2005. A Handbook of research methods in clinical and health Psychology. Oxford: Oxford University Press.

Given, L.M. 2008. The SAGE Encyclopedia of Qualitative research methods. Sage Publications, Inc.

Goldberg, M.M., Glutting, J.J., McDermott, P.A., Stanley, J.L. & Watkins, M.W. 2006. A nationwide epidemiologic modeling study of LD: risk, protection, and unintended impact. *Journal of Learning Disabilities*, 39(3):230-251.

Gore, N. 2010. *Support for fathers of learning disabled children*.
<http://www.communitycare.co.uk/Articles/05/03/2010/113978/support-for-fathers-of-learning-disabled-children.htm> Date of access: 15 Jun. 2013.

Greeff, M. 2011. Information collection Interviewing. (In De Vos, A.S., ed. Research at grass roots. For the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p341-375).

Greenberg, M., & Murray, C. 2006. Examining the importance of social relationships and social contexts in the lives of children with high-incidence disabilities. *Journal of Special Education*. 39:220-233.

Gresham, F., McCurdy, M., Noel, G., Vander wood, M., Watson, T.S. & Witt, J. 2003. Identification & Intervention with learning Disabilities. an empirical Perspective. *NASP Communique*, 31(8):50-90.

Hamilton, M. & Redmond, G. 2010. Conceptualisation of social and emotional wellbeing for children and young people, and policy implications. *A research report for the Australian Research Alliance for Children and Youth and the Australian Institute of Health and Welfare*.

[http://www.aracy.org.au/cmsdocuments/SEWB%2007_071%20\(2\).pdf](http://www.aracy.org.au/cmsdocuments/SEWB%2007_071%20(2).pdf) Date of access: 2 Jun. 2012.

Hampton, N. & Mason, E. 2003. Learning Disabilities, gender, sources of Efficacy, self-Efficacy beliefs & academic Achievement in High school students. *Journal of School Psychology*. 41(2):101-112.

<http://www.sciencedirect.com.nwulib.nwu.ac.za/science/article/pii/S0022440503000281> Date of access: 3 Oct. 2013.

Harrington, R., Leë, L., Louie, B. & Newschaffer, C.J. 2008. Children with Autism: Quality of life and parental concerns. *Journal of Autism and Developmental Disorders*, 38(6):1147-1160.

<http://link.springer.com.nwulib.nwu.ac.za/article/10.1007/s10803-007-0491-0#page-1>
Date of access: 10 Sept. 2013.

Hayman-Abello, S.E., Petti, V.L., Shore, D.L. & Voelker, S.L. 2003. Perception of Nonverbal Emotion Cues by Children with Nonverbal Learning Disabilities. *Journal of Developmental & Physical Disabilities*, 15(1):23-36.

Hepworth, D.H., Larsen. J., Rooney, G.D., Rooney, R.H. Strom-Gottfried, K. 2010. *Direct Social Work Practice : Theory & Skills*. 8th ed. USA:Brooks.Cole,.

Heward, W.L. 2009. *Exceptional children. An Introduction to special education*. Boston: Houghton Mifflin.

Hines, A.R. & Paulson, S.E. 2006. Parents and teachers' perceptions of adolescents storm and stress relations with parenting and teaching styles. *Adolescence*, 41(164):597-614.

http://reference.sabinet.co.za.nwulib.nwu.ac.za/webx/access/electronic_journals/academ/academ_v43_n2_a6.pdf Date of access: 5 Oct. 2013.

Honig, A.S. & Keller, D. 2004. Maternal and paternal stress in families with school-aged Children with disabilities. *American Journal of orthopsychiatry*, 74(3):337-348.

Joyce, P & Sills, C. 2010. *Skills in Gestalt counselling and psychotherapy*. London: SAGE Publications Ltd.

Kessler, D. & Kübler-Ross, E. 2005. *On Grief and Grieving*. London: Simon & Schuster.

Kline, F. & Lerner, J. 2006. *Learning Disabilities and Related Disorders. Characteristics & Teaching Strategies*. Boston: Houghton Mifflin.

Knopf, H.T. & Swick, K.J. 2007. How parents feel about their child's teacher/school. implications for early childhood professionals. *Early childhood education Journal*, 34(4):291-296. <http://link.springer.com.nwulib.nwu.ac.za/article/10.1007/s10643-006-0119-6#page-2> Date of access: 5 Oct. 2013.

Kotze, M. & Van Wyk, J. 2012. [Persoonlike onderhoud]. 2 September, Pretoria.

Lamb, M.E. & Lewis, C. 2003. Father's influences on children development: The evidence from 2 parent families. *European Journal of Psychology of education*, 18(2):211-228.

Lamb, M.E. 2010. The role of the father in child development . 5th ed. New Jersey: John Wiley & Sons Inc.

Lamb, M.E. & Tamis-LeMonda, C. 2004. The role of the father: An Introduction.(*In Lamb, M.E. The role of the father in Child Development 4th ed. Hoboken, New Jersey: Wiley. p. 2-18*).

Lau, Y.K. 2010. The Impact of fathers' work and family conflicts on children's self-esteem: The Honk Kong Case. *Social Indicators Research*, 95(3):363-376.

Leedy, P.D. & Ormod, J.E. 2005. Practical research: Planning and design 8th ed. Upper saddle River,NJ: Prentice Hall.

Lefebvre, H., Pelchat D. & Perreault M. 2003. Differences and similarities between mothers' and fathers' experiences of parenting a child with a disability . *Journal of Child Health Care*, 7(4):231-247.

Louw, A.E, Louw, E.M. & van Ede, D.M. 2005. Menslike ontwikkeling. Kaapstad: CTP Boekdrukkers.

Maree, K. & Van der Westhuizen, C. 2007. Planning a research proposal. (In Maree, K., ed. *First steps in research*. Pretoria: Van Schaik. p. 69-92).

Margolies, H. & McCabe, P.P. 2004. Self-Efficacy: A Key to Improving the Motivation of Struggling Learners. *The Clearing house*, 77(6):241--249.
<http://www.jstor.org.nwulib.nwu.ac.za/stable/30190019?&Search=yes&searchText=relationship&searchText=parents&searchText=learners&searchText=struggling&list=hide&searchUri=%2Faction%2FdoBasicSearch> Date of access: 5 Oct. 2013.

Merriam, S.B. 2009. *Qualitative Research: A guide to design and implementation*. San Francisco: Jossey- Bass Publications.

Metcalf, L. 2011. *Marriage and Family therapy*. New York: Springer Publishing Company.

Naylor, A. & P, Prescott. 2004. Invisible child? The need for support groups for siblings of disabled children. *British Journal of Special Education*, 31 (4):199-206.
<http://onlinelibrary.wiley.com.nwulib.nwu.ac.za/doi/10.1111/j.0952-3383.2004.00355.x/pdf> Date of access: 2 Oct. 2013.

Nicholl, M. & Stordy, J. 2002. The remarkable nutritional treatment for ADHD, dyslexia and dyspraxia. Great Britain: Pan Macmillian Ltd.

Nieuwenhuis, J. 2007. Analysing Qualitative Data (*In* Maree. K. First steps in research. Pretoria: Van Schaik Publishers. p 90-117.

Paquette, D. 2004. Theorizing the Father-Child-Relationship mechanisms and Developmental Outcomes. *Human Development*, 47:193-219.

Pettipher. R. & Swart, E. 2011. A Framework for understanding inclusion. (*In* Landsberg, E. Addressing Barriers to learning. A South African Perspective. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik. p.3-26).

Phasha, T. & Swart, E. 2011. Family and Community Partnership. (*In* Landsberg, E. Addressing Barriers to learning. A South African Perspective. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 231-240).

Rawal, S. 2010. Learning Disabilities in a nutshell: Dyslexia, dyscalculia, dysgraphia. New Delhi: Jain Publishers.

Rörich, V.J.M. 2008. Support to parents with children with learning disabilities. Pretoria: UNISA. (Proefskrif- M.Ed.)

<http://uir.unisa.ac.za/bitstream/handle/10500/796/dissertation.pdf;jsessionid=8D9C77EC638B1A5B2B3266DB6B71630B?sequence=1> Date of access: 27 Feb. 2013.

Russel, F. 2003. The expectations of parents of disabled children. *British Journal of Special education*, 30(3):144-149.

<http://onlinelibrary.wiley.com.nwulib.nwu.ac.za/doi/10.1111/1467-8527.00300/pdf>

Date of access: 5 Oct. 2013.

Schoeman, D.E. 2007. Ouers se beleving van die invloed van 'n serbraal gestremde kind op die huwelik. Pretoria: UNISA (Proefskrif- M.ed).

Shastri, I.V.K & Vranda, M.N. 2012. Attitudes of parents towards children with specific learning disabilities. *Journal of Learning disabilities*, 23(1):63-67.

Shenton, A.K. 2004. Strategies for ensuring trustworthiness in qualitative research projects. *Education for information*.

http://www.angelfire.com/theforce/shu_cohort_viii/images/Trustworthypaper.pdf

Date of access: 23 Marc. 2013.

Sobsey, D. 2004. Marital stability and marital satisfaction in families of children with disabilities: Chicken or egg? *Developmental Disabilities Bulletin*, (32)1:62-83.

http://www.eric.ed.gov/ERICWebPortal/search/detailmini.jsp?_nfpb=true&_ERICExtSearch_SearchValue_0=EJ848190&ERICExtSearch_SearchType_0=no&accno=EJ848190

Date of access: 9 June. 2012.

Stoneman, T. 2005. Siblings of children with Disabilities. *Journal of Intellectual and Developmental Disabilities*, 43(5):339-350.

<http://www.aaidjournals.org/doi/pdf/10.1352/0047-6765%282005%2943%5B339%3ASOCWDR%5D2.0.CO%3B2>

Date of access: 5 Oct. 2013.

Swift, P. & Towers, C. 2006. Recognizing fathers: A national survey of fathers who have children with learning disabilities. Foundation for people with learning disabilities.

http://www.lul.se/Global/HOH/SUF_kunskapscentrum/Rapporter/FPLD_recognising_fathers_report.pdf Date of access: 17 Nov. 2012.

Van De Weghe, R. 2004. Research Matters: "How's It Coming?" Homework and Struggling Learners. *The English Journal*, 93(4):76-80.

<http://www.jstor.org.nwulib.nwu.ac.za/stable/10.2307/4128985?origin=crossref&>
Date of access: 5 Oct, 2013.

Verklarende Afrikaanse Woordeboek. 2010. Kaapstad: Pharos Uitgewers.

Waber, D.P. 2010. Rethinking learning disabilities. Understanding children WHO struggle in school. New York: The Guilford Press.

Wang, B.Y.L. 2004. Learning about Learning Disabilities. 3rd ed. San Diego: Elsevier Academic Press.

Yan, R., Yu, G., & Zhang, Y. 2005. Loneliness, peer acceptance, and family functioning of Chinese children with learning disabilities: characteristics and relationships. *Psychology in Schools*, 42(3):323-331.

Zilbach, J. 2003. The family life cycle: A framework for understanding family development. (In G. Sholevar. Textbook of family and couples therapy: Clinical applications. Washington, DC: American Psychiatric Publishing. p 303-316).

BYLAES**BYLAAG A: Toestemming van Edu-Plus skool****Edu-Plus**

(BA HOD VDO Sert SBO Trauma Gerdragsmodif Ouerbetrokk. SNAP (outisme) NLP Career planning and Development Gereg. Berader Co 0653)

Leerderondersteuning (TUISLEERDERS)
Laetitia Ludwick

"A journey of a thousand miles must begin with a single step."

Posbus 90046
GARSFONTEIN
0042
Tel: 012 998 8789

Me N van Dyk
Posbus 38236
GARSFONTEIN-OOS
0060

Per E-pos: vandykn@vodamail.co.za

Beste Me Van Dyk

TOESTEMMING VIR NAVORSING

Hiermee gee ek, Laetitia Ludwick (hoof:EduPlus), graag toestemming dat u mag voortgaan om onderhoude en 'n groeps gesprek te voer met die vaders waarvan die besonderhede aan u verskaf is. U mag ook navorsing by die skool doen oor die onderwerp soos genoem in u skrywe.

Alle sukses met u Magister word u toegewens en indien u enige verdere hulp en navrae het, is u welkom om my te kontak.

Groete.

Laetitia Ludwick

BYLAAG B: Toestemmingsbrief vir die individuele onderhoude.

Navorsingsonderwerp: Uitdagings wat vaders beleef in hul verhouding met hul leergestremde kind.

U word genooi om deel te neem aan 'n navorsing wat behartig word deur Natasha van Dyk, 'n sielkundestudent van die Noordwes-Universiteit. U is gekies omdat u die vader is van 'n leergestremde kind wat in die adolessente ontwikkelingsfase is. Dit is van belang dat u verstaan wat die navorsing behels voordat u 'n besluit neem. Die inligting hieronder sal u help om te besluit of u wil deelneem. As u enige vrae het wat nie ten volle in die verduideliking hieronder beantwoord word nie, moet u asseblief nie huiwer om die navorser daaroor te vra nie.

1. Doel van die navorsing

Die doel van die navorsing is vir die navorser om 'n beter begrip te ontwikkel van die uitdagings wat vaders beleef met hul leergestremde kinders en faktore te identifiseer wat die verhouding tussen vaders en hulle leergestremde kinders moeilik maak.

As u toestemming gee om aan die navorsing deel te neem, sal u gevra word om die volgende te doen: deel te neem aan 'n individuele onderhoud. Die individuele onderhoud sal ongeveer 60 minute lank duur, en sal op 'n band opgeneem word. Die individuele onderhoud sal gehou word by LuxMundi Gemeente in Garsfontein.

2. Moontlike risiko's

U mag voel dat u emosionele ondersteuning mag nodig kry n.a.v. ons gesprek en ek sal reël dat 'n professionele persoon kosteloos beskikbaar is indien u die behoefte sou hê om met iemand te gesels

3. Moontlike voordele van deelname

Die resultate van die navorsing sal gedeel word met u, as u sou belangstel. Ek sal die resultate deel met u sodra dit beskikbaar is en die eksamineringsproses afgehandel is. Ek sal u na die afhandeling van eksamineringsproses skakel ten einde 'n afspraak te maak om die bevindinge van die navorsing met u te deel sou u

belangstel. Die voordeel wat u sal kan kry deur u deelname is om die resultate te gebruik ter bevordering van u verhouding met u leergestremde kind.

4. Betaling vir deelname

U as deelnemers sal geen betaling of vergoeding vir die deelname aan die navorsing ontvang nie. Daar is ook geen kostes aan u deelname verbode nie behalwe die brandstof wat u uitry na die individuele onderhoud.

5. Vertroulikheid

Alle sensitiewe en persoonlike private inligting sal beskerm word deur dit toe te sluit en te stoor op 'n rekenaar wat beskerm word deur 'n kodewoord. Slegs ek het toegang tot die rekenaar. Die studieleiers het wel ook toegang tot die data en eksaminatore mag ook versoek om die data te sien. Geen name word egter op die data aangebring nie en u is dus verseker van anonimiteit. Die individuele onderhoude gaan opgeneem word met 'n bandopnemer en die bandopnemer sal veilig bewaar word in 'n toesluit laai waartoe slegs ek toegang het. Die navorser gaan self na die bandopname luister om sodoende temas te identifiseer vir die navorsing

6. Deelname en onttrekking

U kan ter enige tyd, sonder enige gevolge, besluit om u aan die navorsing te onttrek. Alle betrokke inligting sal vernietig word na onttrekking.

Naam van deelnemer

Tel / Sel nommer

Handtekening van deelnemer

Datum

Handtekening van navorsers

BYLAAG C: Individuele onderhoud vrae

VRAAG 1:

Vertel my meer van hoe u, u verhouding met u leergestremde kind beleef.

- plesier,
- hartseer;
- ongemak;
- konflik;
- angstig/stres

VRAAG 2 :

Vertel my van die **impak**, wat u leergestremde kind op u **gesinsverhoudinge** het – (hoe beleef die ander gesinslede u leergestremde kind.)

en hoe hanteer u dit as vader

Opvolg vraag:

Kan u voorbeelde gee ten opsigte waarvan U betrokke is by hom/haar?

- tipe betrokkenheid

VRAAG 3:

Vertel my watter **uitdagings** stel u leergestremde kind aan u as vader **anders** as u nie-leergestremde kind(ers). U kan voorbeelde gee.

- Uitdagings mbt die **gedrag** van die leergestremde kind
- Uitdagings mbt **sosiale verhoudingslewe** van u leergetremde kind

VRAAG 4:

Ondervind u enige ondersteuning t.o.v. die opbou van u verhouding met 'n leergestremde kind (soos byvoorbeeld om u kind byvoorbeeld beter te verstaan) Ja ----- Nee.

Indien JA -- Vertel my deur:

- **wie** word u ondersteun
- en **watter tipe** ondersteuning ondervind u tans

Indien NEE -- Waarom sê u so?

- Hoe sou die ondersteuning wou beleef? Deur **wie** en **watter tipe** ondersteuning

VRAAG 5:

Indien u in die toekoms sou kon kyk, sê oor 10 of meer jaar, -watter **tipe uitdagings** meen u gaan u leergestremde kind **dan** aan u as vader stel? U kan voorbeelde gee.

Gee samevatting van uitdagings wat geïdentifiseer is, die uitdagings wat nou **tans beleef** word en dan ook die uitdagings van **die toekoms**.

VRAAG 6:

Watter **voorstelle** het u met betrekking tot:

Hoe vaders bygestaan kan word om die uitdagings (wat u genoem) die hoof te bied.

- Watter tipe **hulp**

Wie behoort die vaders by te staan om die uitdagings die hoof te bied.

- Eie gesin

- Instansie in breë gemeenskap
- Kerk

BYLAAG D: Toestemmingsbrief vir die groeps gesprek.

Navorsingsonderwerp: Uitdagings wat vaders beleef in hul verhouding met hul leergestremde kind.

Toestemming om 'n navorsingsdeelnemer aan 'n groep gesprek te wees.

Telefonies is die tyd bespreek vir die saamkoms van die groeps gesprek en baie dankie dat u opgedaag het. Ek gaan weereens net verwys na die doel van die navorsing en na etiese kwessies wat van toepassing is op die groeps gesprek.

1. Doel van die navorsing

Die doel van die navorsing is vir my om 'n beter begrip te ontwikkel van die uitdagings wat vaders beleef met hul leergestremde kinders en faktore te identifiseer wat 'n invloed mag hê op die verhouding tussen vaders en hulle leergestremde kind.

Die doel van die groeps gesprek is om inligting te verifieer wat in die individuele onderhoude na vore gekom het, en ook die geleentheid te skep vir my om nog verdere vrae te vra op aspekte wat onduidelik was. Die groeps gesprek sal ongeveer 90 minute lank duur.

2. Moontlike risiko's

Sommige van u privaatheid mag verlore gaan (soos byvoorbeeld dat u 'n ander deelnemer moontlik mag ken) tydens die groeps gesprek, maar u naam sal nooit bekend gemaak word nie en al u inligting sal konfidentiële hanteer word sover moontlik. U mag voel dat u emosionele ondersteuning mag nodig kry n.a.v. ons gesprek en ek sal reël dat 'n professionele persoon kosteloos beskikbaar is indien u die behoefte sou hê om met iemand te gesels.

3. Moontlike voordele van deelname

Die resultate van die navorsing sal gedeel word met u, as u sou belangstel. Ek sal die resultate deel met u sodra dit beskikbaar is en die eksamineringsproses afgehandel is. Ek sal u na die afhandeling van eksamineringsproses skakel ten einde 'n afspraak te maak om die bevindinge van die navorsing met u te deel sou

u belangstel. Die voordeel wat u sal kan kry deur u deelname is om die resultate te gebruik ter bevordering van u verhouding met u leergestremde kind.

4. Betaling vir deelname

U as deelnemers sal geen betaling of vergoeding vir die deelname aan die navorsing ontvang nie. Daar is ook geen kostes aan u deelname verbode nie behalwe die brandstof wat u uitrust na die groepsbesprek.

5. Vertroulikheid

Ek gaan ook vra dat u 'n vorm teken dat u enige iets wat tydens die groepsbesprek besprek word konfidentiële sal hou en nie ander deelnemers sal blootstel deur hulle name aan iemand buite die groep bekend te maak nie. Alle sensitiewe en persoonlike private inligting sal beskerm word deur dit toe te sluit en te stoor op 'n rekenaar wat beskerm word deur 'n kodewoord. Slegs ek het toegang tot die rekenaar. Die studieleiers het wel ook toegang tot die data en eksaminatore mag ook versoek om die data te sien. Geen name word egter op die data aangebring nie en u is dus verseker van anonimiteit. Die groepsbesprek gaan opgeneem word met 'n bandopnemer en die bandopnemer sal veilig bewaar word in 'n toesluit laai waartoe slegs ek toegang het. Die navorser gaan self na die bandopname luister om sodoende temas te identifiseer vir die navorsing

6. Deelname en onttrekking

U kan ter enige tyd, sonder enige gevolge, besluit om u aan die navorsing te onttrek. Alle betrokke inligting sal vernietig word na onttrekking.

Datum:

Handtekening van deelnemer

Datum:

Handtekening van navorser

BYLAAG E: Toestemmingsvorm vir die groeps gesprek**Toestemming vorm****Deelname aan die navorsing is vrywilliglik.**

U is welkom om 'n deelname te onttrek in die navorsing, selfs al het 'n geteken om deelteneem. Kan u onttrek sonder enige nagevolge.

As u gewillig is om deel te neem word u versoek om die onderstaande brief te teken:

Ek _____ gee hiermee vrywillige toestemming om deel te neem in die navorsing. Ek is op geen manier gedwing om deel te neem nie en ek verstaan dat ek enige tyd kan onttrek aan die navorsing as ek ongemaklik sou voel. Ek verstaan ook dat my naam nie geopenbaar sal word nie. Ek verstaan ook dat alle inligting konfidentiële gehou sal word en dat inligting nie verbind kan word tot my naam nie. Ek verstaan dat enige iets wat die ander deelnemers bespreek tydens die groeps gesprek konfidentiële behou sal word en dat ek nie sal uitpraat uit die groep nie. Ek is bewus daarvan dat die groeps gesprek opgeneem gaan word. Ek verstaan ook watter voordeel ek kan trek uit my deelname aan die navorsing en wat ook die moontlike riskios kan wees, en as ek enige verdere gesprekke wil voer met iemand sal iemand beskikbaar wees.

Datum:

Handtekening van die deelnemer

Datum:

Handtekening van navorser

BYLAAG F: Groepsgesprek vrae

Groepbesprekings vrae:

- **Vader se interaksie met hul LGK**

Uit die onderhoude het dit na vore gekom dat u wonder of u kind tersiêre of enige opleiding na skool sou kon kry. Dit het die volgende emosies na vore gebring naamlik: bekommernis, teleurgesteldheid en onsekerheid. Stem u saam?

1. Vertel my meer van die gevoel wat u beleef het, toe u besef het dat u kind se leergestremdheid 'n struikelblok mag wees in u toekomsverwagtinge vir die kind?

Tydens die onderhoude het u genoem dat u dikwels in konfliksituasie met jul kind is. Stem u saam?

2. Vertel my meer van die aard van dié konflik wat u beleef in u interaksie met jul kind wat leergestremd is.

U het tydens die onderhoud op 'n paar positiewe momente verwys in u interaksie met u kind

3. Vertel my meer van die positiewe dinge wat u (as vader) beleef in jul interaksie met jul kind. U kan voorbeelde gee

- **Toeganklikheid tot die LGK**

Almal het in die onderhoud aan my genoem dat u werksomstandighede bydra dat u min tyd het om betrokke te wees by u kind. Dit is te verstane dat u werksverpligtinge baie druk op u plaas. En dat dit soms baie moeilik is om voldoende by u huisverpligtinge ook uit te kom a.g.v. u werk. Stem u saam dat u dit so beleef?

4. Vertel my op watter wyses probeer u om maksimaal tyd te gebruik om by u kind deur te bring soos u dit graag sou wou hê.

Tydens die onderhoud het u genoem dat die akademiese werk van die LGK kind wat huis toe kom 'n negatiewe uitwerking het op u verhouding met u LGK en ook die gesinsverhoudinge beïnvloed. Stem u saam?

5. Vertel my hiervan en gee moontlike oplossings waaraan u dalk al kon dink. Gee vir my voorbeelde asb.

- **Verantwoordelikheid teenoor die LGK**

Tydens die onderhoude het dit na vore gekom dat u elkeen die toekoms van u kind as 'n uitdaging sien. Soos byvoorbeeld wat gaan jul kind doen en of jul kind selfstandig sal kan funksioneer. Stem u saam?

6. Vertel my 'n bietjie meer van die tipe uitdagings wat u voorsien.

- **Gebrek aan ondersteuning met betrekking tot die LGk**

Tydens die onderhoude het dit na vore gekom dat gebrekkige ondersteuning as tema uitgestaan het vanuit die data in terme van die skool; kerk en professionele persone (misleidende informasie - weerspieël mekaar)

Sou u saamstem daarmee? Indien Ja,

7. Wat dink u is die redes daarvoor en hoe dink u dit aangespreek kan word.

- **Invloed van die leergestremde kind op gesinsverhoudinge**

Vanuit die data blyk dit asof u gesinsverhoudinge beïnvloed word deur u leergestremde kind. Stem u saam?

8.. Kan u uitbrei hierop en ook moontlike positiewe invloede noem wat u kind op u gesinsverhoudinge het.

BYLAAG G: Getranskribeerde onderhoud

Onderhoud 1

Die navorser het voor die aanvang van die vrae wat gevra is aan die deelnemer die volgende verduidelik: Die doel van die navorsing wat behels dat die navorser 'n beter begrip wil ontwikkel van die uitdagings wat vaders met hul leergestremde kinders beleef en om te help om faktore te identifiseer wat die verhouding tussen vaders en hulle leergestremde kinders moeilik maak. Die navorser het vertroulikheid verduidelik ten opsigte daarvan dat die navorser fiktiewe name gaan gebruik, en dat niemand behalwe die navorser en die studieleier toegang tot die private inligting sal hê. Verder, het die navorser ook verduidelik dat die deelnemer enige tyd sy deelname aan die navorsing mag onttrek sonder enige gevolge.

Laastens, het die navorser saam met die deelnemer in gesprek getree om te verduidelik dat daar geen reg of verkeerde antwoord is vir die vrae nie.

Die navorser het die deelnemer gevra om die agtergrond van sy leergestremde kind te verduidelik soos byvoorbeeld; wanneer het hulle agter gekom dat iets anders is.

Die afkorting Nav gaan gebruik word vir die navorser

Die afkorting Vad gaan gebruik word vir die vader.

Nav: Hoe sou U, U belewenis van vaderlike betrokkenheid by U leergestremde kind beskryf?

Vad: Vaderlike betrokkenheid Uhm uhm..... 'n voorbeeld?

Nav: Hoe sien u, u plig as 'n vader, hoe sien u, u betrokkenheid by u leergestremde kind?

Vad: Die uitdaging is, is groter as wat 'n ou dink, want vir hierdie spesifieke kinders moet jy alles voor leer, dit is nie 'n kind wat als weet nie. Jy moet als leer vir hom. Die verskil is soos as jy vir (naam van jonger seun) vra wat is dit dan sal (naam van leergestremde kind) nie weet wat dit is nie. Waar vir (naam van leergestremde kind) moet als voor geleer word, en dit is iets wat ons sukkel om te besef. Jy kan nie

aanneem dat jou kind het dit êrens opgetel en dat hy dit alreeds weet nie. Dit is in sy geval nie so nie, jy moet vir hom alles leer. Kom ons vat 'n voorbeeld soos 'n toebroodjie, jy moet die broodjie vat en al twee kante botter smeer, jy moet dit vir hom leer. Hy is nie iemand wat jou sien 'n ding doen en dit leer nie. So jy moet alles vir hom leer, lewensvaardighede dit vir hom leer. Dit is waar die frustrasies inkom, gewoonlik leer kinders van self, en dan verwag 'n mens dit van (naam van leergestremde kind) ook.

Nav: Sien u, u betrokkenheid by (naam van leergestremde kind) anders as by u ander twee kinders?

Del: Uhm...Ja dit is anders. Met (naam van leergestremde kind) is dit moeilik om betrokke te wees. Hy toon ook geen belangstelling in sportaktiwiteite of selfs geen ander aktiwiteite nie. Dit is moeilik en frustrerend, want elke pa wil hê dat sy seun moet rugby speel. Ek het net sy skoolwerk om by betrokke te wees, wat dit uitdagend maak. Die skoolwerk is vir hom onaangenaam en vir my ook. Met my ander kinders is ek betrokke by ander aktiwiteite ook, wat my verhouding met hulle makliker maak as by (naam van leergestremde kind). Aktiwiteite soos byvoorbeeld fietsry, daar probeer 'n ou so veel as moontlik betrokke wees, want daar kan jy nie sien hy het 'n leergestremdheid nie, dit is nie so seer sigbaar nie. Enige sport waar tellings en berekenings inkom, kan hy nie doen nie, hy is verlore dan.

Nav: Hoe as pa, beleef u daardie betrokkenheid as u emosies insluit?

Vad: Dit is baie keer hartseer in die opsigte van uhm..... dit is miskien nie direk op jou vraag af nie, as dit kom by emosies in sy geval, is dit baie keer moeilik in die opsigte van.....uhm.... in die geval van die sport sien jy die ander kinders sport doen ens, en (naam van leergestremde kind) kan dit nie doen nie. uhm... Dit is emosioneel vir my as ek moet sien dat hy deur soveel ander faktore is, wat anders is as sy sussie en boetie. Omdat hy in 'n spesiale skool moet wees, moet hy baie vroeër opstaan as sy sibbes. Ek laai hom af as dit nog donker is. Die "sad" ding is dat 'n kind deur so baie dinge al moes gaan, is amper soos jy skop 'n hond wat alreeds lê. As 'n mens bietjie stil sit en dink daarvoor is dit hartseer. Ek het al in die hele proses

vanaf die diagnose gereeld hartseer gevoel, veral omdat ek sukkel om vrede te maak dat my kind anders is. Dit is vir my hartseer dat ek so baie moet sukkel met die kind.

Nav: Hoor ek u reg, dat u beleef vaderlike betrokkenheid as definitief bietjie anders as by u ander twee kinders. U moet byvoorbeeld meer insit veral met aspekte wat algemene goed is wat (naam van leergestremde kind) alreeds moet weet. So is ek reg as ek sê u beleef frustrasie.

Vad: Ja... nee... definitief. Ja... nee, net nou toe ek hier sit en gedink het dat ek frustrasie beleef. Uhm... en jy sal nie glo watse frustrasie want jy word gereeld gekonfronteer met situasies waar (naam van leergestremde kind) nie dinge weet wat hy veronderstel is om te weet. 'n Baie groot faktor is frustrasie, dat jy aanneem die kind weet dit en dat jy ook soveel keer al iets vir hom gesê en verduidelik het. Dit is asof jy dit vir hom sê en dan vergeet hy dit en dan sal hy jou weer vra wat is dit. Dan kom daar 'n hewige frustrasie uit.

Nav: Vertel my meer van die uitdagings wat u beleef met u verhouding met (naam van leergestremde kind).

Deel: Uhm.... Die uitdagings in ons verhouding, dit is 'n moeilike een, (naam van leergestremde kind) is soos ek, ons sal skool toe ry dan is dit so stil, ons moet ons self half forseer om iets te sê. Hy sê nog minder as ek, so uhm..... een uitdaging is om te besef dat ons ry skool toe in daai tyd besef 'n mens dit is 'n ideale tyd om meer tyd saam met jou gesin te spandeer. Ek en (naam van leergestremde kind) sukkel om te gesels, om die gesels aan die gang te kry moet dit van jouself afkom. Albei is stil mense en introverte, ek moet myself forseer om die beste te maak van die tyd of om die tyd te benut. Maar, met (naam van leergestremde kind) is dit moeilik dit is vroeg in die oggend, hy het sy eerste dosis medikasie in, met die epilepsie wat hom lomerig maak. Uitdagings is om met hom 'n verhouding aan te knoop. In (naam van leergestremde kind) se spesifieke geval, se uitdagings is om met hom te bind en dit is vir my 'n uitdaging en ook 'n frustrasie want ek kry dit nie reg om 'n goeie verhouding met hom op te bou nie.

Nav: Ek hoor wat u sê dat dit moeilik is en 'n uitdaging is om met hom te bind. Kan jy my meer vertel ten opsigte van wat maak dit moeilik om met hom te kan bind, ek weet u het nou gesê dat dit vroeg is en dat (naam van leergestremde kind) sy eerste dosis medikasie in het in die oggende, kan u my meer vertel van julle verhouding oor die naweke waar die omstandighede anders is. Kan jy my meer vertel wat dink u maak dit moeilik? Wat is die uitdagings.

Del: Dit is in die eerste plek 'n seun, dit is anders as met my dogtertjie, want ek kan cuddle met my dogtertjie en speel. Kinders is die beste op die ouderdom van 5-8 jarige ouderdom. En my (naam van leergestremde kind) was die eersteling, ek het dus baie met hom gespeel. Nou is dit moeilik, want hy het nie 'n belangstelling in sport nie. Ek soek 'n "close-up" verhouding met hom. Nou moet ek 'n ander tipe verhouding met hom vind. Ek weet nie watter tipe verhouding moet ek met hom hê nie. Ek het 'n probleem om met hom te bind op 'n tienervlak. Dit is vir my 'n frustrasie want ek kry dit nie reg om 'n goeie verhouding met hom te hê nie. Ek sal dit moet leer, en dan wanneer ek dit baas geraak het, dan is hy alweer 'n volwassene dan is dit weer die volgende. Ek dink op die stadium is ek die probleem en nie hy nie. Ek sukkel om met hom 'n verhouding te hê.

Nav: Vertel my meer van die leergestremdheid, bring dit 'n ander uitdaging na die verhouding?

Vad: Uhm.... Ja, ek sal soms die geleentheid gebruik wanneer ons iewers heen bestuur die kinders te leer oor padtekens. Dit is 'n uiterste frustrasie met hom. Ek het al duisende kere van te vore verduidelik wat sekere padtekens beteken, my ander kinders weet dit maar ek moet elke keer weer verduidelik vir hom. Hy kan dit net nie onthou nie. Daar is 'n paar frustrasies. Ek kan nie nou my vinger daarop sit nie, maar ek weet dit is nie maklik met hom nie. Dit is waar die leergestremdheid inkom. Jy voel soms jy wil fisies vir hom sê "Is jy stupid" en met die tyd leer jy om dit nie te sê nie, want jy kry respek vir sy gebrek, maar tog soms wil jy dit graag sê

Nav: So verstaan ek u reg, dat dit vir u 'n frustrasie is wanneer u iets het om oor te gesels met hom, moet u, uself gereeld herhaal en iets weer verduidelik vir hom. Dan raak u geïrriteerd en sny u, u self eerder van die gesprek af...

Vad: Ja, dit is so. Ek ervaar dat dit vir myself beter is om eerder van myself af te sny omdat ek sal mal raak met die frustrasie.

Nav: Vertel my meer van hoe u, 'n verhouding tussen pa en kind verstaan.

Vad: Met seuns wat tieners is, wat doen 'n mens met hulle want hulle wil nie soen en druk nie. Tieners is ook nie meer so in die huis nie, hulle is eerder by vriende en doen hul eie ding. Hulle wil nie hê die ouers moet by hul wees nie. Ek dink die ideale verhouding is waar 'n mens nogsteeds baie close is en ek dink dit is ideaal om gereeld saam dinge te doen. Ja 'n mens het nie tyd nie, maar jy sal moet tyd maak om saam dinge te doen. En 'n baie groter frustrasie is as 'n mens jou eie besigheid begin het met 'n gesin is dit 'n groter nagmerrie. Waar ek nou is met die besigheid, wens ek dat ek 'n halfdag pos gehad het en ek meer tyd met my kinders gehad het. Dit is my grootste frustrasie buiten nou vir (naam van leergestremde kind), is om te sien hoe min tyd 'n mens het in 'n dag om met jou kinders te spandeer . My frustrasie is dat ek te min betrokke is by die kinders.

Nav: Ek het nou 'n interessante ding gehoor by u, u het gesê dat u sal graag 'n halfdag pos wil hê, sodat u meer tyd saam met u kinders kan hê. Wat 'n baie mooi wens is en in die ideale lewe is. Hoe sou u 'n ideale verhouding met (naam van leergestremde kind) sien. Watter aspekte sal dit hê.

Del: Uhm.. Ideale verhouding is om..... Kom ons vat 'n normale dag in die oggend, omdat (naam van leergestremde kind) ook meer met sy hande moet werk. Moet ek hom meer blootstel aan praktiese vaardighede omdat ek weet hy nie sal studeer nie. Met die gevolg as hy van die skool afkom, sal ek graag saam met hom in die middag vir hom die blootstelling gee om met hout te werk of om te sweis. Maar 'n ideale verhouding sal wees, om saam met hom te sit en geduld en tyd te hê om saam met

hom daai dinge te beleef. Uhm.. Of 'n sport saam doen, soos fiets ry, wil hom in 'n sport in lei waarin hy goed in kan wees.

Nav: U wil graag 'n positiewe belewenis skep iets waar daar nie frustrasie gaan wees nie. Soos byvoorbeeld om iets met die hande te doen. En nie iets te doen waar julle die heelyd frustrasie beleef soos met huiswerk en leerwerk nie.

Vad: Ja nee die frustrasie met leergoed dit is daar verseker. Dit kom op 'n punt waar jy half voel waar (naam van leergestremde kind) nie wil probeer nie, en dan is dit nie dat (naam van leergestremde kind) nie wil probeer nie. Hy verstaan nie wat jy vir hom sê of verduidelik nie.

Nav: Hoe word u tans ondersteun met u verhouding met (naam van leergestremde kind)

Del: Ag Ondersteun nee wat ek en my vrou ag Jy moet jousef ondersteun. Ek sal nie sê dat ek en my vrou mekaar ondersteun nie, maar daar kom tye waar sy raadop is met iets en dan sal ek weer probeer, maar ook minder suksesvol sal wees. Nee..... Daar is nie ondersteuning nie, jy is maar op jou eie. Ek dink introverte soos ons, het maar groot geword waar jy als op jou eie doen. Jy doen als self en gaan deur als self. Jy ondersteun jousef.

Nav: As ek spesifiek kan wees, bied die skool enige ondersteuning?

Del: uhm Dit het soms gevoel dat die skole ons as ouers gefaal het, dalk met min inligting. By die skool waar hy nou is, sê hulle dat hulle baie ondersteuning gee vir die kinders maar ons beleef dit nie. Ek dink die grootste uitdaging is dat die ouers nie weet hoe om jou te ondersteun nie. Hulle weet nie altyd hoe om met daai leergestremdheid te werk nie. Die skool het te veel kinders in 'n klas met diverse gestremdhede. Die skole kommunikeer nie behoorlik met die ouers nie. Dit voel vir my soos 'n nuttelose proses dat my kind nog in 'n skool is. Ek sien elke dag dat my

kind nie die intellektuele kapasiteit vermoë het om suksesvol te wees in die skool nie. Daar is geen leiding van enige iemand af in hierdie opsig nie.

Nav: Bied die kerk ondersteuning, watter tipe ondersteuning sou fantasties gewees het?

Vad: Nee, ek beleef geen ondersteuning van die kerk nie. Ek weet ook nie of die kerk ondersteuning kan bied nie. Ek voel eerder dat ondersteuning van onderwysers en van dokters moet kom. Hulle sit met die kennis rondom die probleem. Maar ongelukkig is hulle ondersteuning nie van waarde nie. Die skoolsisteem vaal die ouers en die kinders self. Baie keer droom ek dat ek wens alles kan verander en dat hy sal ok wees. Maar dit gaan nie gebeur nie. Maar ek sit baie keer met die droom in my kop. As dinge nie gaan verander nie, dat ons dit gaan moet aanvaar want dit is iets waarmee ons gaan moet mee saamleef.

Nav: Watter tipe uitdagings gaan jou leergestremde kind bied vir jou in die toekoms?

Del: Ja, jy vra die vraag vir jou self baie af, veral wat gaan met hom gebeur as jy nie meer daar is nie. Dit is waar jou ondersteuning dan moet inkom. Die familie jou sal ondersteun deurdat hulle hom sal invat en vir hom sal sorg, as ons nie meer hier is nie. Uhm,..... uitdagings wat voorlê, ek weet nie..... soos wat ek sê ons hoop op 'n dag dat dinge sal verander. Of hy ontwerp iets en hy word ryk, ek dink aan die positiewe uitdagings, wat interessant is gewoonlik die kinders waaroor jy bekommerd is, is gewoonlik die kinders wat uitstyg en die probleme kom dan in by die kinders waaroor jy nie so bekommerd oor was nie. Ek vermoed 'n mens gaan uitdagings hê soos hoe gaan hy sy lisensie gaan doen eendag, maar moenie worry nie, want deesdae kan jy dit koop.... hahahaha..... soos sulke goed en jy dink aan die alternatiewe van wat as hy nie daai toets sal kan skryf nie. Ek probeer dink aan wat gaan ek dan doen.

Nav: Vertel my meer van die ander uitdagings?

Vad: Hy moet eendag gaan werk en in 'n werk moet kan instap. Daar gaan uitdagings wees ek sal sy hand moet vat en eers vir hom moet verduidelik dis hoe dit werk en ook 'n ogie oor hom moet gooi. Dit voel vir my ek gaan regtig sy hand moet vashou.

Nav: Vertel my meer van daai gevoel wat u nou het, soos om sy hand vas te hou?

Del: Tien teen een gaan dit nie so wees nie, maar weet jy wat interessant is dat jy nou al vir hom probeer beplan soos hoe gaan hy wat doen. Waar gaan hy sy eerste werk doen, jy beplan nou al moet hy nie al by Sondela 'n natuurbewarings program gaan loop nie. Wat moeilik is ons weet ook nie wat sy belangstellings is nie. Gelukkig is ek in die posisie met my besigheid het ons baie hande arbeid werkers nodig waar hy sy hand vaardighede kan aanleer. Ek sal hom kan intrek in die besigheid in en dit is om die draai so twee tot drie jaar van nou af. Dit is die grootste alternatief op die stadium dat ek hom kan intrek. Die probleem is ek kan hom nie nou betrek nie, want hy is te jonk en daar is wetlike aspekte. Hy moet ook nog kind wees, so uhm.... ek wil hom nie te vroeg in die grootmens wêreld intrek nie. Wat lê vir hom voor is om met sy hande te werk, dit is wat vir my hartseer is dat hy nie universiteit toe sal kan gaan nie en dan daai deel van sy lewe mis, waar ander kinders dit gegun word. Ons werk aan back up planne soos my besigheid of dit en dat.... jy beplan vooruit vir 'n kind soos daai.

Nav: Bring dit sekere emosies op dat u aan ander opsies moet beplan ten opsigte van sy toekoms?

Del: uhm.... uhmm ja... ek dink in 'n mate want jy voel soos ek gesê het (naam van leergestremde kind) gaan nooit die geleentheid kry om universiteit toe te gaan nie, hy gaan nooit daai blootstelling kry nie. Dit is vir my hartseer, dat dit so is. En finansiëel probeer ons spaargeld weg sit vir as dinge rêrig skeef loop dat daar êrens geld is. Ons probeer finansiëel goed doen vir back up dat daar vir hom 'n hupstoot is, sodat jou kind nie op die straat op eindig nie. Die lewe is so 'n gejaag, die oomblik as jy daaraan dink dan is dit hartseer, dit is nie lekker nie.

Nav: Goed, watter voorstelle het u met die betrekking tot die uitdagings wat u beleef.

Vad: Ek dink uhm.... as 'n mens by die punt uitgekom het waar jy die leergestremdheid aanvaar, dan moet jy jou eie navorsing doen oor wat behels die leergestremdheid. As jy meer weet oor wat jou kind se leergestremdheid is dan kan dit baie goeie riglyn gee oor wat om te doen ten opsigte van die pad vêrder. Ek dink 'n voorstel sal wees om rêrig jou eie navorsing te doen as jy moet. Jy kry baie branders teen jou in die pad om inligting te kry vir jou kind.

Nav: Die branders wat bedoel u daarmee:

Vad: Die branders is soos uhm dokters wat nie vir jou kan sê wat is fout nie, daar is te min informasie. As die dokters skaars weet dan vloei die ketting af na die skole en die onderwysers. Daar is te min leidende informasie oor wat is die pad vorentoe. Die skole sê net hier is fout.

Nav: 'n Voorstel ten opsigte van die uitdaging om te bind met jou leergestremde kind.... watter voorstel dink u is daar.....

Vad: Ag, uhm..... ek dink die voorstel is om te sê ok, kom ons bly weg van leer goed af en doen eerder iets soos fietsry. Wat ook al 'n ou kan doen. Ek dink 'n mens moet minder fokus op wat die probleem is en net soort van weg beweeg daarvan. Jy weet nou mos wat die probleem is daar is 'n leergestremdheid en beweeg weg daarvan af. Doen dinge waarvan almal sal hou, wat jou verhouding sal kan sterk maak en waar jy kan bind met jou kind. Ek sal moet gaan sit en dink watter tipe aktiwiteite is daar wat jy kan doen. Ek hoor dat ek myself nou antwoord hier op my vrae, so ek sien jy werk met 'n plan haha..... Hy hou ook daarvan om games te speel, miskien gebruik 'n ou die verkeerde medias om deur te dring na hom toe. Om saam met hom games te speel is 'n opsie. Ja, dalk is die oplossing ook, om dalk meer met iemand te praat soos jy wat kan help om uit te kom op antwoorde en soms antwoord jy jouself. Dalk is dit beter om iemand wat objektief is te betrek om mee te

gesels eerder as om met jou gesin wat ook diep betrokke is met die frustrasies en net te sit en te gesels om idees te kry.